



TYDSKRIF
VIR
LETTERKUNDE



JAARGANG 2 NOMMER 4



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

Tydskrif
vir Letterkunde

KWARTAALBLAD VAN
DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

Redakteur:

C. M. VAN DEN HEEVER

Letterkundige Adviseurs:

D. F. Malherbe, H. A. Fagan, P. C. Schoonees,
F. J. Eybers en W. A. de Klerk.

JOHANNESBURG

1952

DESEMBER 1952

JAARGANG 2 : NOMMER 4

INTEKENGELD: 15/- (posvry)

Los nommers in die handel: 5/- per eksemplaar

Uitgee deur

Die Afrikaanse Skrywerskring

Administrasie:

Professor Abel Coetzee, Posbus 1176, Johannesburg

Inhoud

	<i>Bladsy</i>
VERKLEINERING VAN ONS PROSA, W. A. de Klerk	5
GEDIG, S. J. Pretorius	14
DIE GRAFGRAWER, P. D. Swart	15
GEDIGTE, A. J. J. Visser	23
WORD OUTEURSREGTE MISBRUIK? H. L. Swanepoel	24
GEDIG, C. Botha	36
DIE LANG PAD, M. J. Harris	38
GEDIG, Eliz. C. M. du Toit	44
EMILE ZOLA NA VYFTIG JAAR, Marius Valkhoff	46
DIE VERHAAL VAN 'N MOEDER, Hans Andersen (Uit die Deens vertaal deur Hymne Weiss)	53
GEDIG, H. W. Venter	58
DIE WELVOEGLIKHEIDSGRENS IN DIE LETTERKUNDE, Anna de Villiers	59
DIE TWEE KINDERS, Sannie Uys	67
MEISIES VAN VERLORE JARE, Bartho Smit	77
BOEKBESPREKING	87
BESKOUINGS VAN ONS LESERS	94
UIT DIE TYDSKRIFTE	98
NUWE AFRIKAANSE BOEKE, P. J. Nienaber	101

Afdrukke: Die Sierlike Omslag

Applous

Skemering

Moeder Poulin

Kringloop van die Winde



Verkleinering van ons Prosa

W. A. DE KLERK

Dis met huiwering dat jy, wat self die sonde pleeg, die pen opneem om te skryf oor die saak van die Afrikaanse prosa. Aan die anderkant egter het die ding in die jongste verledede blykbaar so 'n „free-for-all” geword, dat dit jou dalk tog nie verkwalik sal word, om ook jou noo(d)t in die psalm te hê nie.

Per slot van rekening: as die veldtog van die afgelope maande nie in die eerste instansie teen die skrywer self gerig is nie, teen wie is dit dan gerig? En verder: *as* die toestand reddeloos is, *as* daar net hoop op die ongeborenes gevestig kan word, wat is dan die doel van die hele uitgerekte en klaaglike jeremiade? As die talent inderdaad makeer, dan kan dit tog sekerlik geen nut inhou om die klaagtone so te laat voortdreun nie. Dan is die rol van die klaers maar ongeveer dieselfde as dié van die huilbalke en tropsluiters van 'n vergange eeu.

Dit is natuurlik moontlik dat juis die gekonsentreerde en volgehoue aard van die klagskrywery, juis die teenoorgestelde werking het as wat oppervlakkig gemeen word. Dit kan wel 'n geval wees van „The lady doth protest too much, methinks” . . . en dat die afwesigheid van hoop en talent 'n veel saakliker optrede sou geregverdig het. Die pessimiste sou m.i. meer logies en doeltreffend te werk kon gegaan het, het hulle maar net saaklik laat weet: daar is niks wat ernstige aandag verdien nie; daar is geen talent vir ons sigbaar nie; dit is nutteloos om daaroor te kla en te skryf; ons kan maar net geduldig sit en wag op die koms van 'n nuwe geslag.

'n Juister perspektief kan m.i. tog gevind word.

Die toekomst sal die afgelope twintig jaar — veral miskien die afgelope tien — o.a. ken as ons jare van verhewigde omvorming. Dit was eers in hierdie tydperk dat die Afrikaner werklik gevang is deur en opgeneem is in die Suid-Afrikaanse nywerheidsomwenteling. Juis omdat dit ons in

'n betreklik late stadium van ons geskiedenis getref het, was dit soveel sneller en meer gewelddadig: daar was by ons minder tyd vir ondersoek, minder tyd vir aanpassing. Toe ons ons kom kry het, was ons reeds vierstewels daarin.

Die patroon is oorbekend: eers die inslag op 'n landelike, pastorale bevolking; toe die losmaak van die grond en die trek na die stede; toe geleidelik die vorming van eie stedelike gemeenskappe en 'n stygende deelname aan die nywerheids- en sakelewe van die land.

Dit was natuurlik die oorlog wat die Afrikaner finaal as nyweraar en sakeman gevestig het. Weliswaar het dié toetrede oorspronklik kragtens idealistiese motiewe geskied. In een stadium was die meeste van ons meer as bereid om 'n Afrikaanse sake-onderneming slegs uit hoofde van ons volksgevoel te ondersteun. Onvermydelik egter moes die ontwikkeling vroeër of later die gewone bane van die sake- en nywerheidslewe begin volg. Steeds meer Afrikaanse sakemanne en nyweraars was dit nie meer soseer omrede 'n vermeende volksdiens nie, maar hoofsaaklik op grond van „gesonde sakebeginsels.”

Die vroeëre uitgee van Afrikaanse boeke — sê maar tot by die oorlog of selfs tot 'n jaar of twee, drie na dit begin het — het in die teken gestaan van die ou idealisme. Die Afrikaner, hoewel hy reeds 'n hele paar jaar in die stad gewoon het, was nog grootliks 'n plattelander. Sakekennis — ook dié wat die uitgee van boeke betref — kon hy slegs opdoen en in oefening bring toe hy hierdie nuwe stedelike omgewing, met ál sy betekenis en nuanses, volkome aanvaar het. Die oorlog het die proses natuurlik aanmerklik versnel. Binne enkele jare is die Afrikaner in groot mate finaal omgevorm tot stedeling — ook baie van dié wat oorspronklik van die platteland gekom het.

Oorlog is mos altyd die groot gelykmaker.

Dit sou voorwaar vreemd gewees het indien die toetrede van die Afrikaner tot die sake- en nywerheidslewe op noembare skaal (die gevolg van *werklike* verstedeliking) nie ook die skryf en uitgee van Afrikaanse boeke diep geraak het, inderdaad wesentlik omgevorm het nie.

Ons weet nou dat dit wel gebeur het. Waar idealisme vroeër die hoofmotief by die uitgewer was, het sakebeginsels by sommige 'n gelyke aandeel begin neem, by andere heeltemal begin oorheers. Dis 'n bestaande feit waaraan ons goed- of afkeuring niks kan verander nie.

In die ou dae was die uitgewery altyd 'n ondergeskikte deel van die boekhandel. Die bestuurder van die boekhandel het gewoonlik maar die manuskripte ontvang, na 'n leser

gestuur en dan besluit wat daarmee moet gebeur. So-iets soos 'n spesiale uitgewery, ingestel op die breë massa van die volk, volledig toegerus met 'n bestuurder, nasieners, publisiteitsbeamptes, tekenaars ens., het eenvoudig nie bestaan nie. Dié het later eers gekom — hier omstreeks die jaar 1943-44.

Afgesien van die algemene „ekonomiese bewuswording” van die Afrikaner, is daar iets anders wat die verandering kan verklaar. Dit is 'n feit dat ons gedurende die veertigerjare die eerste Afrikaanslesende stedelike massabevolking begin kry het — dié wat tot groot hoogte in die stad en deur medium Afrikaans hulle skoolopleiding gehad het. Natuurlik het hulle verkies om Afrikaans te praat, te skryf — en te lees. En die geslag voor hulle? Die eenvoudige waarheid is dat waar hulle miskien nog Afrikaans gepraat het, het hulle Engels gelees. Al die jare was daar 'n haas onuitputlike bron Engelse en Amerikaanse snertlektuur tot hulle beskikking — iets wat eers met die oorlog nie meer die land so oorvloëdiglik en maklik binnegekome het nie.

Die nuwe geslag — wat in elk geval hulle snert in Afrikaans sou verkies — met nog 'n groot deel van die ouer, Engels opgevoede publiek, wat nie meer hulle vermaak van oorsee kon kry nie, het meteens 'n plaaslike aanvraag na meer en meer boeke geskep — veral Afrikaanse boeke wat dan by hulle massasmaak sou aanpas.

'n Aanvraag skeep gewoonlik 'n aanbod — dis elementêre ekonomie. En die Afrikaanse sakemanne was al teen hierdie tyd wakker genoeg ('n sinikus sou miskien kon sê: „gespeen genoeg van hulle idealisme”) om die kans te sien en dit te gebruik. Kan ons hulle werklik kwalik neem? Dit is tog die patroon van ons hele Westerse samelewing. Persoonlik verkies 'n mens miskien 'n ander patroon — maar dis 'n feit wat 'n mens ten enemale dwing om dit onder die oë te sien.

Waar daar vroeër miskien enkele dosyne Afrikaanse romans verskyn het, het dit nou binne 'n betreklike kort tyd eenvoudig vertiendubbel...vertwintigdubbel — gewoonweg omdat die aanvraag bestaan het. Interessante statistieke in dié verband is enige maande gelede deur A. M. van Schoor in 'n artikel in *Die Brandwag* verstrek.

Die eenvoudige waarheid is dat ook die Afrikaanse boek in die veertigerjare van hierdie eeu „geïndustrialiseer” is.

Wat was die uitwerking hiervan op die goeie Afrikaanse boek? Het hulle minder geword? Het hulle verdwyn?

Hulle het minder geword — natuurlik; maar daar bestaan geen bewys dat dit waar is in die absolute sin nie. Met die

vinnige opkoms van die geïndustrialiseerde massaboek moes die aantal goeie boeke noodwendig relatief gesproke afneem.

Wat ook waar is, is dat verdienstelike prosawerk gevolglik nie so maklik opgemerk is nie. Die snert het hulle toegemaak — en 'n mens moes inderdaad soms moeite doen om hulle te soek.

Ons was nie gewoon aan die toestand nie en het geskok die toenemende massa snert staan en gadeslaan, ons in groot mate daarop blind gestaar en boeke wat andersins ons aandag sou ontvang het, eenvoudig nou misgekyk. Die neiging het bestaan (bestaan nog) om die verskynsel van massalektuur as 'n eiesoortige soort volksskande te beskou.

Daar is geen rede waarom ons die saak so tragies moet sien nie. Dit sal baie swaar gaan om te bewys dat die persentasie snert wat vandag in Afrikaans uitgegee word, dié oortref van ander lande waar daar ook 'n hoogs gekompliseerde, industriële samelewing soos hier by ons ontstaan het.

Skrywer hiervan herinner hom nog goed hoe hy in lande soos Noorweë, Swede, Duitsland — ja ook Nederland — hom dikwels staan en vergaap het aan die talle onbenullige romannetjies wat jaarliks uit die Engels vertaal is en oral in boekwinkels en spoorwegstalletjies te koop aangebied word. In Engeland self, 'n land waarvan die prosa beslis op 'n hoë peil staan, kan die massasmaak beoordeel word volgens die feit dat die *Daily Mirror* en *The News of the World* en dergelike publikasies hulle sirkulasie met etlike miljoene tel.

Dit is natuurlik wel waar dat daar in Engels, Nederlands, Duits, Frans, Sweeds in die absolute sin baie meer goeie boeke as in Afrikaans verskyn. Maar hoe sou dit nou ook anders? Tereg het die redakteur van 'n Afrikaanse tydskrif onlangs daarop gewys dat ons getalle (Afrikaanssprekendes) nouliks by dié van 'n redelik groot Europese stad haal. As ons vergelykend moet praat, dan moet ons, om billik te wees, Afrikaanssprekende Suid-Afrika vergelyk nie met een van die stamlande nie, maar eerder met 'n stedelike gemeenskap van middelmatige grootte in die V.S.A., of sê maar die Australiese of Argentynse hoofstad.

Moet ons probeer *ophef*? Natuurlik. En ons sal altyd wel daarin slaag om tog 'n klein persentasie aan die massa te ontruk. 'n Miskien ewe groot persentasie sal hulself daaruit stoot.

Ophef, opvoed, veredel — ja, beslis! Maar ons moet nie die maklike fout begaan om na utopië te verlang nie. Want niks is so waar as dat die armes (in meer as een sin) altyd met ons sal wees nie. En dit is 'n geskiedkundig-filosofiese

feit dat dit maar altyd 'n baie klein, skeppende minderheid was wat die beskawing opgebou het.

Vroeër kon die massas nie lees nie — en hulle was tevrede. Nou het ons hulle helaas op 'n manier léér lees, — en ons het geen reg om te kla as hulle nie wil lees wat ons vir hulle wil voorskryf nie. Dit sou miskien beter gewees het as ons hulle glad nie leer lees het nie — maar ons hét. Ons moet rekening hou daarmee, verder ook rekening hou met die feit dat die gemiddelde intelligensie van die wêreld miskien nooit meer as dié van 'n redelik intelligente twaalfjarige sal wees nie — dalk is dit nog hoog gestel. Ons sorgte maak daarvoor? Natuurlik nie. Die krag van die Katolieke Kerk is in groot mate gebou op die erkenning van hierdie feit. Vandaar hulle hiërgargie en die groot massa wat tevrede bly dat ander die dinkwerk vir hulle doen.

Omdat ons *in medias res* gestaan het, was dit seker te verwag dat daar 'n skerp reaksie sou wees van literatore wat nie gewoond was aan die verskynsel van die massaboek nie. Daar is meteens met 'n strenger maat gemeet as ooit tevore. Ons vereistes is hoër gestel — in so 'n mate dat werke soos *Die Ontferdes* (Holmer Johansen), *Fanie se Veldskooldae* (P. J. Schoeman) en *Moeder Poulin* (Franz), wat per slot van rekening nie besondere waardering ontvang het nie, sonder twyfel bekroon sou gewees het as hulle miskien 'n dekade of meer tevore verskyn het. Omgekeerd: werke wat op hulle dag as literêre gebeurtenisse beskou is (dink maar aan *Onder Bevoorregte Mense*), sou vandag nouliks opgemerk word, sou miskien een van die twaalf wees van een van ons versmaaide biblioteekskemas.

Dit spreek vanself dat kritiek vir 'n gesonde rypwording streng moet wees. Of soos 'n Namakwalander eenmaal aan skrywer gesê het: dis goed dat die vlooië 'n hond byt, want dan waak hy teen die jakkalse.

Strengheid wat kritiek betref, kan egter soms ontaard in blote neulerige kritikastery. Die ding is ongelukkig ook gewoontevormend — en as jy dit eers 'n ruk lank bedryf het, kom jy nie maklik weer daar uit nie. As sodanig is dit eweseer 'n getuienis van geestelike krankheid as 'n toestand van gedweë en kritieklose aanvaarding en 'n wedersydse bewondering.

Helaas, maar te baie van ons het reeds ver op dié pad al gevorder. Ons is siek hier binne — siek soos 'n vrou siek is wat alewig haar man se vermeende gebreke ophaal onder die waan dat hy na sy verderf sal gaan „as ek nie dié dinge vir hom sê nie.”

Nie min van ons nie het 'n eenoog-leestegniek ontwikkel. As ons die dag nog so ver kom om 'n Afrikaanse prosawerk wel te lees, word dit met die een oog gedoen — terwyl die ander op die self gekeer is om die reaksie dop te hou.

Het daar tog iets goeds uit Nasaret gekom?

Ons glo dat die afgelope tien jaar nie heeltemal so dor en vrugteloos was soos wat die siklope onder ons wil meen nie. Ons wil ook diegene wat standregtelik alles opsy wil stoot as van nul en gener waarde (of baie amper), herinner dat die lewe ons al oor en oor geleer het dat menige steen wat die bouers verwerp het, later teen al die verwagtings in die hoeksteen geword het. Die omgekeerde is ook waar. Van die poësie wat ons vandag so terdeë waardeer, kan dalk nog gouer vergeet raak as wat ons vandag moontlik ag. Van die prosa wat ons minag, kan selfs dan nog gelees word. Is Langenhoven — wat vandag weer nuwe waardering vind — nie reeds 'n bewys van hierdie stelling nie?

Laat ons die name van prosaskrywers nagaan wat in genoemde tydvak minstens één werk met besliste verdienstes gelewer het. Die meeste het nog meer gelewer. Daar is: P. J. Schoeman, Toon van den Heever, C. M. van den Heever, M.E.R., Uys Krige, Holmer Johannsen, Willem van der Berg, G. H. Franz, Minnie Postma, I. D. du Plessis, Boerneef, G. J. Joubert, G. S. B. Pasch, H. S. van Blerk, Frieda Linde, Johan Theron, A. L. Conradie, J. S. Rabie, F. A. Venter, en andere. Hier is neëntien name — en die lys is nie volledig nie.

Op die gebied van ligte prosa het A. C. Sparks, N. P. Laubscher en Minnie Postma so goed geskryf en nog beter as wat daar ooit in Afrikaans geskryf is. Wat kinderlektuur betref, is Topsy Smith se „Trompie”-reeks 'n werklike aanwinst.

Is hier genoeg jong skrywers onder dié mense wat miskien die kern van 'n vernuwende groep nog kan vorm? Ons meen tog so. H. S. van Blerk, J. S. Rabie, F. A. Venter, A. L. Conradie is nog 'n hele ent onder veertig en toon reeds in hulle werk 'n bewustheid van die *nuwe* soort mens wat die Afrikaner geword het en die *nuwe* soort probleme waarvoor hy te staan gekom het. J. S. Rabie en A. L. Conradie is die jongste onder die groep en is toevallig ook die twee wat die langste geswyg het. Dat albei moontlikhede besit om nog wesenlik belangrike werk te lewer, skyn taamlik seker te wees.

Die vraag is onlangs deur 'n bekende literator gestel: Watter Afrikaanse prosawerke sou u dan graag vertaal wou sien? Dit is natuurlik nie een wat deur die betrokke

vraesteller self beantwoord kan word nie — en hy mag nogal verras wees oor wat 'n opname onder lesers aan die lig sal bring. Ons volstaan egter deur daaraan te herinner dat werke soos Schoeman se *Jagters van die Woestynland* en Fanie en Minnie Postma se *Bantoe-Legendes* (ja, en selfs *Toe Ma nog Meintjie was*) geen letterkunde oneer sou aandoen nie. Ons weet ook toevallig van minstens drie ander Afrikaanse prosawerke wat deur Engelssprekendes reeds vertaal is en waarvan die manuskripte tans voltooi word. Dis ook interessant om te onthou dat 'n boek soos H. C. Bosman se *Mafeking Road* (kortverhale) aansienlike waardering in die Engelse letterkundige wêreld ontvang het. Daar het baie Afrikaanse kortverhale in tydskrifte en bundels die afgelope dekade verskyn wat seker nie hiervoor agteruit hoef te staan nie. Sketse en verhale van M.E.R., Sannie Uys, M. J. Harris, M. I. Murray, Johan Theron, G. J. Joubert, H. S. van Blerk, Toon van den Heever en etlike ander hoef nie skaam te wees om in vreemde geselskap te verkeer nie — inteendeel.

Niemand wil tot selftevredenheid stem nie. Niemand wil beweer dat ons nie nog 'n ver en taai trek het wat voorlê eerdad ons aanspraak kan maak op 'n werklik voldrae prosakuns nie. Maar wat ons tog aan welmenende vriende, wat so lekker veroordeel, wil vra is die volgende:

Moenie té maklik ongeduldig en wanhopig word as daar in die loop van tien jaar geen groot roman gekom het nie. Die hele wêreldletterkunde het deur al die geslagte seker nie meer as 'n honderd of wat waaragtig groot prosawerke opgelewer nie. Selfs die magtige Russe het slegs enkele monumentale romans as 't ware uitgestoot. Hoeveel groot romans het die tamaai Amerikaanse samelewing al opgelewer? Melville se *Moby Dick* — en moontlik 'n paar ander . . .

Moenie té presieus wees in u beskouing van die werk van die skrywer nie. As J. S. Bach ook nog gigues en sarabandes kon komponeer (die erkende dansvorms van die tyd!) en Mozart menige divertimento (die een in F het hy genoem „'n musikale grap") dan bestaan daar geen rede waarom 'n skrywer nie sy ligtere oomblikke ook sal beleef, nie deurentyd sal worstel met die letterkunde nie. 'n Stuk moet beoordeel word volgens die bedoeling van die skrywer — daarvolgens moet besluit word of dit goed geskryf is of nie. Laat niemand hom dit ook wysmaak dat dit maklik is om 'n oortuigende verhaal saam te stel nie. Terloops wat die kwessie van „te veel skryf” betref: Georges Simenon, volgens Paul Valery die grootste roman-

sier van ons tyd, het na bewering sowat 1,000 romans geskryf — ongeveer een persent waarvan werk van formaat en blywende waarde is. 'n Groot figuur in die dramatiek is Lopez de Vega, wat volgens skatting 1,800 dramas geskryf het, twee waarvan nog gereeld opgevoer word. 'n Skrywer word natuurlik aan sy beste werk gemeet.

Help self, as u kan — en ons meen tog u kan! As die bedrywers van „kwaai kritiek” wat duidelik die belange van die Afrikaanse letterkunde op hulle hart dra, net maar die helfte van hulle ywer positief aangewend het die afgelope jare, sou die toestand seker al heelwat beter gewees het. As hulle dan nie kans sien om 'n roman aan te pak nie, kan hulle tog seker 'n wesenlike bydrae lewer op die gebied van vertaling, die essay, die skets of selfs die kortverhaal. Of hoe dan? Of bly dit nog altyd waar wat Homeros gesê het: dié wat die minste doen, is die onverdraagsaamste en raas die meeste?

Die ernstige prosaskrywer soek natuurlik leiding by die kritikus. Die ongeluk is dat hy nie altyd mooi weet in hoe 'n ernstige lig hy sommige van hulle moet sien nie. Hulle waardeer byvoorbeeld terdeë die ywer waarmee 'n literator soos dr. R. Antonissen help om Sionsmure te bewaak — hoe merkwaardig het hy hom nie reeds met die Afrikaanse saak vereenselwig nie. Terselfdertyd kyk hulle bietjie vreemd op as hy weinig jare na die verskyning van sy *Schets* so radikaal van standpunt verander — seker tog minstens wat betref prosageskryfte van die eerste helfte van die veertigerjare . . .

Natuurlik het hy die reg om sy mening te wysig. Maar wanneer dit van die een uiterste (die *Schets* het m.i. ons prosa weer te hoog aangeslaan) na 'n ander beweeg en nie min omvat nie, dan sal hy ons bietjie kans moet gee om asem te skep om ons opnuut te oriënteer.

Ten slotte: dit sou sanerend werk as ons maar net die hele „situasie” met 'n bietjie meer humor en veel minder swaarwigtige erns benader. Per slot van rekening: baie daarvan is reeds louter klug. Dink maar hieraan:

Die uitgewer wat elke prulroman aanbied met die belaglike stofblad-aanprysing dat ons eindelijk hier met 'n meesterwerk te doen het.

Die snob wat homself tot die gewete van sy volk verklaar het, kritiekloos staan teenoor sy eie werk, en God elke dag dank dat hy nie is soos die andere nie.

Die vreemdelinge in ons poorte wat die Afrikaanse letterkunde al byna as privaat besit beskou wat deur 'n klomp

skurke geweld aan gedoen word. *Waar ze twee bij elkaar zijn, daar vechten ze drie!*

Die gusvee wat vervelig blêr oor die hier-te-kort en daarte-lank van ander se lammers.

Die prosaïs wat gedurig deur sy vrou en sy vriende verseker word dat hy 'n meesterstuk voortgebring het.

Die romansier wat romantiseer oor die GROOT Afrikaanse roman wat hy en net maar hy nog gaan skryf.

Laat ons streng wees in ons eise en ons kritiek, ja!

Belangriker nog: Laat ons eerlik wees — ook teenoor onself.

En seer sekerlik: Laat ons nooit — en dit geld vir almal, prosaïste, digters, dramaturge, kritici — die les van bescheidenheid vergeet nie.

Selftevreedenheid is sleg, is 'n vloek. Maar intellektuele hoogmoed is amper nog erger.

S. J. Pretorius

NAJAAR

Oor vlaktes sleep die wolkeskadu's swaar
en tower spoke teen die bergemure,
die lig en donker jaag en gryp mekaar
in wisselende spel van al die ure.

Soms vorm groepies rooidakhuse, bome,
tot yl patrone maar weer net so gou
versomber dit tot skaduwees — soos drome
waarvan mens niks as net herinn'rings hou

So is die tyd: in al sy wisseling
'n dag van lig en skadu, met nou groot
en skoon die dinge, netnou grou en dood,
onder die donker ruim wat ewig kring
'n vlak waaroor patrone vorm en stroom:
'n towerspel... 'n flikkerende droom.

Die Grafgrawer

P. D. SWART

Waar hy nou presies vandaan gekom het, het niemand geweet nie. Toe hulle maar weer sien het hy tussen hulle gewoon, hier in die Bosveld van Marico tussen die haaken-steek en die wilde-sering. Met sy karretjie en twee donkies het hy een middag voor Gert Meyer se ruim wit huis stilgehou en om blyplek gevra. Ryk Gert het 'n bywoner ryker geword. Dit was hy, Gielie.

Dat hy uit die Hoëveld gekom het, was soveel as wat die ou bewoners kon uitvind. Vir daardie mense is die Hoëveld 'n onbepaalde stuk aarde daar in die geweste van Lichtenburg, Coligny, Koster rond, kaal en koud. Hulle het hulle ook soms vererg vir Hoëveldmense wat 'n goeie bestaan hier tussen hulle maak, en dan in die helderste kleure die wonderlike eienskappe van die Hoëveld vir hulle skilder. Waarom so 'n persoon nie liewers daar gebly het nie, wou hulle weet.

Maar Gielie was anders. Gielie het nie die goeie of slegte eienskappe van landstreke met mekaar sit en vergelyk nie. Nie in mielies, kafferkoring of beeste was sy grootste belangstelling nie, maar in die dood. Ja, in ander mense se dood natuurlik, ander mense wie se verposinkie hier op aarde beëindig is deur ouderdom, siekte, ongelukke en wat dies meer sy. Gielie was 'n groot kenner van die prosedure by 'n siekbed, die regmaak van 'n lyk en die grawe van 'n graf.

„'n Eienaardige knaap die Gielie,” het oom Jan Bruyns, wat bekend was vir sy gebrek aan respek waar dit tuis-hoort, gesê. „Hy het 'n neus soos 'n windhond vir 'n lyk.” En oom Jan het nie heeltemal sonder rede gepraat nie.

Gielie het die Saterdag op Draailaagte aangekom, Sondagoggend om vyfuur is outante Rynie Viljoen oorlede, en om kwart-oor-vyf was Gielie daar. Kon iemand hom so spoedig gesê het? En hy het tien myl daarvandaan gebly . . . In elk geval, so het dit voortgeduur. Gielie het 'n instelling geword

by die heengaan van mense. Hierdie wyk van die Marico se Bosveld het vir 'n lang tydperk baie min begrafnisse geken, ongelooflik min. Sou dit nou mooi wees om te sê . . . nee, sê dit liewers nie! Maar die feit bly staan dat vandat Gielie daar gaan woon het, die sterftesyfer heelwat gestyg het . . . onrusbarend selfs!

Die prinsipaal van die plaaslike laerskool moes dikwels in die afwesigheid van 'n predikant as koster by die begrafnisse optree. Met 'n stem wat bewe van aandoening het hy by tant Rynie se graf gestaan en gesê: „Broers en susters, as ek so na hierdie oop graf kyk dan kom die vraag by my op: ‚Wat is die mens?‘ ” Nou vertel die mense dat hy, nadat twee ryk boere in die wyk binne veertien dae aan hartverlamming beswyk het, 'n jong man selfmoord gepleeg het en 'n seuntjie deur 'n mamba gepik is, by laasgenoemde se begrafnis as volg begin het: „Broers en susters, as ek hierdie oop graf so voor my sien dan kom die gedagte by my op: ‚Ons weet wat die mens is‘ . . .”

Maar mense is nou maar mense, en dit was waarskynlik oom Jan Bruyns wat met hierdie stories begin het. 'n Mens kan ook nie alles glo wat jy hoor nie, veral op plekke waar mense mekaar graag bespreek nie.

In elk geval, Gielie was baie handig in die geval van dood. Sy eerste stap nadat hy by so 'n sterfhuis aangekom het, was om met die naasbestaandes te simpatiseer. Hy sou byvoorbeeld so 'n beproefde persoon met vinnige kort passies nader, die regterhand vasgryp in syne, die linkerhand op die persoon se skouer, en dan met sy oë opgehef na die dak asof hy werklik daardeur kon sien, sou hy ferm sê: „Krag van bo!”

Maar vanaf die oomblik dat hy sy opwagting gemaak het, het hy dan ook oorgeneem van die ander. Niemand kon 'n lyk so gemaklik die doodskleed aankry, of die hande op die bors gevou kry nie. Niemand kon die afmetings so sorgvuldig neem soos hy sodat die stywe koue wit liggaam presies net in die kis gepas het nie. Ja, Gielie kon 'n lyk „kis” soos min!


Maar by die grafgrawery was hy eers in sy element. Hier kon en het hy sy kennis laat geld. Soos 'n kunstenaar wat volmaaktheid nagestreef het in sy kunswerk, so het Gielie die grawe en afronding van 'n graf aangepak. So goed was sy kennis van die geskiktheid van die verskillende tipes grond, dat mense dit dikwels aan hom oorgelaat het om die regte plek vir 'n graf uit te soek.

Oor grond kon hy 'n lang geselskap voer. „Ja, swart turf moet jy uit bly! Karel Krous daar in die Hoëveld se wêreld

APPOUS!



Die Kronieke van 'n Toneelspeler



ANDRÉ HUGUENET

het net een stukkie rooigrond op sy plaas gehad, verder pikswart turf. En die rooigrond was die kolletjie waarop sy huis gestaan het. Toe sy seuntjie nou doodgaan, kon hy hom tog nie vlak op die drumpel laat rus nie, en hy begrawe hom toe in die turf. Ek het gepraat, maar hoor was min. Kort daarna reent dit en die graf spoel so oop dat jy die sinkplate bo-op kon sien. Toe was dit weer toegooi en klippe inpak . . . Nee jong, gee vir my hierdie rooigrond op Draai-laagte. Hy's reg. Hy brokkel nie. Hy's sommer ,solid'! En nie 'n kliplaag net 'n endjie onder die grond nie! Ek moes mos eenmaal so 'n moeite ook kry, en die man sê: ,Gielie, hier grawe jy hom, klip ofte nie. My oorle vrou wou hier lê en sy het haar lewe deur haar sin gekry. Hier moet hy kom, al moet jy dennemaait gebruik!' Ja daar het ons gesweet, maar ons het hom met koevoete deurgebreek!"

Met sy vier spesiale lang staalpenne en maatband het Gielie vinnig, handig, netjies en sekuur tewerk gegaan. Haarfyn en regaf moet die kante wees; daar moet geen uitstaankante wees nie, maar gelyk moet die breë blink strepe wat die graafblad gemaak het, afloop. So gaan dit tot op vier voet. Op die gladde en gelyk vloer wat hy nou onder sy voete het, doen hy afmetings, steek penne in en merk die vorm van die kis af. Nou word daar met groot versigtigheid nog twee voet dieper gegrawe sodat die kis se fatsoen nou daar oop lê. Ook hierdie vloer word weer gelyk gemaak en hiervandaan na die rand van die graf is altyd presies ses voet. Die kaffers of witmense wat saam met hom grawe, moet hulleself ken, want hy verloor hier sy gedweehed. Op hierdie gebied is hy hulle meerdere. Hy gee 'n bevel en hulle voer dit uit.

Oor begrafnisse kon hy ook lank en onderhoudend gesels, want hy het honderde bygewoon. Soms as 'n graf voltooi was, het hy op die hopen grond gaan sit en dan met baie gebare begin uitwei oor begrafnisse wat hy al bygewoon het.

„Met die griep in Agtien het ons eenmaal 'n vader en twee kinders gelyk begrawe. En die moeder het daar gestaan en sy het nie 'n traan in haar oë gehad nie, sy het nie eers gesluk of haar neus gesnuut nie. Sy was net wit soos die dood. En ek sweer sy het totaal niks gesien nie, haar oë was so snaaks en stokstyf soos glas. Sy is sonder iemand haar gehelp het graf toe en so ook terug. Toe begin iemand die storie versprei dat sy soos 'n bees is omdat sy nie eers op die begrafnis gehuil het nie. Toe kom dominee Bankers dit te hore. Dieselfde ou Bankers wat nou nog op Bosberg leraar is. Nou hy's 'n reguit man. Hy gaan toe na die kwaad-stoker toe en hou 'n klip na hom toe uit. ,Broeder,' sê hy,

,vat hierdie klip en gooi vir suster Du Preez met hom!' Die man probeer hom dom en verwonderd hou en lag so onnosel. „Nee,' sê die predikant, „jy's 'n beter mens as sy. Gaan gooi haar. Sy het nog nie genoeg pyn gehad nie.' Toe word dominee skielik baie kwaad en hy druk sy vinger reg onder die kêrel se neus en sê: „Of hou jou bek!' 'n Reguit kêrel die ou Bankers!'”

„En daar was 'n ou Petoors. Hy wou op die dag van sy vrou se begrafnis net met geweld in die graf spring. Man, ek sweer jou voor ons was naderhand vuurwarm gespook met die man, want hy was groot en sterk. Toe wil hy weer net op die graf sit; niks kon hom wegkry nie. Maar watwo, na nege maande was hy weer gelukkig getroud.”

Omdat Gielie so behulpsaam was, het mense hom soms gevra om as draer op te tree. Maar hiervan wou hy nooit hoor nie. Afwerend het hy sy hande uitgesteek en aangevoer dat daar ander mense was wat dit baie meer verdien het as hy, familie en vriende. Sy werk was klaar en nou was dit ander se beurt.

Maar in die stoet het hy ook nie geloop nie. Sy plek was links van die draers en ongeveer presies in 'n lyn met die middelste paar. Hier het hy geloop, drie tree weg, sy swart hoed eerbiedig op sy bors, sy oë nougetrek deur konsentrasie op sy skoene. En hy was by wanneer die kis laat sak word om diep in sy binneste die genot van triomf te voel wanneer dit presies in die onderste gat inpas en tot stilstand kom. Dan, wanneer dit tyd was, het hy rats ingespring en wydsbeen oor die kis gaan staan, wagtende op die sinkplate en dekgras wat van bo af moes aangegee word. En altyd het hy sy handjie grond opgegooi, hy die baasgrawer!

So het die tyd waarin Gielie sy dienste aangebied het en nooit 'n fout begaan het in sy berekenings nie, vinnig verbygevlieg.

Toe het Gielie een more by Gert Meyer gekom en gesê: „Oom Gert as ek doodgaan, moet jy my asseblief onder die groot haak-en-steek hierbo in die rooilandkamp begrawe.”

„Maar genugtig, wat makeer jou nou, Gielie? Om te praat van doodgaan! Jy moet my nog begrawe, ou maat, en bewaar jou as die kis nie pas nie! Dan kom ek by jou spook,” en ryk Gert skater vir sy eie grap.

„Nee Oom, ek maak nie 'n grap nie. Ek wil asseblief onder daardie haak-en-steek lê.”

Gert skud sy kop. „Jy slaan my dronk, Gielie. Sowaar! Net asof 'n man nou juis soveel omgee waar jy begrawe word. Daardie tyd weet jy tog niks. Maar as jy so sê Gielie, dan is dit reg.”

Byna voeg hy by: „As die weer nie dalk die boom voor die tyd ompiets nie.” Maar dit sou laster wees. Ryk Gert is lankal lid van die skoolkommissie en hy het ’n oog op die Provinsiale Raad. Daarom vind hy, tot sy eie verbasing soms, dat hy homself dissiplineer, en sy jovialiteit doelbewus inkort. Mense is nou maar mense en hulle praat . . .

Dit was presies ’n week hierna op ’n Maandagmore toe Gielie nie oudergewoonte om sewe-uur die oggend by Ryk Gert se huis opdaag nie. Toe hy om nege-uur nog nie daar is nie, word ’n naturel gestuur om te gaan kyk wat van hom geword het. Binne ’n halfuur was die oorlamse Pokwani terug, en die gesonde swart kleur op sy gesig het plek gemaak vir ’n vuil vaal.

„Baas Sjiel hy’s dood, Oubaas! Hy lê op die bed en hy het ook nog ’n wit rok aan!”

„Wat sê jy? Wat? ’n Rok? Dood?”

So het hulle hom aangetref, die man wat kon werk met dooies, die man wat geïnteresseerd was in die dood. Hy het op sy rug gelê, sy doodskleed aan, sy hande netjies op sy bors gevou, sy gesig sag en vreedzaam. Langs die bed het ’n kis gestaan, die deksel oop . . . gereed. Toe hulle sy lyk daarin sit, het dit presies gepas . . .

Ryk Gert het sy vragmotortjie geneem en twee naturelle met pikke en grawe opgelaaie om die graf te gaan grawe. Die ou haak-en-steek was ’n goeie kwartmyl van sy huis af, ’n bietjie ver, maar dit was nou eenmaal Gielie se wens. Toe hy nog tweehonderd tree van die boom af was, het hy al die hopen rooi grond bemerk. Verbaas het hy uiteindelik daar naasaan stilgehou. Dit was reeds klaar, Gielie se graf. Die baasgrawer het sy eie graf gegrawe. Daar het dit oop gelê, netjies soos altyd, hier in die „solid” aarde van Draailaagte. Die kaffers het opgewonde in Setsjoeana gesels, en die dinge wat hulle gesê het, sou die mees idealistiese sendeling se optimisme hewig geskud het.

Maar Ryk Gert hoor hulle nie as hy terugstap na sy motor toe nie. Hy dink aan die kort toesprake wat hy more gaan afsteek by die graf. Dit moet welsprekend wees, maar tog neerbuigend, deemoedig, tog vol sterkte en oortuiging. ’n Rede wat iemand wat Provinsiale begeertes koester waardig sal wees. Hy wil praat oor die eenvoudiges en hoe die Here wil hê ’n mens moet hulle nie verbygaan nie. Het hy dan nie vir Gielie op sy plaas geneem, die arm man ’n plekkie gegee nie? Hy het bo almal reg om te praat more. Die ander moet hoor en weet dat hy mense oppas en beskerm. Dis soos iemand in sy posisie moet wees . . .

* * *

Daar het baie mense gekom om die begrafnis by te woon. In die eerste plek is dit 'n ontmoetplek, jy sien weer ou bekendes en vriende en versterk die bande. In die tweede plek het Gielie 'n goeie aantal van hierdie mense se dierbares help weglê, en hulle ag dit hulle plig om nou te kom. In die derde plek kry 'n mens koffie en toebroodjies na die tyd. Laster? Dan het jy nog nooit ons ou vriend Jan Bruyns na so 'n begrafnis sien eet en drink nie, en hoeveel mense ry sonder om die afgestorwene hierdie laaste eer aan te doen? Bloedweinig.

Die mans staan in groepies en gesels, en 'n mens hoor soms 'n luide lag. Dis nie 'n teken van gebrek aan respek vir die dood nie, nee, dit is 'n onbewuste verset teen die latere oomblikke wanneer die neuse hard in kakiesakdoeke gesnuit sal word om die lastige trane te dwarsboom.

Die predikant lewer sy diens. Ryk Gert voel ongemaklik en veronreg. Dominee sê baie dinge wat hy homself voorgeneem het om te sê. Hy praat van die eenvoudiges. Hy praat van Gielie se eienaardige „bewuste sterwe,” die voorbereidings wat hy getref het, sy eie graf wat hy gegrawe het. Ja, hier het 'n mens voorwaar iets sonderlings gehad. „... en ek twyfel vir geen oomblik nie, Broers en Susters, dat 'n man wat al daardie voorbereidings getref het, rus in sy Skepper gevind het nie!”

'n Hele paar mense knik aangedaan, en 'n vrou begin luidkeels huil.

Die diens is verby, die draers neem posisie in en die stoet begin stadig na die graf toe beweeg. Die twee spanne draers ruil 'n paar keer om voordat hulle die graf in die gesig kry. Swaar en somber skuif die stoet vorentoe, almal se skoene bloedrooi van Draailaagte se „solid” grond... enkele fluisteringe... ongelyke voetgeskuifel.

Heel links in die derde ry agter die kis loop Dorie du Plooy, 'n bleek, maer, gesette oujongnoui. Haar oog bly op die leë, maar tog bewegende plek waar Gielie gewoonlik vol eerbied naby die draers gestap het. Dan rus haar blik weer 'n oomblik op die kis, en sy kry 'n hewige aanval van hoendervleis. Baie jare gelede het haar vader, lid van een of ander godsdienstige sekte, een aand weer oor dood en verdoemenis uitgewei. „Wat is die liggaam?” het hy gebrul met 'n onheilspellende, fanatieke glans in sy donker oë. „Die wurms sal diep daarin kruip, dit vol gate vreet, opvreet, verteer!” Sedert daardie dag kry Dorie hierdie aanvalle van hoendervleis as sy in die stoet loop. Kom hulle by die graf, dink sy, asof besield, na die voorste ry waar sy alles kan gade slaan. Sy kry dan hewige aanvalle van hoender-

vleis, en soms voel haar vel weer asof dit heeltemal verstyf. Dan sluit sy haar oë en krimp ineen asof sy lewendige, woelende, vretende goed van haar vel af wil weghou . . . Die sake van die gees hou sy haar nie veel mee besig nie. Hulle word heeltemal op die agtergrond geskuif deur hierdie saak van die vlees.

Die ou haak-en-steek word uiteindelik onder doodse stilte bereik. Nadat die kransies verwyder is, word die rieme onder die kis en deur die handvatsels gewerk. Nou skuifel die draers versigtig om na weerskante van die graf, en trek-trek, skiet-skiet laat hulle die kis sak.

Dominee maak keel skoon en beduie wat gesing moet word. Daar word egter nie 'n begin mee gemaak nie, want die draers het nog nie met die gewone vinnige bewegings die rieme uitgetrek nie. Die voet van die kis het ingesak, maar die kop lê nog bo. Versigtig lig die twee onderste draers weer die voet uit, trek 'n bietjie te ver af, en nou sak die kop in, maar die voet is uit. 'n Derde poging . . .

'n Paar mense wat naby die rand staan rek hulle nekke nuuskierig om te sien wat plaasvind. Toe begin 'n fluistering hier by die graf se rand, versprei dan vinnig in alle rigtings en rol soos 'n windruising deur die skare. Heen en weer, oor en weer word dit gefluister en herhaal: „Hy pas nie . . . die graf te klein . . .” Gielie, die baasgrafgrawer, het gefaal.

Daar is 'n roering. Onbewus beur die mense vorentoe om te sien. 'n Vrou loop deur 'n doringbossie wat haar venynig krap, maar sy voel dit nie. Asof betowerd staar sy tussen die draers se skouers deur na die oop graf. Enkele mense staan bo-op die hoop los rooigrond en sak tot aan hulle enkels in. Die predikant lyk skielik baie ongesond, maar nadat hy tweemaal droog gesluk het, herwin hy tog eerste weer sy ewewig en beduie aan die draers om die kis weer op te trek. Die ses mans, met gesigte wat binne die bestek van 'n minuut papnat gesweet het, doen dit ewe versigtig. 'n Jong man gryp 'n graaf en word afgehelp.

Almal is nou weer doodstil. Ryk Gert voel 'n aaklige beklemming in sy bors. Sy boordjie is te nou, sy kop voel so seer asof hy sonstraal het. Alles is weg, sy idees, sy mooi woorde. Hy weet hy sal nie meer praat nie, alles is bederf. Gielie het gefaal vir die eerste en laaste maal . . .

Twintig tree daarvandaan begin 'n kwê-voël luidkeels in 'n blinkblaar wag-'n-bietjie te skreeu. „Pêêêê!” en weer „Pêêêêê!”

Nou, jare na die tyd, loop niemand in die nag by daardie graf verby nie. Die naturelle weet te vertel dat daar elke nag 'n man besig is om te spit. En die laaste keer wat oom

Jan Bruyns, wat hoe ouer hoe ligsinniger word, daarvan vertel het, het hy gesê dis Gielie, kompleet met maatband en penne. Hy sou dan elke nag sommetjies op die maatband doen om sy „halwe werk” reg te maak.

A. J. J. Visser

WILLEM KLOOS

Die God wat in jou liedere sing,
wou orde in die chaos bring.

Sy stem het soos 'n klok gelui
oor stad en oor kleinburgery:

Laat elke woord 'n heelal wees
wat grens nòg wet erken of vrees.

Die wêreld wat voor spieëls gebou
niks anders as homself aanskou —.

'n Half minuut van diep verlang
en dan die dood: selfondergang.

OSMOSE

Met teer gebaar, omhelsing, minnaarskus
wil ek oorbrug wat tussen ons twee is.
Ek voel die wisselwerking, vreug, verdriet,
maar bly van jou bestaan net vaag bewus.

PERDEBY

Jy het pointsettia en roos se rooi
in die retortfles van jou lyf gegooi:
Maar hier filtreer die soetheid vlugtig af
en kook die kleursel tot 'n gifalooi.

HAAN

Ek kraai die nagswart rooi:
Die brandalarm skel
en dreun af op sy prooi.

Hul spuit die dreiging dood;
die oordeel wat ek vel
met elke asemstoot.

Word Outeursregte Misbruik?

H. L. SWANEPOEL

Indien ons in die taal en teken van die tyd sou kon praat van 'n krisis op letterkundige gebied vanweë die lae peil en pornografiese strekking daarvan, sou ook meteen erken word dat verskeie oorsake daartoe bygedra het. Krisisse kom nie vanself nie, maar gevolg het oorsake of voorwaardes. Dit is nie die bedoeling om hier breedvoerig in te gaan op alles wat in die jongste tyd vanaf openbare platforms, in kleinere geslote kringe, of in dag- en week-blaaie oor die toestand gesê of geskryf is nie, nog minder om vas te stel of daar wel so 'n krisis is. Maar ek wil hier op 'n paar kante van die huidige toestand wys en tegelykertyd een besondere saak noem wat nog maar heel weinig aandag vanuit die regte kringe geniet het. Daarmee wil ek dan ook 'n antwoord probeer gee op die vraag hierbo gestel, en wel in die sin soos met die vraag bedoel is.

Gestel dit is so dat ons letterkunde vandag op so 'n lae peil verkeer dat binnelandse sensuur toegepas moet word. Dadelik ontstaan dan die vraag: hoe het dit so gekom? Net so onmiddellik moet geantwoord word dat slegs drie soorte persone vir die toestand verantwoordelik is. Hulle is: skrywer, uitgewer en leser. Wie van hulle is die grootste sondaars? Wie se doen en late het die meeste tot hierdie posisie bygedra? En wie van hulle verkeer eintlik in die magsposisie om verandering aan te bring? Indien die eintlike skuldige aangewys sou kon word, kan hy eenvoudig uitgeskakel of sodanig beheer word dat hy onskadelik is. Indien een of ander hoedanigheid of motief by een of ander of almal van die drie sodanig aanwesig is dat dit gedragoorheersend is, moet dit ook uitgeskakel word. Indien daar 'n ander middel is, moet dit aangewend word.

Nou moet ek sê dat dit vir my nie so 'n moeilike taak is om die grootste medewerkende oorsaak of voorwaarde aan te wys nie. Dit is geld. Maar by wie van die drie groepe persone speel dit die grootste rol en waar moet dit dus aan

bande gelê word? Om antwoord hierop te gee, sal ek eers 'n bietjie wyd moet ondersoek voor ek by die vraag hierbo gestel, kan kom.

Die leser — noem hom ook leserspubliek, of net publiek, of openbare mening as u wil — is 'n uiters vae en onbepaalde persoon, behalwe in soverre hy vandag skolier, student of intekenaar van 'n boekskema is. Nietemin openbaar hy hom in sy vaagheid tog in verskillende klasse, naamlik die sekere of vaste koper van die Afrikaanse boek en die vlottende koper. Die vlottende koper op die boekmark is net so onbepaald en onbetroubaar soos die vlottende stem by 'n verkiesing. By sowel die sekere as onsekere koper speel geld 'n rol. By die grootste groep sekere kopers speel geld die belangrikste rol, nie omdat dit geld is wat hul lewens oorheers nie, maar omdat hulle individueel vir min geld — of altans minder geld as die vlottende koper — baie te lees kry. Die geringe koopprys wat hulle individueel betaal, beteken ook nie 'n verlies vir die uitgewer nie. Inteendeel, hul klein geldbeleggings bring volgens diegene wat meen dat ons letterkundige peil vandag benede kritiek is, vir hulle geen voordeel mee nie. Maar selfs al sou hulle letterkundige waarde vir hul geld kry, bly dit nog so dat hul geldbeleggings die grootste geldelike voordeel vir die uitgewer meebring. By die leser lê dus hoegenaamd nie die skuld in dié rigting nie. Sy geld het hy nie so gebruik dat dit hom verwyt kan word nie.

By die uitgewer is die posisie anders. Hy is by uitstek 'n bepaalde persoon en hoewel alle uitgewers baie hoedanighede gemeenskaplik het, kan daar tog tussen verskillende soorte onderskei word. By alle uitgewers speel geld egter uit die aard van hul bedryf die grootste rol. 'n Uitgewersonderneming kan nie op verlies gevoer word nie. Uit die aard van die saak is die uitgewer dan die persoon wat sal trag om enige publikasie 'n wins te laat afwerp. En vanselfsprekend is hy die persoon wat die wins sal onderskep waar dit te maak is uit skolier, student of intekenaar. Vir hom is die vlottende koper vandag die onsekere element, wat die wins op 'n boek moontlik tot 'n verlies gaan maak. Die uitgewer wil dus die vlottende koper vermy. En wat is nou makliker vir die uitgewer om te doen as om sy kommersiële kuns sodanig aan te wend dat hy eintlik die hele kuns kommersialiseer? Dit is immers wat gebeur het.

Die uitgewer het die kuns — en heel dikwels, helaas, nie eens die kuns nie — gekommercialiseer. Massaproduksie het die slagwoord geword. Net soos die geval is in die stoflike wêreld, waar massaproduksie verlaging van standarde en

verswakte bestanddele met sig meegebring het, het massa-produksie ook noodwendig 'n ylheid van grondstowwe op letterkundige gebied geopenbaar. Met hierdie dun en slap boustowwe in ons letterkundige wêreld, moet die uitgewer sy handelskuns, sy advertensiekuns tot sy hulp roep omdat hyself die skepper van dié massaprodukte is. 'n Huurkoopwet moes ingryp teen die euwels van 'n huurkoopstelsel. Wat gaan gebeur op die boekmark?

In die proses van kommersialisasie het die uitgewer hom natuurlik skuil gehou agter die besigheids- of winsmotief en die leser, want aan die leser moet dan gegee word wat hy vra. Maar vir my is die volgende vrae van net soveel belang: Kry die leser wat hy vra? Of vrá hy wat hy wel kry? Of word dit vir hom voorgehou dat hy eintlik wil hê wat hy maar moet neem? Is hierdie gekommersialiseerde letterkundige kring die skepping van die leser, of van die uitgewer of van die skrywer? Na my mening staan dit vas dat niks uitgegee sal word wat nie in die lig van hierdie kring 'n wins moet afwerp nie. Hier moet dus die grond-oorsaak van ons huidige peil op letterkundige gebied gesoek word, hier waar die uitgewer sy werk doen.

Indien verklaar word dat „sowel skrywers as uitgewers in 'n magsposisie is om hoogstaande letterkunde op te bou,” beklee die uitgewer na my mening die eintlike magsposisie. Daar sal geen pornografiese letterkunde wees indien daar geen uitgewer voor te vinde is nie. En indien geen uitgewer daarvoor te vinde is nie, wie sal dit dan nog skryf? Dit is beslis ook geen verskoning vir enige uitgewer om te verklaar dat, indien „ligte leesstof” nie in Afrikaans uitgegee word nie, dit in Engels gelees sal word. Word „ligte leesstof” nou in Afrikaans uitgegee op grond van die suiwere oorweging dat die lees van Afrikaans aangemoedig moet word, dat 'n Afrikaanse gemeenskap se taalbehoefte bevredig moet word, en dat 'n Afrikaanse letterkunde wat ook alle soorte werk ken, opgebou moet word? Of word hierdie soort leesstof uitgegee om die winste te kry wat die Afrikaanse boekmark afwerp? Die afwesigheid van die eerste motief word nie hier beweer nie, maar die aanwesigheid van die tweede motief kan beslis nie ontken word nie. En omdat dit die hele uitgewersonderneming in sy wese raak, oorheers dit. Die uitgewers wat wel ook soms verliese ly omdat hulle nie net na die wins kyk nie, is in die minderheid en bring hierdie faktor nie in 'n minder belangrike posisie as grootste oorsaak van 'n moontlike letterkundige krisis nie.

Die skrywer is op sy beurt nie vry te spreek in die sin

dat beweer kan word dat hy nie tot die toestand bygedra het nie, hoewel ons ook tussen verskillende soorte skrywers moet onderskei. Hy is soms so onbepaald dat niemand van hom weet nie, behalwe sy paar ware vriende — en ander vriende wat sarkasties met die pen in die hand na hom verwys. Hy verwyf die uitgewer dit dat laasgenoemde nie sy werk die lig laat sien nie. Dit moet hy nie doen nie. Hy moet liefinsien dat sy werk in alle geval nie in die huidige gekommersialiseerde kring inpas nie — of werklikwaar nie eens die vlottende koper sal bereik nie. So 'n skrywer kan net verwyf word dat hy die huidige letterkundige peil gehelp het deur na te laat om wel iets van letterkundige waarde te lewer.

Maar daar is 'n tweede groep skrywers wat wel bepaal is, van naam is, of van voor of buite die kommersialisasietydperk dateer of val. Hulle moet tans met die vlottende koper tevrede wees, of moet aanhou sug om die skolier te vang of te bly behou.

Daar is ook 'n derde groep skrywers van wie ons ja-nee sou kon sê, of wat ons die skuilnaam-geldmakers sou kon noem. Hulle is vasgevat in daardie gekommersialiseerde kunskring, en beweeg ook onder die tweede groep skrywers hierbo genoem. Hulle leen hulle aan die boekskemas met so baie „romans” wat net van liefde en lengte kan getuig. Hulle boeke beland naderhand in die advertensiekolomme waar jy 'n pond se waarde vir vyf sjelings kry. Oor wat hulle self daardeur finansiëel verloor, word miskien nie altyd gedink nie, want soms maak hulle hulle ook skuldig aan die ontvangs van Judas-pennings.

Die vierde groep skrywers erken eerlik en openlik dat hulle nie voorgee om iets anders te kan of wil skryf as wat hulle wel skryf nie, en dat hulle nooit 'n hoër peil sal bereik nie.

Geld speel by elke skrywer 'n rol, net soos by elke mens. By watter van bogenoemde vier groepe dit die grootste rol speel, is nie moeilik om te verklaar nie. Dit is by die derde groep. Maar wat hulle in werklikheid doen, is om die letterkunde armer te maak en die uitgewer ryker, terwyl hulle van hulle mede-skrywers van die mark hou. So iets kan nie goedgekeur word nie, want dit getuig van ontrouheid teenoor die kuns, van ontkenning van die taak en doel van die Afrikaanse letterkunde. Maar die grootste verwyf wat hierdie soort skrywers gemaak kan word, is dat hulle die reg wat hulle vanweë hul skeppingswerk van owerheidsweë verkry, verkwansel vir 'n bord lensiesop. Daarmee haal hulle sekere gevolge op hul eie hals. Maar daarmee het

hulle die uitgewer ook reeds sover gebring dat hy hierdie reg van die skrywers, outeursreg, vir hom toeëien aler hy met enige soort drukwerk begin.

Outeursreg is 'n reg wat 'n groot vermoënswaarde het, selfs in Suid-Afrika. Hierdie groot waarde gee daardie soort skrywer aan die uitgewer weg vir 'n skamele honorarium wanneer hy vasval in die gekommersialiseerde kunskring. Deur dit so weg te gee, maak hy die reg vir die vierde groep skrywer as vermoënsbestanddeel baie kleiner, en hy skakel die tweede groep skrywer se outeursreg feitlik uit, omdat dit geen teenwaarde het by die vlottende koper nie en ook nie die risiko-grens vir die uitgewer kan uitwis nie.

Indien enigiets uit bostaande blyk, dan is dit dat 'n sekere soort skrywer en 'n sekere soort uitgewer, vanweë die belangrike rol wat geld om een of ander rede by hulle speel, die meeste bygedra het tot die heersende peil van ons letterkunde — laat die peil dan ook maar wees wat dit wil. Hoe die uitgewer sy geldelike sake moet reël, wil ek nie aan hom voorskryf nie, maar dit bring my by die vraag wat ek hierbo gestel het, naamlik of die outeursreg nie in die proses misbruik word nie. Die leser het aanvanklik niks aan 'n outeursreg nie — hy betaal vir die boek, vir die beliggaming van die skrywer se idee. Maar die skrywer het vir 'n tydlang alle belang by sy outeursreg. Dit is 'n reg wat hom deur die regsorde toebedeel is en wat vir hom 'n besondere vermoënswaarde het. Dit het 'n belangrike inhoud en verleen besondere bevoegdhede aan die reghebbende. Dit is tydelik van aard en moet dus, solank dit die skrywer s'n alleen is, naorstiglik vertroetel word. Dit is ook tydelik van aard omdat die objek daarvan 'n idee is en die idee naderhand gemeengoed word. Solank dit nog erken en beskerm word as goedere van 'n individu, spreek dit vanself dat die reghebbende daarop verstandig en versigtig daarmee sal moet werk net soos hy met sy motor sal werk. Waarom nou sommerso goedsmoeds terwille van 'n paar pennies daarvan afstand gaan doen ten gunste van die uitgewer? Waarom word so hard geprobeer om dit vir 'n paar pennies in die hande te kry? Die antwoord op die tweede vraag is vanselfsprekend.

Maar die antwoord op die eerste vraag is onderhewig aan die kwalifikasie dat menige skrywer eenvoudig afstand doen van sekere bevoegdhede wat hy kragtens sy outeursreg het, omdat hy nie kennis het van die inhoud van die reg nie, of nie die waarde daarvan besef nie. En omdat dit

sogenaamde letterkundige krisis. Die inhoud van 'n outeursreg word òf as sodanig werklik nie besef nie, òf dit word besef maar die skrywer ag dit waarop hy outeursreg het, van soveel waarde dat hy nie omgee wat hy in ruil daarvoor kry nie. En die waarde wat 'n skrywer aan sy eie skeppingswerk heg, kan tog seer seker ook help vasstel wat die peil van 'n letterkunde is. Kortom, wanneer 'n skrywer nie dink aan die groot bate wat hy aan sy outeursreg het nie, dink hy na my mening beslis ook nie aan die mate waartoe sy skepping 'n letterkundige bate kan wees nie. En dan skeep hy vir die geld.

Kennis van die inhoud van 'n outeursreg, moet respek daarvoor meebring. Respek vir eie outeursreg, sal noodwendig 'n refleksie wees van eie respek vir eie skepping. Maar nie net dit nie. Kennis van en respek vir jou eie outeursreg, beteken noodwendig kennis van en respek vir iemand anders se outeursreg. Jou eie dien dan uit die aard van die saak nie so gebruik te word dat jy daarmee die soortgelyke reg van iemand anders in gevaar stel nie. Misbruik van reg, misbruik van eie outeursreg, kan die een skrywer in armoede laat sterf en die ander onverdiende voorspoed laat beleef; dit kan die uitgewer in alle omstandighede die grootste vermoënsvoordele uit die aanwending van dié reg laat trek; dit kan stemme laat opgaan wat sensuur eis; dit kan 'n vervlakking van smaak by 'n leserspubliek skeep en kunsmatig en skadelik aan die lewe hou.

Maar hoe nou met hierdie reg gemaak? Hoe moet dit gebruik word om dit uitgeskakel te kry as een van die oorsake van die huidige toestand? Is dit moontlik om met meer kennis omtrent outeursreg, die verkeerde aanwending of gebruikmaking daarvan te verwyder? Na my mening kan dit wel. Die uitoefening van 'n reg hang oor die algemeen nou saam met die inhoud daarvan. Maar by outeursreg kry ons hierdie eienaardige posisie dat, hoewel 'n bepaalde outeursreg op bv. die grootste letterkundige kunstprodukt op 'n hoogleraar se boekrak presies dieselfde inhoud het as 'n bepaalde outeursreg op die geel-omslag-spanningsverhaal wat in die trein se kompartement onder die bankie lê, eersgenoemde outeursreg miskien sodanig deur die skrywer uitgeoefen is dat hy nog meer as een bevoegdheid ten opsigte van die werk besit — maar weinig geldelike voordeel daaruit getrek het; terwyl laasgenoemde outeursreg sodanig deur die skrywer uitgeoefen is dat die skrywer eenvoudig al sy bevoegdhede aan die uitgewer oorgedra het, 'n tydelik vleiende honorarium ontvang het, maar ook verseker is daarvan dat die uitgewer eenvoudig nooit enige

verdere bevoegdhedes wat hy van die outeur verkry het, ten opsigte van die werk sal gebruik nie. Hoe hierdie twee skrywers ook al met die uitgewer te werk gaan, dit is nodig dat albei van hulle presies weet wat die inhoud van hul regte aanvanklik is, aler hulle kan dink aan wat hulle gaan oordra.

By die oordrag van die skrywer se regte moet die grondgedagte wees sy bevoegdhedes wat hy ten opsigte van die werk het, want hy het daardie bevoegdhedes, hy het outeursreg, selfs al is die werk nog nie gepubliseer nie. Die skrywer se ooreenkoms met die uitgewer moet nie gesien word in die lig van die geld wat een of ander van hulle gaan maak nie. Die skrywer wat sy outeursreg net in die lig van geld sien — hoewel die vermoëns waarde daarvan belangrik is — dien nie die kuns of sy medemens of sy taal nie, doen homself buitendien oneer aan en verdien nie beskerming van sy regte nie. 'n Outeursreg is beslis een van die belangrikste regte wat ons regsorde ken en beskerm. Dit is in meer as een opsig omvattender as eiendomsreg. Dit word in die besonder beskerm, selfs na die dood van die skrywer, en wel ten behoeve van die skrywer of sy erfgename. Vir die vrou getroud in gemeenskap van goedere is dit van belang en was dit van belang selfs voor haar stemreg hier van belang was, omdat die mede-outeursreg wat sy saam met haar man mag hê, nie in die gemeenskaplike boedel of onder die beheer van haar man val nie. Vir haar word die reg trouens meer beskerm as haar reg op polisse. Vir die staat en die gemeenskap is outeursreg van soveel belang dat dwanglisensies ten opsigte daarvan uitgereik kan word. Net soos die staat kan ingryp wanneer 'n grondeienaar die goud op sy grond nie wil ontgin nie, kan die owerheid ingryp en 'n werk laat uitgee indien die houer van 'n outeursreg na die dood van die skepper van die werk weier om dit opnuut uit te gee. Hierdie dinge word nie besef nie, daarom word so ligtelik afstand van die reg gedoen. En dit wat deur hierdie reg beskerm word, naamlik die idee, behoort dus meteen ook groter agting van die kant van skrywers te geniet. Daar behoort nie 'n outeursreg geskep te word ten opsigte van 'n idee wat die hele letterkunde in die gedrang bring nie.

Dieselfde geskiedenis wat hom afgespeel het op die gebied van mineraleregte, waar menige opsie sonder nadenke verleen is omdat dit tydelike geldelike voordele meegebring het, maar waar op die ou end afstand gedoen is van waardevolle belange vir 'n appel en 'n ei, is ook besig om hom hier af te speel. Met die mineraleregte in die hande van

iemand anders, beteken die oppervlakte vir die grondeienaar weinig. Met sekere bevoegdhede in die hande van die uitgewer, beteken die skil van die outeursreg vir die skrywer weinig. Goudregte het gekonsentreer geraak in die hande van 'n paar groot belange. Daarom word soms nog gepraat van nasionalisasie van die goudmynbedryf. Outeursregte is in die hande van die uitgewers — daarom word gepraat van pensioene vir die skrywers. En intussen is outeursregte so deur uitgewer en skrywer gebruik dat sensuur geëis word.

Presedente is deur middel van ooreenkomste met uitgewers geskep wat dit vir dieselfde skrywer in die toekoms moeilik gaan maak om hulle regte te handhaaf. Uitgewers het bederf geraak wat die inhoud van hul ooreenkomste met skrywers betref. Die feudale stelsel met sy leenheer en grondhorige herhaal hom hier op 'n ander terrein. Die skrywer het vassaal geword en inderdaad het die ou Germaanse spreuk van: *der erste Finder ist auch der erste Muther*, bewaarheid geword in die Latynse oorsetting daarvan, nl. *primus inventor est etiam vasallus*. Die skrywer maak van hom 'n afhanklike deur sy volle outeursreg oor te dra en dan op die klein honorarium, wat afhanklik gestel is van faktore waaroor net die uitgewer beslis, te steun. Die skrywer doen dit net soos die middeleeuer sy grond in volle eiendomsreg aan die kerk oorgedra het en dan dieselfde grond weer ter bede vir die kerk gehou het. Die skrywer laat toe dat die uitgewer „die wyse waarop elke uitgawe geadverteer en hoeveel kostelose eksemplare versprei sal word” mag bepaal, en is dan dood tevrede as die uitgewer daarby voeg dat die koste deur hom gedra sal word! Die uitgewer betaal met kostelose eksemplare die koste van advertensies — en die skrywer dink hy kry 'n honorarium! Dit is hierdie soort van ding wat meebring dat sommige uitgewers maklik tot 300 en selfs 700 gratis eksemplare aan nuwe intekenaars gee, sonder dat die skrywer seggenskap het of honorarium kry. Dit is ook hierdie soort van ding wat meebring dat die skrywer uiteindelik niks te sê het omtrent wat met 'n oplaag gebeur nie. Maar dit is ook hierdie soort van ding wat eers weer 'n slag in die regte perspektief gesien moet word. Die skrywer moet eers weer besef wat dit is om volle reghebbende te wees. Hy moet ook eers ten volle besef watter werke hy aan die gemeenskap verskuldig is om so 'n groot beskerming te geniet. Om hom tot hierdie besef te bring, kan die volgende genoem word.

Daar *bestaan of is* 'n outeursreg op elke oorspronklike letterkundige, dramatiese, musikale of artistieke werk

dwarsdeur elke deel van die Britse Ryk waar die Engelse Wet op Outeursregte van 1911 van toepassing is. Let hier op die *gebied* wat gedek is, veral met die oog op die feit dat sommige kontrakte wat skrywers met uitgewers aangaan, goedsmoeds lui dat die uitgewer „dwarsdeur die wêreld” kan uitgee, heruitgee, ens.

Dit kom nie daarop aan of die werk gepubliseer is nie, die skrywer het ’n beskermde outeursreg, mits die eerste publikasie geskied in ’n gebied waar die genoemde wet geld; of mits die skepper van die ongepubliseerde werk ten tyde van die skepping gedomisilieer was in ’n gebied waar die wet geld; of mits die skepper ’n Britse onderdaan was. Ons is, streng gesproke, nie meer Britse onderdane nie, maar ons is gedomisilieer in ’n gebied waar die wet geld. Dink dus daaraan dat u outeursreg eenvoudig daar *is*, *geld* en *beskerm word* in die *gebiede*, sodra u die pen neergelê het.

Die reg bestaan ten aansien van, of het betrekking op, of het volgens sommige juriste tot objek die idees vervat in letterkundige, dramatiese, musikale en artistieke werke. Afgesien van die gewone, grammatikale betekenis van hierdie woorde, sluit hulle die volgende in:

Letterkundige werk sluit in kaarte, planne, tabelle, kompilasies. Dramatiese werk sluit in voordragstukke, choreografiese werke, mimiese voorstellings waarvan die toneelskikking of opvoeringswyse skriftelik of andersins aangegee is, asook enige kinematografiese voorstellings. Artistieke werk sluit in skilderwerke, tekenwerke, gravures en foto’s.

Dit is duidelik dat die stoflik waarneembare dinge of voorwerpe wat vervaardig kan word en wat so vatbaar is vir outeursreg vanweë die idee daarin, omvangryk is en dat ’n boek meer as een van die soorte stoflik waarneembare dinge kan bevat. Dit is ook duidelik dat ’n skrywer se idee — indien dit dan die idee is wat die objek van beskerming of die objek van die outeursreg is — op meer as een manier waarneembaar gemaak kan word, afgesien van die gebinde boek. Is dit dan verstandig om ’n kontrak te sluit met die uitgewer en hom die reg te gee om die hele boek of enige gedeelte daarvan na willekeur te vervaardig? Die „werk” kan op meer as een manier vervaardig word; die gedagte of idee kan dus, indien so ligtelik van outeursreg in die opsig afstand gedoen word, op net soveel maniere deur die uitgewer in ’n ander stoflike vorm vervaardig word as wat die uitgewer wil. Sy idee in ’n boek kan dus later verkoop word in die vorm van ’n plastiese speelding — dwarsdeur die wêreld!



SKEMERING

TOTIUS

Die gebied waar die reg geld en die maniere waarop die idee waarneembaar gemaak kan word, is uitgebreid. Om hierdie rede alleen dien 'n skrywer versigtig te wees wat hy in sy ooreenkoms met die uitgewer skryf. Maar daar is ook ander redes om tot dieselfde versigtigheid te maan. Die *bevoegdhedes* wat 'n reghebbende aan outeursreg ontleen, is nie minder omvattend nie. Verskillende werkwoorde word in dié verband deur ons wetgewer gebruik, en aan elk van die woorde word ook nog 'n betekenis gegee wat meer uitgebreid is as die gewone grammatikale betekenis. Om hierdie bevoegdhedes duideliker te stel, kan die posisie van 'n eienaar met dié van reghebbende van 'n outeursreg vergelyk word. Gewoonlik word verklaar dat 'n eienaar van 'n stoflike saak die reg het om o.a. te vervreem, te beswaar en te vernietig. Indien ons nou sou praat van die eienaar van 'n outeursreg — wat 'n onstoflike voorwerp is in teenstelling met bv. 'n stoflike tafel, en wat meebring dat die outeursreg ingedeel word onder die sogenaamde immateriële goederereg — kan ons wel vra watter bevoegdhedes of regte het hy dan ten aansien van sy onliggaamlike saak, sy idee.

Hy het in die eerste plek die *alleenreg* om die werk of aansienlike deel daarvan, in welke stoflike vorm ook al, te *vervaardig* en te *vermenigvuldig*; hy het tweedens die alleenreg om die werk of 'n aansienlike deel daarvan in die openbaar *op* of *uit te voer*; of, in die geval van 'n voorlesing, in die openbaar *voor te dra*. In die derde plek het hy die alleenreg om, indien die werk nog ongepubliseer is, dit in sy geheel of 'n aansienlike deel daarvan wel te *publiseer*. Let nou daarop dat dit 'n alleenreg is; dat die vervaardiging en vermenigvuldiging op enige stoflike vorm slaan; dat op- of uitvoering ook insluit 'n akoestiese voorstelling van die werk, asook enige deur die oog waarneembare voorstelling van 'n dramatiese handeling in 'n werk, met inbegrip van 'n voorstelling vertoon deur middel van 'n toestel; en dat voordra ook beteken voordra deur 'n toestel. Hierdie handeling kan verrig word met die werk soos dit oorspronklik geskep is.

Maar afgesien daarvan, sluit outeursreg ook in die alleenreg om 'n *vertaling* van die werk te maak en die vertaling dan op sy beurt te vermenigvuldig, op of uit te voer of te publiseer. Outeursreg sluit ook verder in die alleenreg tot *verwerking* van 'n dramatiese werk tot 'n roman of ander nie-dramatiese werk. Dit sluit in die bevoegdheid om 'n roman of ander nie-dramatiese werk of artistieke werk tot drama te verwerk. Dit sluit in die

bevoegdheid om 'n *plaat, geperforeerde rol, film* of ander inrigting van die oorspronklike, vertaalde of verwerkte werk te maak, deur middel waarvan die werk op meganiese of werktuiglike manier op- of uitgevoer of voorgedra kan word.

Die alleenreg om al hierdie dinge te doen, is dus klaarblyklik 'n uitgebreide. Enige persoon wat enige van hierdie handelinge verrig sonder die toestemming van die outeur, skend sy outeursreg, behalwe o.a. in die volgende gevalle, nl. billike gebruikmaking van die werk vir private studie, wetenskaplike ondersoek, kritiek of beoordeling; of publikasie in 'n versameling wat grotendeels bestaan uit nie-outeursregtelik beskermde stof en wat ter goeder trou bestem is vir gebruik in skole en ook so in die titel genoem word. Wat dan wel in sodanige *bloemlesings* gepubliseer mag word sonder dat daarmee outeursregte geskend word, is buitendien kort stukkies uit gepubliseerde werke waarop wel outeursreg bestaan maar wat nie self vir skoolgebruik bestem is nie. Nie meer as twee sodanige kort stukkies van dieselfde skrywer mag ook so binne vyf jaar deur die uitgewer gebruik word nie.

Word 'n outeursreg wel geskend, het die skrywer etlike burgerregtelike middels wat hy kan aanwend, en word hy ook in verband met die bewyslas begunstig. Origens kan hy ook alle werke wat in stryd met sy reg vervaardig is, sowel as alle plate wat bestem is of dien tot die maak van skendende afdrucke, as sy eiendom toeëien. Strafregtelik is die skender ook nog vervolgbaar.

Afgesien van die bekeringsmiddels, het die outeur uit die aard van die saak die bevoegdheid om van sy regte oor te dra. Hy kan, soos die wet dit uitdruk, vergunning verleen tot die verrigting van handelinge wat hy self mag verrig. In die praktyk verleen hy egter nie vergunning nie, maar dra hy eenvoudig blindelings bevoegdhede oor — en kom hy maar te dikwels onder die indruk dat die uitgewer die een is wat iets vergun deur te druk en uit te gee! Wat die outeur moet onthou, is dat hy enige van hierdie bevoegdhede kan oordra en dat wat hy nie oorgedra het nie, hy nog self kan uitoefen. Blykens die praktyk, doen die outeur in werklikheid soms van meer regte afstand as wat hyself het. So word die uitgewer soms outeursregte gegee vir die duur van die outeursreg, d.w.s. tot 50 jaar na die outeur se dood. Maar inderdaad bepaal bogenoemde wet dat die outeur nie sy reg sodanig kan sedgeer dat die uitgewer dit vir langer as 25 jaar na die outeur se dood het nie!

Om nou met die oog op al bostaande antwoord te gee

op die vraag of outeursregte wel misbruik word, skyn my nie moeilik te wees nie. Die antwoord is bevestigend. Sekere soorte skrywers en uitgewers is aandadig daaraan. Verskillende oorwegings geld by elkeen van hulle. Dit het tyd geword dat elkeen van hulle die hand in eie boesem steek, gelet op die kreet van sensuur. Dié soort uitgewer moet na my mening die voortou neem. Elke skrywer moet by homself begin voor hy na die uitgewer gaan. Eintlik moet hy meer verwyd word indien hy sy outeursregte misbruik. Hy behoort te besef dat die verlening van outeursregte 'n hoër doel het as die blote materiële wat dit afwerp. Sy reg word beskerm omdat dit in die eerste plek die gemeenskap is wat hy bevoordeel of verryk met sy idees. As die boustowwe van sy idees nie gesond is nie, verdien dit nie beskerming nie, want dan misbruik hy eintlik die reg wat hy moet gebruik en ander moet laat gebruik. Die eiendomsreg wat hy op sy erf het, is natuurlikerwys begrens deur die regte van sy buurman, of andersins begrens vanweë publiek-regtelike oorwegings. Laat hom tot die besef kom dat sy outeursreg ook 'n geestelike begrensing het wat eintlik inherent is daaraan. Die aard, strekking en peil van sy werk behoort te toon wat hy van sy eie outeursreg dink en op watter peil hy dit plaas. As hy die regte opvatting van sy outeursreg nog nie het nie, moet die uitgewer hom help om dit aan te kweek. Die eerste hulp wat die uitgewer kan verleen daartoe, is om nie die geldelike oorwegings die toon te laat aangee in soverre dit die gekommersialiseerde kuns-kring betref nie, maar om al meer en meer buite daardie kring om, meer toegeeflik te wees met die honoraria wat hy wel kan dra. Daarmee sal die ewewig tussen skrywer, uitgewer en letterkundige gehalte makliker bereik word en sal die leser ook kom waar hy volgens die doel van die letterkunde moet kom, sonder dat die owerheid verdere begrensinge op outeursregte in die vorm van sensuur plaas.

C. Botha

VLUG VAN DIE WIT DUIF

Daar was gestel
Hoogte
Wydte
Diepte.

En in die sfeer was nag
en storm en onstuimigheid.
En die Wit Voël
wat na die hoogtes reik
die Wit Voël wat na
die dieptes duik
het stilgestaan.
Want voor hom
was die Groot Voël
wat lyk asof hy
dreigend stilstaan,
stilstaan teen die maan
en teen die hoë winde
wat daar gaan
en beur om alles
mee te sleur
en weg te sleep.

Met sy vlerke het
hy gefladder, dié Wit Duif,
om hierdie Groot Voël
te ontduik,
in die hoë storm
van die nag.

In die Ooste het 'n ster geval,
diep geval
en die nabeeld van sy baan
was rooi.

Die Wit Duif het sy vlug hervat
vol vrees, in teen die winde,
en die Groot Voël
het soos 'n somber skaduwee
in lompe duikslag op duikslag
vir hom nagevolg
tot die eerste wit vere
tussen die wolke en sterre dwarrel.

Toe het die Onbekende Groot Stem
Sy woord in die hemele gespreek
en 'n donderslag wat uit
die ruimtes kom,
'n bliksemstreep wat deur
die bane klief,
het op die Groot Voël
aangesweef gekom
en met 'n dowwe plofslag
in sy vere
soos 'n boogpyl ingeboor.

Toe het die Groot Voël geval,
geval deur sewe ruimtes heen,
'n bondel dood.
En sy trefslag
het die see in boë,
hoë boë op laat skiet.

Net die Wit Voël het nog voortgevlieg
oor wolk en ruimte heen
na 'n rusplek in 'n vreemde land
op 'n afgeleë duin.

Die Lang Pad

M. J. HARRIS

Dertien jaar gelede het sy afskeid geneem van haar vaderland, van haar woning in die skilderagtige Rynvallei en van haar enigste seun. As vaarwel was dit nie bedoel nie — eerder tot weersiens, want dalk sou hy haar later volg na die sonnige, die wonderbaarlike, die legendariese „Afrika.” Miskien . . . soos die swaeltjies, sou sy self terugkeer. Wie weet?

Die eerste aanblik van Tafelberg het haar vreemd ontroer. Dit was 'n gevoel wat sy nooit presies kon beskryf nie. Toe die trein die volgende oggend deur die vlaktes tussen Riversdal en Mosselbaai stoom en die persblou bergreeks hulle voor haar oë ontvou, het die grenseloosheid haar klein, verlore en weemoedig gestem. „Ag ja, is dit nou Afrika?” het sy gesug.

Na Afrika het sy gekom om weer in die huwelik te tree en om 'n nuwe vaderland aan te neem.

Die huise onder die akkerbome het haar geval. Die tronende Outeniquaberge het haar alte veel aan Duitsland laat dink. Maar skaars het die wisseling van die jaargetye hulle kringloop voltooi toe is dit September 1939 en haar nuwe vaderland is in oorlog met die ou Heimat en Karl, haar enigste, is in Duitsland.

Hy word opgeroep vir diens in die weermag en later in die vloot. Algaande groei die Tweede Wêreldbrand in intensiteit, laai die vlamme van dood en verskrikking al hoër. Die beriggies word al skraler en minder, die tussenposes al langer. Die seën van die Rooikruisverbindings word deur die Sensor vertroebel, want Karl is nou haar vyand. Groot is die verlange van haar moederhart maar ver, ver buite haar bereik is haar kind.

Toe ontval haar tweede eggenoot haar ook. Stoksielalleen en ensaam is sy nou — 'n vreemdeling in 'n vreemde land. Intussen het sy vir maande geen berig van Karl ontvang nie. Ook van bekendes in Duitsland hoor sy niks nie.

Is hy gevange geneem? Gewond in 'n hospitaal? In die Martelkampe van Rusland? Of in 'n naamlose graf op die wye slagvelde van die Oekraïene? Of dalk op die bodem van die oseaan?

Haar hart krimp van pyn. Geen taal, geen tyding, geen ligstraal van hoop in die donker wat haar omhul nie. Elke Sondag gaan sy kerk toe, en alhoewel sy nie alles wat die dominee in Afrikaans sê, kan volg nie, bring die ruising van die orrel en kerkgesang 'n mate van rus in haar siel en verkwik die gewyde atmosfeer haar gemoed.

Daagliks stap haar geboë gestalte na die posbussie op straat. Elke keer is daar geen brief uit Duitsland nie. Met leë hande moet sy terugstap na haar huisie, verwese, klein en verlore in haar groot verdriet. Onrusbarend stapel die dae en weke hulle op mekaar om die hoop op nuus en weer-siens al kleiner en kleiner te maak. Maar elke dag wag sy, hoop sy en bid sy. God sal haar nie verlaat nie. Sy rig haar oë op na die magtige Outeniquaberge en die Alpegloed wat saans die pieke omgloor, laat haar met deernis aan haar vaderland dink.

„Ek hef my oë op na die berge van waar my hulp sal kom!” Dan voel sy dat God haar nog nie verlaat het nie. Sy dink aan die gasvryheid van die mense om haar, hulle hulpvaardigheid en hulle liefde. Sy kan al op 'n manier hulle taal praat en die aangetroude familie beskou haar as een van hulle — hulle moeder. Soveel liefde kan daar nie sonder God wees nie.

Dis naderhand vrede en nog is daar geen tyding van Karl nie. Die onrus groei al wilder. Die akkerblare word bruin en val af. Die bergwind druis deur die ragwerk van takke. In swerms warrel die roesige tooisel na benede op die klam grond. Deur die blaarlose bome suis die reën. Nog is daar geen tyding nie. Soos die slapende bome wag sy, wag sy . . .

Maar naderhand stoot die lente in hulle op en swel die botsels en hang 'n geheimnisvolle reuk om die tuin. Toe eendag sien sy die eerste teer, groen blaartjies. Lente! Maar die moedertjie loop nog elke dag hoopvol na die posbussie, lig die deksel met bewende hand en dan . . . more sal sy maar weer gaan kyk.

Toe op 'n dag was die tyding daar! Karl lewe! Haar seun lewe! Soos die akkerbome in hulle volle lenteweelde staan haar hart ook volgetooi in boordelose geluk. Drie-, vier-, vyfkeer het sy die kort briefie deurgelees, almal die groot nuus vertel en die Heer lank en innig gedank.

Die briedewisseling het gereëlder geword. Die sensuur

het weggeval en kort-kort het 'n pakkie na Duitsland gegaan. Elke stuiwer wat sy in haar armoede kon spaar, het in die pakkies gegaan, wat gereëld, sorgvuldig verpak na haar kind gestuur is om die ergste nood te lenig, want in Duitsland moes dit volgens berigte sleg gaan.

Haarself het sy baie min gegun, want haar eie gebrek was tog so onbeduidend in vergelyking met die ellende, die wanhoop en vertwyfeling oor die toekoms wat daar heers.

Haar lewe word die ene opoffering en liefde, vir Karl daar oorkant en hier veral vir die bure met hul spannetjie kinders. Vier oudjies! Dit kruip vroeg en laat deur die draad, want by „Ouma” is hulle altyd welkom.

„Ouma” het altyd 'n koekie, 'n tuisgemaakte lekkertjie of 'n stukkie appeltert. „Ouma” sorg ook dat daar altyd 'n voorraadjie is, want hoe sal sy vir die heel ou kleintjie kan verduidelik dat daar „nieks” is nie. So het „Ouma” baie lank gelede vir Karl gesien, eers soos die ou heel kleinstetjie, toe soos die tweede en toe soos die derde en nou moet Karl se eie dogtertjie soos die oudste wees. Dis of dit haar eie is — hierdie vier kinders.

Sy onthou nog toe die derde outjie gedoop is. Die moeder was siek en die dominee moes hom in die huis kom doop. Terwyl die moeder in die bed lê en die vader hom vashou, is die Heilige Formulier afgelees en die waterdruppels op sy voorkoppie gesprinkel. Sy was daar en moes saggies huil.

As Karl tog maar na Suid-Afrika kon kom om hier naby te wees en 'n beter bestaan te maak, maar daar was baie struikelblokke in die weg. Karl is ook nie meer 'n kind nie. Hy is getroud en sonder ambag. As amptenaar sal hy nie maklik 'n betrekking kry nie. 'n Lang briewewisseling het gevolg, en so deur alles heen het hy verneem dat ook sy in ietwat behoefte omstandighede lewe, en toe laat glip hy die kleine gedagte wat sulke noodlottige gevolge sou hê, „Moeder kom terug na Duitsland, kom terug na die Vaderland. Ek sal vir Moeder sorg. U kamer staan gereed. Vir u is daar nog altyd 'n plekkie!” Soos 'n saadjie het dit in die vogtige ryk aarde geval, broos en bibberend in die wind ontplooi, gegroei en skielik het dit daar gestaan soos 'n opgekelkte blom in die lenteson.

Duitsland! Karl! Huis toe!

Daar was nou geen keer meer aan die arme ou moedertjie nie. Vaarwel? Dit was nie vaarwel nie. Dit was maar totsiens! Wiedersehen! Die swaeltjies, as die lente kom . . .

Met ongekende stuwung het haar hart opgebruis. 'n Blossetjie het op haar wange gelê.

Maar die nuwe dreigende oorlogswolke? Sê nou maar

Duitsland raak weer in 'n oorlog verstrik of word die slagveld van 'n nuwe botsing? En die harde, genadelose winters en met die nood nog so hoog? Dit alles het haar gekwel en haar vriende het haar probeer afraai, maar dit kon nie opweeg teen die hartstog en verlange van haar moederhart nie. Sy sal teruggaan na haar seun.

Sy het met 'n redery in verbinding getree en geslaag om 'n plek te kry op die Jagersfontein — maar eers oor ses maande, ses lange maande van wag, van spanning en opgewondenheid.

Stadigaand het sy begin regmaak vir die reis.

Toe het sy die stem van Afrika, die legendariese gehoor.

Wat 'n mooi land! Met vertedering kyk sy na die akkerbome langs die straat, na die Outeniqua-reekse, met sagte, beboste glooiings, sien sy die skuimende branders by Heroldsbaai weer in haar geestesoog en die prag van Kaaimansrivier en die Wildernis. Afrika! sug sy.

Sy dink aan die liewe mense, die kinders van haar tweede eggenoot, die bure, die vier kleintjies. Ineens weet sy dat Afrika nie net uit sy natuur praat nie, maar ook uit sy mense en dat sy in 'n tweespalt is. Haar hart verlang na Duitsland, maar Suid-Afrika het ook haar hart vasgevang en met dit groei die onsekerheid en twyfel en knaag dit hardnekkig, aanhoudend en al sterker aan haar.

Ses maande, vyf maande. Traag sleep die tyd verby. Dit word vir haar geprojekteer soos op 'n vlak. Tyd word ruimte, afstand. Sy sien dit as 'n lang pad voor haar, 'n kronkelende pad en haarself as 'n moeë, eensame reisiger wat sukkelend oor die uitgestrektheid beweeg, 'n vermoeide, ineengedoke moedertjie op pad na haar seun.

Uit die bosse en skaduwees sien sy die twyfel en vrees op haar loer, voel sy hul teenwoordigheid instinkmatig en as sy meen dat sy hulle afgeskud het en die gevaar nou agter die rug is, dan duik dit weer soos spoke vorentoe op, soos sluipende ongediertes wat haar op 'n donker plek daar voor gaan voorlê, of soos 'n sluipmoordenaar wat haar by sy lokval inwag.

Stadig, met loodswaar voete beweeg sy voort en eindeloos strek die pad die onmeetlike in. Daar voor, iewers in die onsigbare wag haar seun aan die einde van hierdie tog. Daar sal die rus vir die vermoeide wees en 'n veilige hawe. Van elke hoogte wat sy bereik, sien sy die pad nog maar verder strek, soos 'n lint deur die duisternis. Dit wink maar altyd verder en verder, eindeloos en ewig en terugdraai is daar nie.

Altyd bly die onrus maar en 'n vrees wat haar ou hart vul dat sy soms haar hand daarop moet lê.

En toe het sy tussen die skaduwees wat haar weg omsoom skielik 'n donkerder skaduwee gewaar. 'n Ysige rilling het haar deurhulter en haar hart moes gaan staan.

Dit was nag en sy was alleen in haar huisie toe dit plaasgevind het. Toe sy bykom, het sy tot die ontnugtering gekom dat sy nie kan praat nie en geen beheer oor haar gesigspiere gehad nie. Lank het sy so bly lê. Die wil om te bly lewe en om haar seun weer te sien was egter te sterk en later het sy opgestaan, haar geklee en na die geneesheer gegaan.

Dit was 'n ligte aanval van beroerte wat haar oorval het en sy moes baie versigtig wees, haar nie ontstel nie en nie opgewonde raak nie, het hy gesê.

Onmiskienbaar het sy nou die Donker Gestalte langs haar weg herken, en die kille skaduwee wat voor haar voete geval het.

Traer as tevore gaan die tyd verby. Die maande word weke. Weer sien sy haar op die lang, eindelose pad met sy opdraendes en afdraendes, sy kronkelinge en sy skaduwees. Dit word 'n wedloop, 'n vlug maar, o, sy is so moeg en gedaan en nog sien sy die einde nie. As sy eers by die see is en op die skip, reken sy! Dis of sy dan veilig sal wees teen hierdie sluipende skaduwees op haar weg. Maar die donker man in die donker mantel? Sal sy hom kan ontvlug?

Soos 'n ster wink Karl vir haar uit die onmeetlike.

En toe het die Donker Skaduwee weer oor haar pad geval. Duideliker het sy hom gesien. Sy het sy koue hand haar voel aanraak.

Hierdie keer moes die mense haar in die tuin optel en dit het haar 'n paar dae in die bed gekos. Maar sy het weer herstel, want die wil was te sterk, alhoewel sy effens aan die een sy verlam was. Sterker het Karl uit die verte gewink.

Die weke het dae geword. Die swaar bagasie was reeds weg na Kaapstad en alle dokumente was in orde vir die afreis. Sy het vriende en kennis gaan groet en is weereens getref deur die skoonheid van hierdie land.

„So 'n pragtige land en om te dink ek sal dit nooit weer sien nie.”

„Ag nee wat,” het haar buurman gesê, „Soos die swael-tjies sal u weer terugkom na die sonnige Suid-Afrika, en Karl saambring!”

„Ek glo nie ek sal lank meer lewe nie. Ek kan dit voel,” was haar nugtere antwoord.

Maar vorentoe moet sy, vorentoe op die lang pad oor die

duine na die see en na haar Karl, vorentoe al weet sy ook dat die geheimsinnige donker gestalte voor vir haar wag, verskuil soos 'n struikrower. Miskien ontglip sy hom nog. Miskien is sy voor hom by die skip, miskien voor hom by haar seun. Vinniger sal sy aanstryk, aanstryk, draf, hardloop . . .

Vorentoe is die pad minder oorgroei. Vorentoe word die struikgewas yler, tot waar sy oor kaal duinhellings sal afhol na die see. Onteensegbaar weet sy egter dat hy iewers wag, iewers voor. As sy net eers haar kind weer gesien het, Karl, haar enigste.

Toe het die donker man op 'n draai van die pad uit die bosse te voorskyn gekom. Sy moes gaan staan en alles het gaan staan, verstil, en die hede het in die ewigheid ingewentel. Sy het sy koue hand op haar skouer gevoel en die ruising van sy mantel gehoor. Sy het in sy donker gelaat gekyk en geweet dat dit die einde is. Sy het die kronkeling van die pad teen die hoogte uit gesien, en skielik, in die onmeetlike ruimte, ver tussen die wenteling van die sterre deur, die einde daarvan. In 'n aureool van lig het sy vyf gesigte gesien — die van die vier buurkinders en van Karl.

Hulle het haar in haar kombuis opgetel. Op die tafel het 'n appeltert en 'n pannetjie tuisgemaakte lekkers gestaan en in die stoof het die kole nog gegloei.

Elizabeth C. M. du Toit

APPELS VAN GOUD

Vrou Witte-Onskuld sit onder die trap,
voer haar sewe seuns met speserye-pap.
Uit die Awendland kom die pers wiewe
met 'n towerboodskap in syferskriftaal:

„sewe soek en sewe brand,
„sewe dwaal deur Helleland,
„soek die geheim en soek die goud,
„soek die appelboom in die woud!”

Toe ween hulle al langs die tempelpoort,
toe ween hul langs die donkerblou meer;
elkeen loop allenig, elkeen aan ween,
oor hy nimmer na sy Moeder sal keer.
Die berge staan hoog, die pad is swaar,
wie weet wanneer eers kom hulle daar;
die klippe brand, die lug is soos ys,
en nêrens is iemand wat die weg aan kan wys!

„Sewe seuns van my vreugde het ek,
wat nou oor berge en dale moet trek!
Ag, hier is 'n horing van oewervloed;
Wie tog sal jul in die vreemde behoed?
Al die ou wyses wat vroeërtyd was,
lê lank weggebêre onder klippe en gras...
O, vaar oor die water en vaar oor die see,
maar bring my 'n mandjie vol appeltjies mee!”

„Oorkant die berg staan die Appelboom,
dis daarvan, daarvan, wat ons droom!
Onder hom rank daar 'n Purpere Blom!
Hoe tog gemaak om daar te kom?” —
Toe ween al die sewe, en hul Moedertjie ween,
en droewig gaan hul oor die bergpaadjies heen,
na die stem wat so lok in sy soet towertaal:
„Na my, hierheen, om die Appels te haal!”

Oorkant die berg rank 'n Purperrooi blom:
wie van die sewe sal eendag daar kom?
Bo op die kruin woon 'n Krom Grys Ou Man,
blaas rook op die paaie uit 'n towenaarskan!
En onder in die kloof loop 'n Sneeuwitte Vrou,
wat 'n beker van gif in haar handpalms hou!
En deuskant die nek dwaal 'n Blinde Blou Spook,
wat die harte van mense in toorpotte kook!

„Laat die wind maar draai, die stof maar trek,
die sterre maar val, die son hom bedek!
Laat die rotse maar water word, die bome maar vuur,
heксе en reuse deur die donkerte tuur!
Ek volg maar die lig van die blink Appelboom
wat ek agter die hange na boontoe sien stroom!
Die lug is vol hellevuur en swawel en donder!
Maar Liefde! Ag, die Liefde baar wonder!”

„sewe soek en sewe brand,
„sewe dwaal deur Helleland,
„soek die geheim en soek die goud,
„soek die appelboom in die wonderwoud!”

Emile Zola Na Vyftig Jaar

(1840-1902-1952)

MARIUS VALKHOFF

Dit is nou net 'n halwe eeu gelede dat op 'n kille September-nag Emile Zola gestorwe is, vergiftig deur die rook van 'n kaggel wat sleg getrek het. Die romanskrywer het toe al die hoogtepunt van sy roem bereik, en ses jaar later, in 1908, is sy stoflike oorskot na die Panthéon, die tempel waar die liggame van die grootste manne van Frankryk bygesit word, oorgebring.

Hoe staan ons nou na hierdie bewoë halwe eeu teenoor die belangrikste verteenwoordiger van die Europese naturalisme? Miskien kan ek dit die beste toelig met twee anekdotes. 'n Paar jaar terug het ek as reislektuur 'n roman van Zola in die trein saamgeneem; ek glo dit was *La Terre* (Die Aarde). 'n Franse kollega van 'n ander Hollandse universiteit het langs my kom sit en 'n blik op my boek gewerp. Toe hy sien dat dit Zola is wat ek lees, het hy merkbaar skaam vir my geword en heeltetal oor iets anders begin praat! Dan is daar 'n tyd gelede, op aandrang van 'n aantal Franse skrywers, 'n enquête gehou oor die mees gelese outeur in al die openbare leessale van Parys. Hulle het gehoop hulle sou self tot die uitverkorenes behoort. Tot die verbasing van almal het egter die ou Zola as eerste uit die stembus gekom! Ek dink dat hierdie twee feite tipies is vir Zola se faam in die midde van ons 20e eeu. Aan die een kant het die intellektueles hom verlaat vir meer verfynde skrywers, soos Stendhal of Proust, wat beide nou baie populêr is, of vir modernes. Maar aan die ander kant het Zola in die volste sin van die woord 'n volksskrywer geword: die publiek wat gereeld boeke leen uit die talryke openbare leessale in Parys, is die een wat geen geld het om self boeke te koop nie en bestaan dus uit daardie deel van die Europese proletariaat wat lees en dink, en hulle gee die voorkeur aan Zola.

Wanneer ons Zola se lewe en werk bekyk, verstaan ons hierdie voorkeur van die volk vir hom en daardie afkeer

van die teenswoordige kritici en „beskaafde” lesers beter. Zola, wat in 1840 gebore is, was wel geen volkskind nie — sy vader was een van Frankryk se bekwaamste ingenieurs — maar sy kinderjare en sy jeug was tog baie armoedig en moeilik. Daar was selfs ’n tyd toe hy net van ’n paar stukke droë brood en ’n bottel olyfolie geleef het en van die mossies wat hy op die dak voor sy kamertjie kon vang en braai . . . Sindsdien het hy hom altyd tot die laagste volksklasse aangetrokke gevoel, en daardie volksmense het hy by voorkeur beskryf. Eers in 1862 kry hy ’n pos as klerk by die bekende uitgewery Hachette en kan hy in sy lewensonderhoud voorsien. Twee jaar later begin hy publiseer, maar hy het dan sy weg nog nie gevind nie en sy vertellings is nog baie melodramaties. Onderwyl skryf hy taamlik goeie letterkundige kritieke en kunskritieke, waarin hy besonder die nuwe, impressionistiese skilderskool van sy vriend Cézanne teen die konserwatiewe mening van die publiek verdedig. So het hy verder sy hele lewe voortgegaan en moedig in die bres getree vir die vooruitstrewende ideë in letterkunde, kuns en politiek, en hy het deur sy felle kritiek baie vyande gemaak.

Sy eerste romans met literêre waarde is *Thérèse Raquin* van 1868 en *Madeleine Féral*. In *Thérèse Raquin*, wat ook nou nog leesbaar is — daar bestaan ook ’n mooi rolprent van die boek — herken ’n mens dadelik die skryfwyse van later. Die roman het die tydgenote baie laat skrik deur sy ruheid en die openhartige skildering van die seksuele lewe. Tog voel ons hier nog sterk Zola se romantiese inslag, bv. waar hy die wroeging van die misdadige geliefdes verpersoonlik in die spook van die vermoorde eggenoot. Op die oomblik dat hy *Thérèse Raquin* uitgee, was Zola al besig om in sy hoof sy meesterwerk, die romansiklus van die *Rougon Macquart*, op te bou. Die 20 dele sou van 1871-1893 verskyn met die ondertitel „natuurwetenskaplike en sosiale geskiedenis van ’n familie onder die 2e Keiserryk.” Dis duidelik dat Zola aan Honoré de Balzac se *Comédie Humaine* gedink het, ’n siklus van romans waarmee hierdie groot voorloper die maatskappy van die Restourasietyd (1815-30) en ook wel van Louis-Philippe se koninkryk (1830-1848) uitgebeeld het. Zola het vir homself nou die volgende tydperk, die lewe onder keiser Napoleon III (1851-1870), gereserveer en hom tot die twee of drie geslagte van één familie beperk. Maar sy doel is nie net ’n skildering van daardie lewe en sy uitinge nie. Hy voel hom ’n man van die wetenskap en hy wil met sy wetenskaplike kennis eksperimenteer in die uitbeelding van sy persone. Hy het met

geesdrif Claude Bernard se beroemde *Introduction à la médecine expérimentale* gelees; daardie metodes sal hy nou op die romankuns toepas. Dan is daar nog twee ander dokters: Lettourneau met sy *Physiologie des passions* en Lucas met sy *Traité de l'hérédité naturelle*, wat ook baie indruk op hom gemaak het. Die een verklaar ons hartstogte en gevoelens net as 'n fisiese verskynsel, wat 'n mens as 'n chemiese proses in 'n laboratorium sou kan ondersoek; die ander gee 'n strenge teorie oor die erflikheid van ons temperament en eienskappe. Die ou en groot kritikus Hippolyte Taine het daardie natuurwetenskaplike determinisme al op die literatuurgeskiedenis toegepas en Zola aanvaar dadelik Taine se teorie van die determinerende invloed van die milieu.

So begin hy sy „eksperiment” nog voordat hy al daardie teorieë of hipoteses heeltemal verteer het. Dit sal pas in 1880 die geval wees wanneer hy sy studie *Le Roman expérimental* die lig laat sien. Zola vat twee mense, 'n dronkaard en 'n senuweesieke vrou, sit hulle in 'n bepaalde milieu, laat nou verskillende invloede op hulle en hul kinders inwerk, en hy weet dan presies watter reaksie in sy „retort” sal plaasvind; ten slotte wys hy vir ons die helder eindprodukt, soos hy dit in sy gedagte, in sy „reageerbuis” uitgegiet het! So dink hy dat hy literatuur kan bedryf, en hierdie mengsel van „scientisme” en realisme het hy en sy dissipels met die hoogdrawende naam *naturalisme* gedoop. Ewewel, die menslike werklikheid laat hom nie in retorte uitdistilleer en in reageerbuisies vertoon nie; die *Gees* wat Zola ignoreer het, spot met die wette van die materialiste! So het dan die romansiklus van die *Rougon Macquart* gegroei tot 'n lewende familie-epos, *ondanks* die pseudo-wetenskaplike opset van Zola, juis omdat hy behalwe 'n natuurwetenskaplike amateur ook 'n egte skeppende kunstenaar was. Met Zola het hom dieselfde verskynsel voorgedoen as met sommige katolieke of kommunistiese tendensromanskrywers: as daar nog boeke van hulle as literêre kunswerke leef, kom dit glad nie deur die tendens nie, maar veeleer ten spyte daarvan en net deur die algemene letterkundige waarde van daardie romans, 'n waarde wat vir die tendensskrywer self eintlik min getel het. So bewys die ou leuse van „die kuns om die kuns” nog altyd sy juistheid.

Elk wil nie sê dat alle 20 dele van die *Rougon Macquart* nog ewe goed te lees is vir 'n hedendaagse intellektueel nie. Ons vind Zola partymaal langdradig of eentonig, en sy pseudo-wetenskaplike beskouings doen kinderagtig aan. Hy

MOEDER BOULIN



G.H. FRANZ

GEÏLLUSTREER DEUR NERINE DESMOND

mis elke gevoel vir humor en hy het 'n besliste neiging om uit te wei oor die lae en vuile in die maatskappy en die slegte in die mens. Die seksuele lewe van sy persone beskryf hy gereeld tot in die kleinste besonderhede, waaroor sy teenstanders hom van pornografie beskuldig het. Maar hierdie verwyt is heeltemal ongegrond, want daardie besonderhede kom voort uit sy algemene strewe na wetenskaplike volledigheid, en in ons eeu het romanskrywers baie verder gegaan as Zola. Hy het net één roman geskryf, *Le Rêve* (Die Droom) — 'n mooi roman — met die vooropgesette doel dat „sonder aarseling in die hande van elke jong dogter geplaas kan word,” soos die geykte uitdrukking sê. Maar ek dink dat die teenswoordige jong dogters min nuuts uit Zola se ander romans sou leer en hom dikwels selfs 'n bietjie vervelerig sou vind! Tog is die *Rougon Macquart*-siklus die enigste deel van sy letterkundige werk wat sal voortleef en 'n mens kan elk van die 20 boeke nog wel met 'n mindere of meerdere mate van genoeë lees. Natuurlik is party beter as die ander, maar *alle* romans het darem pragtige beskrywings en lewende karakters. Elk van hulle behandel 'n bepaalde onderdeel van ons samelewing: *La faute de l'abbé Mouret* (Die misstap van pastoor Mouret) bv. die geestelikheid, *La Débâcle* (Die Ineenstorting), die Franse leër en sy ineenstorting in die Frans-Duitse oorlog van 1870, *La Bête Humaine* (Die dierlike in die Mens), die spoorwegpersoneel, *Germinal* (Die Lentemaand), die mynwerkers, ensovoort. Hierdie vyf lyk vir my persoonlik die beste romans van die siklus.

Hierna het Zola nog twee ander siklusse begin: *Die drie Stede: Lourdes* (teen die katolieke pelgrimstogte na daardie stadjie), *Rome* (oor die pouslike hof en sy intriges) en *Paris*; verder *Die Vier Evangelies: Fécondité* (Vrugbaarheid), *Travail* (Arbeid), *Vérité* (Waarheid), terwyl die vierde deel, *Justice*, nie meer klaar gekom het nie. In die eerste siklus, wat 'n mens nog wel met enige moeite kan lees, kom veral Zola se anti-klerikalisme tot uiting; in die tweede, wat ek volkome onleesbaar vind omdat dit geen literatuur meer is nie, predik hy sy sosialisme en sy humanitêre denkbeelde. Party romans is ook as toneelstukke verwerk maar hulle het geen sukses gehad nie.¹

Hierdie artikel is net 'n skets, terwyl Zola seker 'n boek verdien, en daarom moes ek noodsaaklikerwys baie onvolledig bly. Nietemin mag 'n mens nie swyg oor Zola se politieke aktiwiteit nie. Die hele opkoms van die moderne sosialisme het hy meegemaak en hy het 'n steeds vuriger voorstander daarvan geword. Ons het al aangestip dat sy

laaste romans net sosialistiese getuienisse geword het. Maar hy het hom nie alleen tot die teorie beperk nie: hy het sy sosialisme ook in praktyk gebring en 'n hoofrol gespeel in die vermaarde Dreyfus-saak. Wat was naamlik die geval? Die Joodse kaptein Alfred Dreyfus was in 1894 weens spioenasie vir Duitsland veroordeel tot lewenslange opsluiting op die onherbergsame Duiwelseiland naby Frans Guyana. Hy het egter altyd beweer dat hy onskuldig was en 'n slagoffer van die anti-semitisme van die Franse Generale Staf. Dreyfus se broer en vriende, wat veral die linkersyde in die Franse politiek verteenwoordig, het aangedring op 'n hersiening van die proses en sulke beswarende bewysstukke oor dieselfde spioenasie-affêre teen twee ander staf-offisiere te voorskyn gebring dat een van hulle, kommandant Esterhazy, selfmoord gepleeg het. Tog het die regtersyde hom met alle mag teen 'n revisie of rehabilitasie verset, en eers in 1906 is Dreyfus en sy verdediger kolonel Picquart, wat daarom ontslaan was, in eer herstel; daar bestaan selfs nou nog Franse wat aan die skuld van Dreyfus glo!² Wel, aan Zola kom die eer toe dat hy in hierdie buitengewoon felle politieke stryd die belangrikste woord gespreek het in sy beroemde manifes *J'accuse!* (Ek beskuldig) in 1898. Die ontroering wat daardeur veroorsaak is, was so groot dat die skrywer vir 'n jaar na Engeland moes uitwyk om nie gearresteer of vermoor te word nie. Met hierdie moedige daad het hy egter getoon dat hy nie alleen die grootste figuur was van die letterkunde van sy tyd nie, maar ook in die Franse politiek.

.

As illustrasie van die epiese krag van Zola vertaal ek hier die laaste bladsye uit *La Bête Humaine* (Die dierlike in die Mens). Dis 1870, die begin van die Frans-Duitse oorlog. 'n Trein vol met soldate ry na die front. Die masjinis en die stoker van die lokomotief, wat medeminnaars is, word in 'n geveg op lewe en dood gewikkel. Ten slotte val hulle albei van die lokomotief onder die wiele van die trein, wat in rasende snelheid sy ondergang tegemoet ry. Hierdie toneel simboliseer die verskriklike nederlaag wat Frankryk gaan ly.

DIE DOLLE TREIN

Die lokomotief ry, ry, die trein het net nou met groot geraas uit die tunnel gekom, en dit vervolg sy wedren dwarsdeur die leë en sombere vlakte! Die stasie van Malaunay word in so 'n windstoot verbygery dat die onderstasiemeester, wat op die platform staan, selfs nie die twee

manne sien nie, wat besig is om mekaar te verslind, terwyl die weerlig hulle meevoer.

Dog Pecqueux het in 'n laaste kraginspanning Jacques na buite gegooi, maar hý, wat die leegte om hom heen voel, gryp hom in sy ontsetting aan die ander se nek vas, so stewig dat hy hom meesleep. 'n Mens hoor twee verskriklike krete, wat in mekaar oorgaan en wegsterf. Die twee manne, wat saam geval het en onder die wiede meegesleur word deur die snelheid van die trein, word nou deurgesny en fyn gemaal in hulle omarming, in daardie laaste afskuwelike omhelsing, hulle wat so lank as broers geleef het. Hulle is later teruggevind, sonder kop en sonder voete, net twee bloedige rompe, wat mekaar nog vashou, asof om mekaar te verwurg.

En die lokomotief, bevry van elke leiding, ry, ry altyd maar voort. Eindelik kan die weerbarstige, die grillige hom oorgee aan die vurigheid van sy jeug, nes 'n nog ongetemde hings wat uit die hande van sy wagter ontsnap het, en galop oor die ope veld. Die stoomketel is van water voorsien; die steenkool, waarmee die vuuroond net nou gevul is, begin vlam vat; en gedurende die eerste halwe uur styg die druk waansinnig en word die snelheid ysingwekkend. Die treinkondukteur, wat deur moegheid bevang is, het blykbaar ingeslaap. Die soldate, wie se dronkenskap toeneem noudat hulle so op mekaar gepak sit, begin plotseling vrolik te word oor die rasende wedren en sing harder. Die trein ry deur Maromme soos 'n weerlig. En daar word nie meer gefluit nie, by die nadering van die seine, by die deurry van die stasies. Dit was die galop, reg vooruit, van die dier wat vorentoe spring, die kop geboë en swyend, dwarsdeur die hindernisse. Hy ry, hy ry sonder end kry, asof hy meer en meer radeloos geword het deur die snerpende geluid van sy eie asem.

In Rouaan moes water ingeneem word, en die angs versteen die mense van die stasie toe hulle in 'n warrelwind van rook en vlamme daardie dolle trein sien verbyry, daardie lokomotief sonder bestuurder of stoker, daardie beestewaens vol soldate wat vaderlandse liedjies brul. Hulle gaan na die slagveld, en hulle sing om vroeër daar te wees, aan die oewers van die Ryn. Die stasiepersoneel het spraakloos gebly, terwyl hulle swaai met hulle arms. Skielik roep hulle almal dat hierdie teuellose trein, wat aan homself oorgelaat is, nooit sonder ongelukke die stasie van Sotteville, wat altyd versper is deur maneuwars, verstop deur waens en lokomotiewe soos al die groot goederestasies, sal deurkom nie. En hulle haas hulle na die telegraaf en hulle

waarsku. Daarginds kon net 'n goederetrein, wat die lyn beset hou, teruggery word na 'n loods. In die verte word al die gerol van die ontsnapte monster hoorbaar. Hy het hom in die twee tunnels gestort, wat naby Rouaan is; daar kom hy nou in sy rasende galop aan soos 'n wonderbaarlike en onweerstaanbare krag wat niks meer kan keer nie. En die stasie van Sotteville word verbygesnel; die trein gly midde deur die hindernisse sonder iets te raak en hy stort hom weer in die duisternis waar sy gedonder stadigaan wegsterwe.

Maar nou tik al die telegraafstoestelle van die lyn, al die harte klop by die nuus van die spooktrein wat 'n mens net nou verby kon sien ry tussen Rouaan en Sotteville. Die spoorwegmense beef van angs: 'n eksprestrein, wat voor die ander is, sal sekerlik ingehaal word. Maar hy, soos 'n wilde vark in 'n hoë bos, sit sy wedren voort sonder rekening te hou met die rooi ligte of knalpatrone. Hy het amper stukkend geslaan teen 'n maneuvreer-enjin in Oissel; hy het Pont-de-l'Arche laat verstyf van skrik, want sy snelheid skyn nie te verminder nie. Opnuut verdwyn hy en ry, ry in die duister nag, 'n mens weet nie waar nie.

Wat hinder die slagoffers wat die lokomotief onderweg verbrysel het! Gaan hy darem nie die toekoms tegemoet, onbesorg oor die vergote bloed nie? Sonder kondukteur te midde van die duisternis soos 'n blinde en dowe dier wat losgelaat is om die dood te bring, so ry hy daar, ry, volgelaai met kanonnevleis, met daardie soldate, wat al afgestomp is deur die vermoënis en wat besope sing.

1. Alfred Bruneau, 'n leerling van die komponis Massenet het selfs 'n opera gemaak van *Le Réve*.
2. Ek vind self 'n baie sterke bewys vir Dreyfus se onskuld in die getuënis van die hoof van die Duitse Spioenasiediens gedurende die Eerste Wêreldoorlog, H. W. Nicolai. Ofskoon hy nie die minste rede had om hierdie Franse Jood te spaar nie, verklaar hy in sy boek *Geheime Mächte* dat sy Diens glad niks met Dreyfus te doen gehad het nie.

Die Verhaal van 'n Moeder

HANS ANDERSON

(Uit die Deens vertaal deur Hymne Weiss)

'n Moeder het by haar kindjie gesit. Sy was so bedroef, so bang dat hy sou sterf. Hy was bleek, die ogies toe; hy het so saggies asemgehaal en tussendeur soms diep, asof hy sug. En die moeder het nog meer bekommerd na die klein sieltjie gekyk.

Toe word daar aan die deur geklop en daar kom 'n arm, ou man in, toegewikkel soos in 'n groot, growwe perdekombers; want dit het warmte verskaf en hy het daaraan behoefte gehad — dit was in die hartjie van die winter. Alles buite was toe onder ys en sneeu en die wind het gewaai dat dit in 'n mens se gesig sny. En omdat die ou man bibber van die kou en die kleintjie 'n oomblik ingesluimer het, gaan die moeder en sit vir hom 'n klein potjie bier in die kaggel om warm te word. En die ou man sit en wieg die kindjie en die moeder gaan sit op die stoel naby hom en kyk na haar siek kind wat so swaar asemhaal en tel die klein handjie op.

„Glo jy nie ook dat ek hom sal behou nie?” vra sy. „Onse liewe Heer sal hom nie van my wegneem nie!”

En die ou man, wat die Dood self was, knik so wonderlik dat dit net so goed ja as nee kon beteken. En die moeder kyk af op haar skoot en die trane loop oor haar wange; haar kop word so swaar, drie dae en nagte het sy g'n oog toegemaak nie, en nou slaap sy; maar net 'n oomblik, toe skrik sy wakker en bewe van die kou. „Wat is dit?” sê sy en kyk orals rond. Maar die ou man was weg, en haar kindjie was weg; hy het hom saamgeneem. En daar in die hoek brom en brom die ou horlosie, die swaar loodgewig sak tot op die grond, en boem! — toe staan die horlosie ook stil.

Maar die arme moeder hardloop die huis uit en roep na haar kind.

Daarbuite in die sneeu sit 'n vrou in lang, swart klere, en sy sê: „Die Dood was daarbinne in jou huisie, ek het

gesien hoe hy wegvlug met jou kindjie; hy gaan vinniger as die wind, hy bring nooit weer terug wat hy geneem het nie!"

„Sê my net watter pad hy gegaan het," sê die moeder, „wys my net waarlangs, en ek sal hom kry!"

„Ek weet waarheen," sê die vrou in die swart klere, „maar voordat ek dit sê, moet jy eers vir my al die liedjies sing wat jy vir jou kindjie gesing het; ek hou van hulle, ek het hulle al voorheen gehoor, ek is die Nag, ek het jou trane gesien terwyl jy hulle sing."

„Ek sal hulle almal sing, almal!" sê die moeder, „maar moet my tog nie ophou nie, ek moet hom inhaal, ek moet my kind kry!"

Maar die Nag het stom en stil gesit.

Toe vryf die moeder haar hande en sy sing en huil. En daar was baie liedjies, maar nog meer trane.

Toe sê die Nag: „Gaan regs, die donker dennebos in, daar het ek die Dood met jou kindjie sien ingaan."

Diep in die bos het die paaie gekruis en sy het nie meer geweet watter pad om te neem nie. Daar staan toe 'n wilderoos en daar was g'n blare of blomme aan nie — dit was immers ook in die koue wintertyd en daar het ysdruppels aan die takke gehang.

„Het jy nie die Dood met my kindjie sien verbygaan nie?"

„Ja!" sê die wilderoos. „Maar ek sê jou nie watter koers hy ingeslaan het as jy my nie eers teen jou hart warm maak nie. Ek vries heeltemal dood, ek word pure ys!"

En sy druk die wilderoos styf teen haar bors vas sodat dit deur-en-deur warm kon word; en die dorings het tot in haar liggaam gestee en die bloed het in groot druppels afgetap; maar daar het nuwe blaartjies aan die wilderoos uitgeskiet en daar het blomme in die koue winternag uitgekrom: so warm was dit teen die hart van 'n bedroefde moeder. En die wilderoos sê toe vir haar watter pad sy moes gaan.

Toe kom sy by 'n groot see en daar was geen skip of boot nie. Die ys was nie dik genoeg om haar te dra en ook nie oop of vlak genoeg dat sy kon deurloop nie. Maar sy moes daarvoor as sy haar kind wou kry. Toe gaan sy lê om die see leeg te drink, en dit was immers vir 'n mens onmoontlik! Maar die bedroefde moeder het gedink dat daar tóg miskien 'n wonder kon gebeur.

„Nee, dit sal nooit gaan nie!" sê die see. „Laat ons twee liewers sien om ooreen te kom! Ek versamel graag pêrels en jou oë is die twee helderste wat ek nog gesien het. As jy hulle vir my uithuil, sal ek jou oordra na die groot

broeikas waar die Dood woon en blomme en bome oppas. Elkeen van hulle is 'n menselewe!"

„Ag, wat sal ek jou nie gee om by my kindjie te kom nie!" sê die rooigehulde moeder, en sy huil nog meer, en haar oë sak af tot in die diepte van die see en word twee kosbare pèrels. Maar die see tel haar op asof sy in 'n skoppelmaai sit en lig haar met een swaai na die oorkantse kus waar daar 'n mylbreë, wonderlike huis staan. 'n Mens kon nie uitmaak of dit 'n berg met bosse en spelonke en of dit werklik 'n getimmerde huis was nie. Maar die arme moeder kon dit nie sien nie, sy het mos haar oë uitgehuil.

„Waar sal ek die Dood kry wat met my kindjie weggegaan het?" vra sy.

„Hiër het hy nog nie aangekom nie," sê die ou grafvrou wat toesig oor die groot plantekamer van die Dood moes hou. „Hoe het jy dit reggekry om hier te kom, en wie het jou gehelp?"

„Onse liewe Heer het my gehelp," sê sy. „Hy is barmhartig en jy sal dit ook wees. Waar sal ek my kindjie kry?"

„Ja, ek ken hom nie," sê die vrou, „en jy kan nou ook nie sien nie! — Daar het vannag baie blomme en bome weggekwyn; die Dood sal nou-nou kom om hulle uit te plant. Jy weet natuurlik dat elke mens sy lewensboom of -blom het — elkeen na sy aard. Hulle lyk net soos ander plante, maar hulle het harte wat klop. Kinderharte kan ook klop. Gaan soek, miskien herken jy jou kind s'n. Maar wat sal jy my gee as ek jou sê wat jy verder moet doen?"

„Ek het niks om te gee nie," sê die bedroefde moeder, „maar ek sal tot aan die end van die aarde vir jou gaan!"

„Ja, daar het ek niks te doen nie," sê die vrou, „maar jy kan my jou lang, swart hare gee. Jy weet tog self dat dit mooi is en ek hou nogal baie daarvan. Jy kan my wittes in ruil kry, dit is darem nog altyd iets!"

„Begeer jy niks anders nie?" vra sy. „Dit sal ek jou met vreugde gee." En sy gee haar haar mooi swart hare en kry die spierwittes van die ou vrou terug.

Toe gaan hulle in die Dood se groot broeikas in waar blomme en bome wonderlik deurmekaar groei. Daar staan fyn hiasinte onder glasdeksels en groot boomsterk pinksterrose; daar was waterplante, sommige gesond, ander halfsiek. Waterslange gaan op hulle lê en swart krappe klou aan hulle stele vas. Daar was lieflike palmbome, eike en platane, pietersielie en geurige tiemie. Elke boom en elke blom het sy naam gehad, elkeen was 'n menselewe — 'n mens wat nog geleef het, één in China, een in Groenland — en so die hele wêreld oor. Daar was groot bome in klein

potte, so verwing daardeur dat hulle op die punt was om uit die potte te bars. Daar was ook op verskeie plekke 'n klein, agterlike blommetjie, versorg en vertroetel in mos en ryk grond. Maar die bedroefde moeder buig oor al die kleinste plante en hoor hoe die mensehart binne-in klop. En tussen miljoene herken sy haar kind s'n.

„Dit is dié een!” roep sy en steek haar hand uit na 'n klein blou lelie wat heeltemal verlep eenkant toe hang.

„Moenie daaraan raak nie,” sê die ou vrou, „maar bly staan hier. En wanneer die Dood kom — ek verwag hom enige oomblik — moenie dat hy die plantjie uittrek nie, en dreig hom dat jy dit dan ook met die ander blomme sal doen, dan sal hy bang word. Hy moet aan die liewe Heer verantwoording doen; nie een mag uitgetrek word voordat Hy verlof gee nie.”

Meteens waai dit yskoud deur die kamer en die blinde moeder kon merk dat dit die Dood is wat kom.

„Hoe kon jy ooit jou pad hierheen vind?” vra hy. „Hoe het jy dit reggekry om vinniger as ek te kom?”

„Ek is 'n moeder!” sê sy.

En die Dood steek sy lang hand uit na die klein, fyn blommetjie, maar sy hou haar hande styf daarom vas, só styf en tog só versigtig dat sy nie aan een van die blaartjies raak nie. Toe blaas die Dood op haar hande, sy voel dat dit kouer as die koue wind is, en haar hande val magtelos neer.

„Jy kan tog niks teen my doen nie,” sê die Dood.

„Maar onse liewe Heer kan!” sê sy.

„Ek doen maar net wat Hy wil,” sê die Dood. „Ek is sy tuinier; ek neem al sy blomme en bome en plant hulle uit in die groot Paradystuin in die Onbekende Land. Maar hoe hulle daar groei en hoe dit daar lyk, dit mag ek jou nie sê nie.”

„Gee my my kindjie terug!” sê die moeder en huil en smee. Meteens gryp sy met elke hand om twee mooi blomme daar naby en roep vir die Dood: „Ek sal al jou blomme afruk, want ek is wanhopig.”

„Moenie aan hulle raak nie,” sê die Dood. „Jy sê dat jy so ongelukkig is en nou wil jy 'n ander moeder net so ongelukkig maak...”

„'n Ander moeder?” sê die arme vrou en laat dadelik albei blomme los.

„Hier is jou oë,” sê die Dood, „ek het hulle uit die see uitgeduik, hulle het so helder geskyn. Ek het nie geweet dat hulle joune is nie. Neem hulle terug, hulle is nou helderder as voorheen, en kyk af in daardie diep put by jou.

Ek sal die name noem van die twee blomme wat jy wou uitruk, dan sal jy hulle hele toekoms sien, hulle hele lewe, en wát jy wou verruil en vernietig!"

En sy kyk af in die put, en dit was 'n plesier om te sien watter seën die een vir die wêreld word en hoeveel geluk en vreugde om hom oopgevou het! En sy sien die ander een se lewe — en dit was kwelling en nood en verskrikking en ellende.

„Albei is die wil van God,” sê die Dood.

„Watter een is die blom van ongeluk en watter dié van seën?” vra sy.

„Dit kan ek jou nie sê nie,” sê die Dood, „maar dit sal jy van my hoor: dat die een blom jou kind s'n was. Dit was jou kind se lot wat jy gesien het, jou eie kind se toekoms.”

Toe roep die moeder uit van skrik: „Watter een was my kind? Sê my dit! Red die onskuldige! Verlos my kind van al dié ellende! Neem my kindjie liewers weg — weg in die ryk van God! Vergeet my trane, vergeet my gebede en alles wat ek gesê en gedoen het!”

„Ek verstaan jou nie,” sê die Dood. „Wil jy jou kind terughê, of sal ek met hom die onbekende ingaan?”

Toe vryf die moeder haar hande, sy val op haar knieë en smee die liewe Heer: „Moet my nie verhoor waar ek teen U wil bid nie, want dit is die beste. Verhoor my nie, verhoor my nie!”

En sy buig haar hoof af in haar skoot.

En die Dood het met haar kindjie die Onbekende Land binnegegaan.

H. W. Venter

WAAROM?

Ek het gemeen dat hierdie dag
die leemtes van my hart sou vul;
want deur die ure van die nag
kon ek my twyfel nie verhul.
My oë was al moeg en swaar
van huil en wakker lê, en wag;
kon ek dít álles net aanvaar,
sou dit nie nodig wees dat krag
soos water uit my are eb
om in die ruimtes weg te sprei.
O Here! Waarom moet ek skep?
En waarom nie 'n wese bly
wat sommer leef en asemhaal?
Waarom moet ek so bitter ly
om hierdie prys te kan betaal?

Die lewe is tog groter as
die twyfel van 'n mens se hart!
Waarom moet dít wat seker was,
verkrummel in 'n uur se smart?
Die rante van die fyn-dun glas
het diep gesny toe ek wou drink.
Is álles dan soos wintergras
wat sterwe wyl die sterre blink
om heel die nag se duisternis
Met vreemde teerheid te verlig.
Maar al wat vas, en nou nog is,
gryp uit my siel die wrang gedig!

Die Welvoeglikheidsgrens in die Letterkunde

ANNA DE VILLIERS

Die Afrikaner is 'n Westerling, sy beskawing is Westers en sy geestesgoedere sluit aan by die Westerse kultuur; m.a.w. die Afrikaner is nie 'n „Afrikaan” soos die naturel dit is nie, want hy behoort nie alleen tot die bodem van Afrika nie; daarvoor staan hy nog te na aan sy Europese oorsprong. Daarom is sy kultuurgoedere ook van die wortel af op Westerse lees geskoei. Dit sal dus die moeite loon om ons 'n opgawe van die eienskappe van die Westerse kultuurgoedere te doen om ons eie te verstaan.

Binne die bestek tot my beskikking kan ek die saak alleen van een of twee aspekte oorsien, en dit is my alleen om die skeppende literatuur te doen, en nie om die bespieëlende nie, of om 'n volledige beeld van die hele saak te gee nie.

Prof. Sobry gaan in sy *Algemene Literateurgeschiedenis* uit van die standpunt dat Griekeland die eintlike bakermat van die moderne Europese skeppende literatuur is en dat die Griekse letterkunde met sy indringende mensekennis, sy veelsydige vormskoonheid en ryke taaleie die inspirasie geword het wat die Europeaan in later eeue op verskillende tye tot vrugbaarheid gebring het. Dit is die Griekse letterkunde, nie die Romeinse nie, wat tot Europese model geword het; inderdaad, die Romeinse letterkunde het altyd in die skaduwee van die Grieke gestaan, en hoewel die Romeinse letterkunde sy eie hoogtepunte bereik het, bly daar 'n wesenlike verskil tussen hulle. Hierdie verskil hang saam met die subjektiewe benadering van elk van hierdie volke tot sy eie diepste sielelewe. Die Romein is geslote van aard, hy besit 'n taaie konserwatisme wat hom aan sy verlede laat vaskleef en hom nie maklik toelaat om die nuwe wat van buite af op hom instroom, te assimileer nie; so het hy dan ook in 'n groot mate die inwerking van vreemde invloede die hoof gebied. Hy is die nugtere denker, die logiese filosoof, wat 'n eie regstelsel aan die beskawing

gegee het, en wat sy emosies op 'n hoër plan aan sy ratio ondergeskik maak, sodat dit nooit tot sentimentaliteit kan daal nie; maar daardeur boet hy in aan die ewig-menslike, veral omdat die liefde as diep-menslike sielservaring nie in die Romeinse letterkunde uitgebeeld word nie; m.a.w. die menslike oorsaak van die liefde, die vrou, tree nie in die Romeinse letterkunde so op die voorgrond, soos in die Griekse nie. Veral in die Griekse drama word sy uitgebeeld in die omlysting van haar vergeeflike menslike swakhede, haar onvergeeflike diaboliese lis, haar beminlike eienaardighede, haar subtiële geeskrag, haar nobele lewensmoed of onverwinlike geduld; daar sien ons haar stille invloed op die man, haar geraffineerde spel om haar heimlikste wil tot uitvoer te laat bring of haar hardvogtigheid ten opsigte van eie foute. Waar dit alles in die Griekse letterkunde die volste uiting vind, gebeur dit op so 'n ervare wyse, in so 'n ryke balans, met soveel krag en so 'n beheersing van styl dat dit nog nooit deur die mens van latere eeue oortref of selfs geëwenaar is nie, — tot sover prof. Sobry.

Alle hedendaagse Europese literatuur loop in een ononderbroke lyn terug na Hellas. My stelling is dan dat die liefde die sentrale tema van die Europese lettere is en dat die vrou die sentrale figuur in daardie letterkunde is. Dit sluit regstreeks aan by die inhoud, wese en aard van die Griekse literatuur met sy oneindige verskeidenheid van probleemstelling, sy krisismomente en sy uiteenlopende aanleidings tot tragiek. Reeds daar vind ons in die menslike lewe die kieme wat by gunstige omstandighede literêre vorme tot volle wasdom voer. Daar is die religieuse kultus wat ons later in die Middeleeue in Europa in soveel vorme aantref; daar die wysheid wat lewenservaring in fabel of spreuk vaslê, die kennis wat die gees prikkel en die ontroering wat die menslike hart week maak.

Die literatuur is *aanvanklik* met enkele uitsonderinge die werk van die man. Of dit 'n selfopgelegde taak is, dan of dit uit 'n sieledrang tot selfuitdrukking gebore is, dit is die man wat aanvanklik die aandag van die lesende publiek vra (bestaande hoofsaaklik uit lede van die manlike geslag) en die tema waaroor hy 'n drang het om hom te uit, is sy liefde — beantwoord of onbeantwoord, gelukkig of ongelukkig — sy liefde vir die vrou, sy wanhoop oor misplaaste of onbeantwoorde liefde, sy pogings tot verowering van wederliefde, sy wraak by die mislukking of verlies van die liefde, sy redding van sy fatsoen by ontrouheid, en daarby kom die vrou se reaksies op al dergelyke gevalle — wat die eintlike kerntema van die Europese literatuur vorm.

In die Griekse samelewing het die vrou 'n ondergeskikte en onbeduidende posisie ingeneem, behalwe in die geval van Perikles, waar daar wel 'n vrou agter die troon was, maar nie sy eie vrou nie. Maar die man se liefde vir die vrou en die emosies wat daaruit voortspruit, het hom tot die magnifieke skeppinge geïnspireer wat ons oor die eeue heen tot vandag toe nog ontroer. Dink maar aan *Oidipus* van *Sophokles*, en *Antigone* in die *Oresteia*, *Clytemnestra*, *Medea*, e.a.

Aanvanklik vind ons in die literatuur hoofsaaklik die suiwer emosies soos liefde, haat, afguns en jaloesie uitgebeeld, meestal in fel, duidelike trekke; hier kry ons die hoë, geïdealiseerde liefde, die natuurlike hartstog van die een geslag teenoor die ander, die suiwer heteroseksuele, volwasse emosie van die volledig ontplooiende gevoelsmens, die nugtere drange van die daadbeluste held, hier geen sieklike halfwas indiwidu wat in die onvolgroeide stadium van emosionele adolessensie bly vassteek het nie. Die erotiek is helder, normaal; dikwels benader dit die ideële. Selfs die liefde van *Oidipus* vir *Jocaste*, sy moeder, is 'n normale vanweë die feit dat hulle van mekaar se identiteit nie bewus is nie, en niemand is so onthuts soos hulleself wanneer hulle die ware toedrag van sake te wete kom nie.

In die donker eeue van chaos en gisting wanneer die Antieke Literatuur verdring word en in die vergetelheid raak, neem die stryd tussen die Christelike beskawing en die barbaardom sy ernstigste afmetings aan en eindelik wanneer dit sy beslag kry, is dit asof die Christendom van voor af 'n eie kultuurlewe moet opbou. Dit is 'n onbestendige tyd, een van volksverhuisings in die geskiedenis en van klankverskuiwings in die taalgeskiedenis; die ou heldedig en die helde-epos, wat in hierdie donkere beskawingstyd ontstaan, is heroïes van aard, en verheerlik een of ander groot nasionale of heldefiguur, soos die Engelse *Beowulf* of die Oud-duitse *Hildebrandslied*, die *Héliand*, die *Ludwigslied*, die *Waltharius*, e.d.m.

Hierdie Germaanse epiek met sy heidense inslag moes vroeër of later in botsing kom met die Christelike kultuur wat die Christelike Kerk versprei het, en wat die heidense oorleweringe teëgewerk het. Die Middeleeuse Christelike Kerk met sy verering van die Moeder Maagd gryp so diep in in die hart en die verbeelding van die Christelike volke dat die ou Germaanse heroïese epiek verdring word deur die Christelike gees wat die mens nie meer beoordeel na die maatstawwe van eer en moed, van heroïese daade en kragmetings nie, maar volgens etiese motiewe.

In hierdie tyd kom die *Nibelungensage* op die voorgrond. Baie van die liedere is in die Oudnoorse *Edda* opgeteken. Nie alleen in die voorkeur vir vrouefigure nie maar ook in die nuwe belangstelling in die vrou en die verhewe rol wat haar bedeel is, blyk 'n nuwe instelling: die manlike hardheid van die heidense sfeer is nie alleen getemper nie, maar word vervang deur vroulike sagtheid. Die heroïese hou egter in die Germaanse lande langer stand as in die Romaanse suide.

Nou neem Frankryk die leiding met sy *chanson de geste* en die minnepoësie van die troubadoers. Hierdie troubadoers was nie in die lukraak rondtrekkende sangers wat hulle soms voorgestel is nie; hulle het meestal nie hulle liedere self gemaak nie, soos blyk uit die groot ooreenkoms wat daar tussen die liedere bestaan. Hulle het dikwels hulle liedere van 'n ernstige digter ontvang, maar hulle het hierdie minnepoësie bekend en bemind gemaak by 'n publiek wat nog nie die drukpers tot sy beskikking gehad het nie. Uit die aard van die saak was hulle benadering van die vrou gedra deur romantiek en het hulle haar as 'n beminde en verhewe wese voorgestel, soos in hierdie tyd van ridders met hulle jonkvroue pas. Hierdie vroueverering kry selfs 'n eie naam: *cortezia*. Die opbloeï van die hoofse epiek wat in die middel van die 12de eeu 'n aanvang neem, gaan gepaard met die totstandkoming van die ridderwese waaruit die hoofse milieu sy glans kry, soos veral blyk uit die *Arthursiklus* van *Geoffrey van Monmouth*. Ook hierin word die vrou geïdealiseer. So deur die eeue heen word die vrou die bron van inspirasie vir die man, hetsy om haar te win deur grootse daade, hetsy om mededingers met wapenprestaties te oorwin, hetsy om met vernuf of geweld 'n teëstander te uitoorlê of uit die weg te ruim.

Wanneer die Renaissance algemene vernuwing in die aard van die literatuur bring deur die vernude belangstelling in die Antieke Literatuur, bly die vrou in die middelpunt, soos blyk uit die feit dat die belangrikste stof vir die hoofse roman aanvanklik die *Roman van Troje* is met die Helena-figuur, Cassandra, Andromache, Hecuba, ens.

Die benadering van die vrou gedurende die Renaissance is geïdealiseer en die hoofse toon bly gehandhaaf; m.a.w. die vrou is immuun en word as vrou op 'n verhewe plan uitgebeeld, selfs by figure soos *Medea*, wat as karakters onbeminlike, slinkse of skurkagtige eienskappe openbaar. Die verskil tussen hierdie literatuur en die moderne is dat die seksuele element nog heeltemal agterweë bly en nie as 'n faktor by die liefde ingebring word nie. 'n Uitsondering

in hierdie hoofse genre is die *Decamerone* van Boccaccio wat die voorloper van die novelle is, nie soseer wat betref die toon nie, want die toon getuig van 'n geraffineerdheid wat nog selde oortref is, maar wat die inhoud betref. Die invloed wat hierdie kort vertelsels gehad het, het in twee rigtings gewerk, albei weg van die besondere kleur wat Boccaccio daaraan gegee het. In die Romaanse lande soos Frankryk en Spanje het, onder invloed daarvan, in die hande van die jongleurs die *fabliaux* ontstaan: kort vertellinge in digvorm wat meestal 'n toneeltjie uit die volkslewe geteken het, gekenmerk deur 'n ongekonsteldheid en direktheid, wat dikwels ongegeneerd was. Anders as die nomadiese sangers, die troubadoers, was die jongleurs aangewese op hulle kuns as 'n bestaansmiddel; derhalwe moes hulle die populêre smaak bevredig en daarom kry ons by hulle tipiese volkskuns waarin die humor 'n vername eienskap is; hulle het in bevatlike taal 'n drastiese uitbeelding van gewaagde situasies gegee met die hoofdoel om die komiese uit te buit. Dit staan ver verwyder van Boccaccio, wat toon sowel as inhoud betref.

In die Germaanse lande, veral in Nederland, ontstaan die *boerde* wat oorstroom van Breugheliaanse lewenslus, en op die boerekermisse word grof gesinspeel op troubreuk en bedroë eggenote. Ook hierdie bondige vorm van volkskuns staan ver van Boccaccio se novelles.

Hoewel hierdie literatuur soms op die randjie af was, is daar een element wat ontbreek: die emosionele lading. Die gewaagdheid van die situasie kon altyd maklik met 'n komiese kwinkslag op veiliger terrein gebring word; dit is egter anders teenswoordig wanneer 'n ernstige probleem psigologies benader word en die innerlike werkinge van die menslike gees met sy instinktiewe drange en primêre neiginge uitgebeeld word.

Die ongeskrewe sedelikeidnorme van die mens eis dat 'n sekere intieme gebied van menslike verhoudings nie in die openbaar betree sal word nie, en daar elke opgevoede volwasse persoon daarvan goed bewus is, word dit stilswyend geëerbiedig. Dit is 'n niemandsland in die letterkunde en dit is in die 17de en 18de eeue as sodanig erken. Hierdie gebied het 'n grens wat ek die welvoeglikheidsgrens of skaamtiegrens wil noem. Die letterkunde is die periferie van dié grens — die pornografie ignoreer die grens. Waar ons dit oor die letterkunde het — en nie oor die pornografie nie, is dit van belang om hierdie welvoeglikheidsgrens te bestudeer en te sien wat in die 19de en 20ste eeu daar plaasgevind het. Die tydperk val saam met die ontwikkeling van

die sielkunde as wetenskap en die werke veral van Freud en Havelock Ellis; maar ook Adler en Jung het op hierdie gebied feite oor die innerlike lewe van die mens, sy instinkte en drange, sy begeertes en wil bloot gelê en gepaard daarmee die verwantskap daarvan met sy diepste sieleroersele en emosies, wat vandag gemeenskaplike besit van die volk is; en daar het hulle die aandag op seksualiteit gevestig.

Aan die ander kant het daar in hierdie tyd ook 'n verskuiwing van aktiwiteit en belangstelling by die moderne mens ingetree wat tred hou met die posisie van die vrou: die industriële ontwikkeling het vroue-emansipasie meebring. Die beperkte lewenssfeer van die vrou met haar eksklusiewe, intiem-huislike bedrywighede het gaandeweg verruim sodat daar tans nog maar geringe beperkings op haar aktiwiteite gelê word in vergelyking met vroeër. Op allerlei gebied wat vroeër uitsluitend die terrein van manlike prestasie was, staan en presteer sy; ook is die moontlikhede vir ontwikkeling vir haar onbeperk en kan sy haar deur studie op allerlei gebied bekwaam. Maar die vrou het met dit alles haar immuniteit verloor, en sy staan bloot vir die kritiek, die vooroordeel, selfs die belaging wat in die eeue-her hoofsaaklik die lot van die man was.

In die letterkunde bring hierdie wysiging in die posisie van die vrou 'n belangrike verandering: die introduksie van seksualiteit, en gepaard daarmee 'n verlegging van die skaamtegrens. As ons die verhaaltrant van Boccaccio vergelyk met dié van skrywers van die naturalistiese rigting van die 19de eeu, word die verskil gou duidelik: Boccaccio gaan fyn selekterend te werk en weet die onkiese te vermy; hy openbaar onfeilbare smaak en tref die juiste toonhoogte wat by elke geval pas. Alles word by hom lig en helder, vloeiend en lewenswarm, en omdat hy ver bo sy tema uitstyg en geen eties-didaktiese doelstelling het nie, laat hy sy karakters sowel in die rigting van die deug as van die ondeug koers kies, en steek dikwels die draak met kuisheid en huwelikstrou, net soos hy oók deur sy humoristiese invalle ondeug tot karikatuur maak. Dit is sy onberispelike goeie smaak wat die spannende klimaks na 'n verrassende ontknoping lei sonder dat dit tot banaliteit daal.

Die naturalistiese skool wat eintlik as reaksie op die Romantiek gevolg het en 'n uitgroei van die realisme in die letterkunde is, het die welvoeglikheidsgrens van vroeër aanmerklik oorskry. Diegene wat vertrou is met die werke van *Anatole France* en *Zola* weet hoe hierdie realisme gevoer is tot 'n uitrafeling van die diepste en

*Kringloop
van die Winde*



C.M.vandenHeever

heiligste emosies van die mens en die beskrywing van die intiemste verhoudinge tussen die twee geslagte, alle skyn van skaamte en terughouding word meestal op geraffineerde wyse verbrokkel en daar bly weinig oor in die verhouding van man en vrou wat nie fotografies aan die lig gegee word nie. Dink maar aan *France se Le Lys Rouge* en *Zola se La Bête Humaine* en aan *Geertje van Johan de Meester*.

Die naturalistiese skool het nie lank bestaan nie, maar lank genoeg om 'n mate van gewoonheid aan die vroeër ongewone te gee en by die mens is dit asof hy so lang-samerhand op die gebied van die seksualiteit in die letterkunde afgestomp geraak het. Die welvoeglikheids-grens het verskuif, die periferie het wyer en omvangryker geword.

As ons by die 20ste eeu kom, vind ons verdere gevolge van die toenemende industrialisasie, 'n verskynsel in ons ekonomiese lewe wat gekom het om te bly: die ontstaan van die massa in ons samelewing, en van die massamens as individu. Hierdie massamens het ander eienskappe as die enkeling wat 'n normale lewe gelei het en hom nog nooit as deel van 'n massa gevoel het nie. Waar die enkeling sy ontwikkeling in die trant van sy voorgeslag en na die aard van die omgewing waarin hy woon kry, wat dan hoog-intellektueel of landelik, dorps of steeds kan wees, maar sy eie suiwere kulturele inslag het, daar is die massamens die uitgroei van die industrie, waar die gerigtheid suiwer materialisties is. Die massamens het ook 'n kultuur, maar dit is 'n halwe kultuur, waarin selfs dié wat intellektuele vermoëns het, gekenmerk word deur 'n sekere aardgebondenheid, ook wat goeie smaak en goeie toon betref. Die industrialisasie, of liewer die industrie, is die teelaarde vir die middelmatige of „middlebrow,” vir sover dit goeie smaak en goeie toon betref. Dink aan die lektuur en die musiek waaraan die massa vandag voorkeur gee. Hier lyk dit my nog moontlik om verder te differensieer tussen 'n hoër en 'n laer vorm van die middelmatige.

Waar dit in vroeër eeue die begenadigde kunstenaar was wat die *Iliad* geskep het, en dit die *élite* was wat dit behoorlik na waarde geskat het, sien ons dat die literatuur in die verlede die toppunt van die mensdom se vernuf verteenwoordig het. So het daar tegelykertyd ook 'n volksliteratuur ontstaan bestaande uit sprokies en vertellings oor die dade van die vadere waarin die volk hulle verlustig het; maar hierdie volksliteratuur is dood.

Die *élite* staan tans nader na die „middle-brow” literatuur, wat op sy beurt en as gevolg van materialistiese

oorwegings waardeur hy so welig tier hom laat gedy en wat hom aftrek na die peil van die massamens wat met sy groot getalle die vraag skep en dit betalend maak om hom te produseer. Dit sal ook hoe langer hoe meer die smaak van die massa wees wat die aard en wese van die moderne literatuur sal bepaal. Wat die massa voorstaan, ook selfs die skrywers wat die massa lees, sal diegene wees wat die beste afset vir hulle werk sal kry. Kuns is vir die massa 'n vorm van vermaak, amusement, en die massamens, uitgeput deur die arbeid, sal die aard van sy porsie kuns self bepaal.

Wat die welvoeglikheidsgrens betref, weet ons vandag reeds dat die outeurs wat die meeste byval vind, diegene is wat weet hoe om die awonture van sy figure tussen die grillige en die geheimsinnige te laat beweeg en dit op gereëldede afstande te deurspek met 'n mate van seksuele prikkeling waarin die oormaat by wyse van afwisseling die hunkering na wellus in die moderne mens moet bevredig. In sy oorprikkelde staat soek hy na sensasie en erotiek; selfs die psigologiese uitrafeling van die heimlikste roersele van die gees word op die erotiese ingestel. Weer is dit 'n verskuiwing van die welvoeglikheidsgrens.

Maar tans is daar reeds weer 'n ander verlegging in die vooruitsig; die moderne mens wil geamuseer wees. In teenstelling met die heftigheid van die literatuur van die jare na die Eerste Wêreldoorlog — dink maar aan *Im Westen Nichts Neues* en die na-oorlogse romans — lyk dit asof daar 'n soort afstomping in die smaak vir die uitgesproke erotiek gekom het. Die moderne na-oorlogse smaak wil bevredig word met die minste moontlike inspanning. Niemand wil meer boeke met twee of drie dele lees nie; niemand wil die sielkundige uitpinsels van ander deurwaard nie; die mens wil hom amuseer met die minste koste. So lyk dit asof daar uit blote uitputting weer 'n verskuiwing is, hierdie keer in die rigting van matigheid, bv. eksistensialistiese werke soos Camus se *La Peste*, *L'Étranger*. Dit is te hope dat die matigheid wat tans in die meeste lande aangetref word nie later sal oorslaan na 'n hiper-erotiese opsweping wat 'n neo-naturalisme tot gevolg sal hê nie. So 'n moontlikheid is nie uitgeslote nie.

Die Twee Kinders

SANNIE UYS

Dit is tyd vir Goliat om die hoenders kos te gee, en Susan sorg dat sy naby is as dit gedoen word.

Hy is 'n paar jaar ouer as sy en om by te hou, slaan sy af en toe in 'n drafstappie oor. Goliat buk oor die groot kis waarin die graan gebêre word en skeep die graan uit met 'n diep houtbakkie terwyl Susan die swaar deksel met haar stewige armpies vashou. Eenkeer het die deksel op Goliat teruggeslaan en hom 'n kwaai hou op die kop gegee. Vader het gesê as dit 'n wit kind was, was hy dood, maar nie 'n Boesman nie, hul kopbene is mos soos klip, val hulle van die waenhuissolder af op hul kop, sou hulle niks oorkom nie . . .

Van dié tyd af sê Susan altyd: „Ek sal die deksel vashou, Goliat, jy hoef nie bang te wees nie.” En Goliat antwoord: „Wie's bang? Nie ek nie!”

Die waenhuis is vol allerhande rommel. Tuie hang aan dik houtpenne wat in die muur vasgemessel is, 'n rol leerrieme lê in een hoek, osjukke in 'n ander. Grawe, pikke, skoffels staan opgestapel teen die muur. Groot spinnerakke hang oral en daar is 'n ruik van muise en graan gemeng met dié van pasgelooid leer.

Susan laat die swaar deksel terugkletter en stap dan agter Goliat aan na buite. Sy en Goliat is goeie vriende. Wat Goliat doen, wil sy ook doen al moet sy ook dikwels aanhoor dat sy nie met 'n klonkie mag speel nie. „Ek speel nie,” is haar antwoord dan, „ek help Goliat met sy werk.”

Die hoenders word voor die waenhuis kos gegee. Goliat gooi die graan hoog op in die lug, roep „Kiep-kiep! Kiep-kiep!” in sy skril kinderstem en van heinde en ver kom die henne en hane aangejaag. In hul haas val party uit die doringbome waar hulle reeds vir die nag plek ingeneem het. Ander verloor hul ewewig en rol soos 'n bol vere oor die stowwerige grond.

Susan word rof en gooi die graan somer rond en bont.

„Stadig nou, Kleinnooi, stadig nou!” berispe Goliat haar. „Jy moet wyd gooi...” En hy swaai sy dun armpie in ’n halfmaan. „Hoenders moet werk vir hul kos. As jy die graan op een plek gooi, kry net dié wat daar is kos en moet al die ander hongerly.”

Nog voor Susan moeg geword het van die speletjie, roep Moeder: „Susan, kom huis toe! Dit word laat...” Susan vererg haar. Sy word altyd weggeroep as sy by Goliat is. Moeder en Vader roep haar net, maar Grootmoeder sê minagtend:

„Wit kinders speel nie met Hotnots nie. Hulle’s barbare. Ons probeer al honderd jaar om hulle te beskaaf, maar dis verniet!”

Eenmaal het die ou Voortrekkermoeder gesê: „Fransina, hoe kan jy so onverskillig wees? Die twee kinders is altyd bymekaar. Jy moet daar ’n stop aan sit.”

„Ek doen my bes, Moeder, maar Susan is so eiesinnig,” het haar dogter geantwoord. „Hulle’s tog maar kinders. Ek wil nie noual allerhande idees in hul kop sit nie.”

„Dit steek my in die krop. Jy sal nog moeilikheid kry. Onthou jy die keer toe Susan haar vinger in die snymasjien seergemaak het? Ek het so ’n gedagte Goliat het daar iets mee te doen gehad.”

„Miskien... maar ek dink nie so nie. En al was dit so, is ek bly Susan het hom nie kom verklik nie. Jy weet, Moeder, ek dink Susan aard baie na jou. Net soos jy het sy ’n sin en wil van haar eie, weet sy altyd net wat sy wil hê en slaag sy gewoonlik ook daarin om dit te kry. En sy kan ook verstandig wees. ’n Mens kan altyd met haar redeneer — net soos ek nou met Moeder redeneer. Ek dink regtig ons bekommer ons verniet oor haar, sy sal regkom.”

„Miskien...” het Grootmoeder half-nors gebrom. „Ek dink tog sy word te veel toegelaat. Dinge was baie anders toe ek ’n kind was. As ek nie na my ouers geluister het nie, het ek ’n goeie loesing gekry.”

„Van slae kan daar geen sprake wees nie. Jan sou nie vir Goliat ’n klap gee nie. Hoe sou hy dan Susan wat sy oogappel is, ’n pak slae gee?”

„Ek is nie sulke dinge gewoond nie. Ek pas nie by die tyd nie of die tyd pas nie by my nie...” het die ou vrou gesug en toe die kombuis uitgestap om buite in die son seep te maak.

Die twee kinders is gedurig bymekaar — die mooi frisgeboude dogtertjie van Hollandse en Duitse afkoms met haar geel hare en blou oë; en die klonkie, half-Boesman, half-Hottentot, klein en maer met sy dun arms en bene, sy nou

borskassie en sy kop die ene peperkorrels wat vir Susan altyd so snaaks is. Soms, as Susan na die peperkorrels kyk, skud sy onwillekeurig haar pragtige bos hare en is sy bly dat sy nie so gestraf is nie.

Maar daar is iets wat sy Goliat beny. Die vel van sy fyn bruin hande is skoon en glad terwyl haar hande met lelike vratjies ontsier is. Sy verafsku die aaklige goed. Sy het eenkeer probeer om die gewassies met 'n speld uit te roei en toe skree iemand: „Jy sal bloedvergiftiging kry, lawwe kind!”

Goliat het opgemerk sy bekommer haar oor die vratjies. Toe, omtrent 'n week gelede, vertel hy haar hy weet van 'n raat. „Jy moet jou hande aan 'n dooie liggaam vryf, aan 'n lyk,” het hy verduidelik. „Osie Griet het my Ma vertel, ek was by, en het alles gehoor wat sy gesê het!”

„En waar kry ek 'n lyk?” het Susan gevra. „Is 'n skaap of 'n vark nie net so goed nie?”

„Nee, nee, Kleinnooi, dit moet die lyk van 'n mens wees, liever 'n witmens,” het Goliat met diepe erns geantwoord.

Na hulle die hoenders kosgegee het, gaan hulle kyk of daar eiers in die neste is. Toe hulle niks vind nie, sê Goliat: „Jy beter nou huis toe gaan. Jou Ma soek seker al na jou. Ek moet gaan voer sny . . .”

Hy is nie gretig om Susan in die nabyheid te hê as hy voer sny nie. Hy het ruime tyd nodig as hy die gerf oor die sekel trek wat in die krip vassit, Susan wil altyd alles saamdoen en hy is bang sy kry seer. Hy onthou die snymasjien en hoe sy haar vinger op die rat gesit het net toe hy onder die wiel deurkruip.

„O nee, sy sal nie na my soek nie,” sê Susan, „sy's baie besig by die naaimasjien. Sy maak vir ons nuwe rokke vir Kersfees en sy't nog net een week. Daardie nuwe rok wat Ma vir my maak, gaan ek op Kersdag dra, en ook 'n nuwe syhoed met 'n kransie vergeetmynietjies om die bol! Miskien sal my Pa vir jou 'n nuwe hemp gee.” En Susan kyk met 'n kritiese blik na Goliat se flenterhemp en die ou verslete baadjie wat hy aan het. „Pa kla altyd dat jou Ma al jou verdienste neem en nooit eers vir jou 'n stukkie klere koop nie.”

„Ek wil nie 'n hempie hê nie!” sê Goliat beslis. „Ek wil 'n bekfluitjie hê. Damon het een en hy wil dit nie vir 'n minuut afstaan nie. Maar wat help dit om aan 'n bekfluitjie te dink? My Ma sal nimmer as te nooit vir my een koop nie.”

„Waarom bid jy nie vir een nie? Dit sê in die Bybel as jy iets vra, *enigiets* — en Susan stamp met haar voet in die gruis van die pad — „sal dit aan jou gegee word. Ek het

gebid toe ek my nuwe haarlinte verloor het en ons liewe Heertjie het my gebed geantwoord. Ek het hulle teruggekry.”

Goliat krap met sy vingers in sy peperkorreltjies en sê: „Ons liewe Heertjie het hulle nie gekry nie. Damon het hulle in die kraalheining gekry waar die wind hulle in die takke vasgewaai het. En as dit nie vir my was nie, sou jy hulle nooit weer gesien het nie. Ek het hulle uit Damon se sak geneem toe hy sy baadjie hier in die stal ophang, en toe vir Osie Griet gegee.”

„As ek jy was, sou ek in enige geval bid. Jy weet nooit nie . . .”

Sy bly 'n oomblik stil, en voeg dan glimlaggend by:

„As jou Ma jou Kersdag na die kerk neem, sal jy my daar sien in my nuwe rok en 'n *grand* hoed.”

„Ek wil nie kerk toe gaan nie,” sê Goliat met nadruk. „Ek wil saam met die ander klonkies by die rivier gaan speel en daar in die son lê. Kersdag gaan dit vreeslik warm wees en dan sit jy daar in die benoude ou kerk terwyl ek in die rivierbedding kleilat speel!

Dit was 'n goeie ding dat Grootmoeder nie hierdie roekelose gesprek gehoor het nie. Vir haar — soos vir al die boere in die omtrek — is Kersdag 'n heilige dag, 'n dag wat geheelenal aan die godsdiens gewy moet word. Op dié dag sal Jan Odendaal sy hele gesin in die kapkar laai en hulle na die sendingstasie se kerkie neem op die mooi klein dorp, Zuurbraak, aan die voet van die Langeberge; en daar sal eerw. Helm dan sy gemeente (meestal die volkies en hul families) die ou storie van die geboorte van die Christus-kind vertel.

In die volgende week sien Goliat maar min van Susan. Skool is gesluit, en haar suster, Cornelia, kan nou met haar speel. Die skoolkamer word aan hulle oorgegee en daar speel hulle heeldag met hul poppe.

Dis 'n week voor Kersfees. Cornelia het die poppe almal netjies aangetrek, teen die muur geprop, en is nou besig om vir hulle 'n preek af te steek. Susan karring die rooi suring wat sy op die werf gepluk het, fyn, om die sap vir „wyn” te gebruik. Skielik hoor sy 'n hamerkop se geroep — Goliat se sein dat hy iets van belang aan haar wil wys. Sy smyt haar gereedskap neer en 'n kits is sy uit die kamer op pad na die waenhuis waar, weet sy, sy Goliat sal kry. Miskien het Goliat op 'n nes vol groengespickelde eiers wat sy so graag wil hê, afgekom; miskien is dit 'n hele trek splinternuwe varkies. Sy het opgelet dat die ou sog, Dora, al kwaaiër en vetter word. Al die wonderlike dinge wat op

die plaas gebeur, val altyd Goliat te beurt. Omdat sy 'n meisie is, moet sy maar met die dooie ou poppe tevrede wees. As Cornelia by is, kan popspeel nogal interessant wees; maar as sy op haar eie moet popspeel, verveel sy haar bloedig.

As sy by die waenhuis kom, sien sy Goliat in die oop solder deur staan. Hy wenk vir haar om langs die leer op te klim. Dis duidelik hy het iets besonders ontdek. 'n Oomblik aarsel sy. Sy was nog nooit op die solder nie. Dis iets wat haar ouers haar streng verbied het. Die leer lyk baie hoog, maar dis nie iets om 'n kind so vasberade en eiesinnig as Susan af te skrik nie. Alles gaan goed totdat sy by die laaste sportjie kom. Die gaping van daar tot by die solderdrumpel is 'n bietjie te groot vir haar kort beentjies. Goliat gaan lê plat op sy maag, klem die kosyn met die een hand vas en trek haar op met die ander. Hy ruk so kwaai dat sy uitasem langs hom in die strooi beland. Tjoepstil sit die twee kinders in die halfdonker. Al wat Susan hoor, is die geklop van haar hart en die wir-wir van vlermuise. Toe spring sy op en skud die strooi van haar rok af.

„Wat is dit?” fluister sy.

Goliat wys na 'n hoekie van die solder waar Mieta, die kat, in die strooi lê terwyl vier snaakse wurmagtige dier-tjies met pot-toe oë om en oor haar liggaam kruip.

„O, hoe skattig!” roep Susan uit terwyl sy op haar knieë langs die kat neerval.

„Ek sou nie te veel aan hulle vat nie,” sê Goliat. „Ek dink nie hulle Ma hou daarvan nie. As hulle ouer is, bring ek hulle huis toe vir jou. Dan kan jy met hulle speel so veel soos jy wil . . .

Susan luister nie na Goliat nie. Sy sal nie die kleintjies seermaak nie. Al kan sy partykeer rof wees, is sy die teerheid self so gou sy met diere te doen het.

„Nou moet ons gaan,” sê Goliat. „Ek moet nog die kalwers gaan haal.”

Hoe om Susan se kort bene by die eerste sport van die leer te kry, is 'n groot vraagstuk. Die twee kinders durf nie om hulp roep nie. As hulle hier gevind word, is die gort gaar.

„Ek sal eers gaan, jou dan aftel . . .” gee Goliat fluisterend raad. „Sorg dat jy jou asem ophou. Maak jouself so lig soos 'n veer en hou jou stil. As jy dit nie doen nie, laat val ek jou dalk . . .”

Met die uiterste inspanning slaag Goliat daarin om Susan veilig op die sportjie te kry. Onmiddellik daarna is daar 'n dowwe slag en die klonkie lê op sy rug op die grond. Bleek

en verskrik, skreeu Susan om hulp. Mense kom aangehardloop. Iemand dra haar van die leer af en sit haar op die werf neer waar sy met 'n skuldige indrukking op haar gesig na Goliat staan en kyk. Sy wonder of sy 'n pak slae sal kry. Vader is op die lande waar die volk oes, en kan nie vir haar opkom nie. Niemand neem van haar notisie nie. „Die kind het sy arm gebreek,” hoor sy aia Griet sê.

„Haal die harde matras van Griet se bed af,” sê Moeder vinnig. „Vat die leer daar van die muur weg, en dra Goliat op die matras na die skoolkamer. Wees versigtig! En jy, Damon, saal die perd op en gaan sê vir die Baas wat hier gebeur het. Die kind moet na die dokter geneem word.”

Toe Goliat op die matras gelig word, skree hy in angs:

„O Gotta! Moenie aan my vat nie! Laat my staan! Laat my staan!”

Susan druk haar vingers in haar ore, maar dit help nie, sy hoor net dié aaklige geskree.

Moeder gee Goliat iets om te drink. Hy lê op die matras in die skoolkamer. Vanwaar hulle teen die muur opgeprop sit, staar Susan se poppe hom pal aan. Goliat neem sy blik nie van die poppe af nie. Snaakse dinge gebeur met die poppe. Susan se geliefkoosde pop, Frederika, word groter en groter. Sy is al amper net so groot as Susan self. Ook die Noags-Ark word groter en groter... tot dit byna so groot is soos die sendingkerkie op die koppie waar Susan op Kersdag in haar nuwe hoed en rok sal pronk. Groter en groter... die Ark se boompies is so groot nou soos die bome daaronder waar die lande ophou by die plaat melkbos. Dinge word so groot, hulle kan nie meer groei nie, hulle sal moet bars. Die pyn in sy arm is vreeslik. Iets moet gebeur... iets moet... Toe word alles swart voor Goliat se oë.

* * *

Dit was byna donker toe Jan Odendaal in sy oopkar van die werf wegtrek. Hy ry so versigtig moontlik oor die rowwe paaie. Daar is nie 'n hospitaal in Swellendam nie. Die dokter sal die arm moet spalk en die kleurlingvrou wat in die agterplaas van sy dorps huis woon, sal die kind moet versorg.

Uitgeput en mismoenig, kom hy eers teen middernag weer by die huis aan. Hy is besorgd oor sy flukse klein plaasjong. Hy bid dat dit goed sal gaan met die klonkie. Toe hy deur die kinders se kamer stap, gaan staan hy langs Susan se bedjie. Roerloos staan hy daar en afkyk na die slapende kind. Haar asem kom rustig, hy sien hoe die blou kombes wat haar borsie maar half bedek, saggies op en af roer. Haar wange is so rooi soos 'n perske, sy sien daar

fris en gesond uit. Dit kon net so wel Susan gewees het as Goliat, dink Jan Odendaal, en hy sug. Dis byna onmoontlik om iets reg te maak wat van die staanspoor af verkeerd geloop het. Al die goeie kos wat Goliat hier op die plaas gekry het, kon nie vergoed vir die tye van ontbering wat die kind in sy vroegste jare moes deurmaak nie.

Die volgende paar dae is daar geen nuus van Goliat nie. Susan dwaal mistroostig in die huis en op die plaas rond. Selfs die naderende Kersdag en die gedagte aan die nuwe rok en hoed met sy kransie vergeetmynietjies in die hoede-doos onder die gordyn in die vrykamer, gee haar geen plesier nie. Goliat is nie hier nie, daar is vir haar niks om te doen nie . . .

Dit is Saterdag, die dag voor Kersfees. Vader gaan dorp-toe en neem Susan en Cornelia saam. Hy wil hoor hoe dit met Goliat gaan en het ook ander besigheid op die dorp.

Op die lang, vervelige ent pad verstom Jan Odendaal hom dat die lewendige Susan vandag so stil en bedaard is.

„Maar wat makeer jou, klein ding?” vra hy. „Het jy jou tong verloor?”

Met haar groot blou oë kyk Susan haar vader stip aan en steek dan haar tong uit.

Toe hy in die agterplaas van sy dorps huis Susan uit die kar uittel, fluister sy:

„Vader, dis Kersfees. Koop asseblief vir my 'n mondfluitjie met die geld wat tant Kobie vir my gegee het.”

„Jy weet hoe om my om jou vinger te draai, jou klein skelm!” sê haar vader. „En ek weet wat jy met die fluitjie wil maak.”

Daar is niemand in die agterplaas nie en alles is doodstil. „Nou, wat gaat hier aan?” vra Jan Odendaal terwyl hy om hom kyk. „Waar's die mense dan? Ek het iemand nodig om my te help uitspan. Arlina! Arlina! Waar is jy?”

Die deur van die buitehuisie gaan oop en Arlina, die kleurlingvrou, kom te voorskyn. Sy hou haar voorskoot voor haar gesig.

„Goliat, die arme Goliat!” snik sy. „Hy is gisteraand dood. Die eerste paar dae het dit goed gegaan. Die dokter sê hy't klem in die kaak gekry. Ons het alles gedoen wat daar gedaan kon word. O Heretjie tog, die arme moeder, die arme kind!”

„Cornelia,” sê Vader, „hier's die sleutel van die voordeur. Neem Susan, maak die huis oop en bly daar. Dalk neem dit 'n hele tyd voordat ek weer terug is.”

Its vreesliks het gebeur, maar vireers kan Susan nie mooi reg begryp wat dit juis is nie. In die groot muurkas

in die agterste kamer waar niemand daaraan sal dink om na haar te soek nie, steek sy haar weg.

Goliat is dood! het Arlina gesê.

Dood? Al wat sy van die dood weet, is wanneer diere op die plaas geslag word. Dan bly sy ver van die waenhuis of stal af. Die arme onnosele skaap lyk so ellendig en die aaklige geskree van 'n vark kan sy ook nie verdra nie. Dan hardloop sy gewoonlik na die agterste kamer, druk daar die groot verekombers styf om haar ore om die ontsettende geluid te smoor en versmoor amper haarself.

Sy wil Goliat sien, maar sy wil hom nie dood sien nie. Sy wil hom in die lewe sien soos sy hom gesien het toe hy die hoenderkos in die lug gooi of in die kraal die kalwers blootsrug ry. Goliat sal dié dinge nooit weer doen nie. In Arlina se huisie, net langsaan, lê hy koud en stil. Hy sal gou daar weggeneem en in die Zuurbraak begrawe word. Sy weet goed wat dit beteken om begrawe te word. Goliat en sy het al begrafnis gespeel. Sy het 'n dooie kuikentjie in 'n groot vuurhoutjiedoos ingeprop en hulle het dit toe in die binneplaas onder die vyeboom gaan begrawe. Sy het selfs een van haar poppe wat oë, arms en bene verloor het, op dié manier begrawe.

Voor hulle Goliat kom wegneem, moet sy hom nog eenkeer sien. Haar oë brand en daar sit 'n knop in haar keel. As Moeder maar net hier was om haar te troos. As sy maar net haar kop op Moeder se bors kan lê, dan sou die swaar ding wat hier op haar hart druk, verdwyn.

· Toe sy by die huisie aankom, is Arlina nie meer so verdrietig nie. Die teenwoordigheid van die dood gee haar 'n waardigheid wat sy nie anders ken nie.

· „Kom binne, my Kleinnooi,” sê sy vriendelik. „Die kind slaap so mooi na al die pyn wat hy moes deurmaak, jy kan gerus na hom gaan kyk.”

Met trae voetstappe volg Susan Arlina in die agterkamer-tjie in. Geen sonstraal val deur die venster nie, en dis koud en donker daar. Maar na 'n rukkie kan Susan alles duidelik sien. Goliat lê onder 'n verslete stuk deken op 'n baar gevorm van 'n paar planke wat op paraffienkissies rus. Sy voete, kop en bors steek onder die deken uit. Toe Susan nader staan, merk sy dat Goliat een van haar nagjurke aan het — die een wat Moeder met Vader saamgestuur het die nag van die ongeluk. Die jurkie is te kort vir Goliat; nie net sy voete nie, maar ook sy dun bene steek onder die deken uit. Susan se blik by pal gevestig op die growwe, verwaarloosde bruin voete wat daar so kaal en nakend op die liggeel

plank orent staan. Dan trek Arlina die onderent van die ou deken oor Goliat se voete.

Toe die kleurlingvrou een van haar kleingood buite hoor skree, stap sy vinnig die kamer uit. Susan is alleen. Sy kyk nog altyd na die voete wat sy nie meer kan sien nie. Sy het nie die moed om na Goliat se gesig te kyk nie. Dan gewaar sy sy hande. 'n Ruklank rus haar oë op die twee gevoude hande. Daardie bruin hande wat nou so liggies op Goliat se bors lê, dink Susan, kon alles doen. Hulle kon 'n vlieër bou, klei-osse vorm, allerhande speelgoed met 'n knipmes uitsny... Eenkeer het Goliat 'n oulike sitkamerstel vir haar pophuis gemaak uit ystervarkpenne.

Susan kan haar oë nie van Goliat se hande afhou nie. Sy wil huil, maar sy is vasbesluit sy sal nie. Sy bal haar vuiste en druk haar vingernaels so diep in haar vlees in dat sy die vratjies aan haar hande seermaak. Dan kyk sy na haar hande en onthou dat Goliat haar gesê het sy kan van die aaklige goed ontslae raak as sy hulle teen 'n lyk aanvryf.

Hier is nou 'n lyk en dis Goliat, haar vriend. Sy wil, maar sy wil nie. Sy is bang om aan die dooie liggaam van haar vriend te vat. Goliat lê daar so koud, so ver van al die warmte van die lewe soos sy dit ken.

Susan voel koud, amper versteen, asof sy nie 'n hand kan oplik nie. Dan kom daar 'n trek op die kind se gesig wat haar op 'n eienaardige manier aan haar grootmoeder laat lyk — dié grootmoeder wat duisend myl ver getrek het deur vol riviere en oor berge waar geen paaië was nie; en wat die gevaar van wilde diere en vyandiggesinde kafferstamme trotseer het teneinde in 'n ver woeste land 'n nuwe tuiste te vind.

Saggies lê Susan haar hand teen die yskoue vel van die Boesmankind. En dan vlug sy die donker kamer uit na die helder sonlig daarbuite waar sy slegs tot stilstand kom toe sy haar teen haar vader se lang bene vasloop.

„Wat op aarde makeer jou, Susan?” vra Jan Odendaal terwyl hy die histeriese kind in sy arms neem en haar probeer troos.

* * *

Dit is Kersdag en die Odendaal-familie sit in die voorste bank in die kleurlingkerkie bo op die koppie. Eerwaarde Helm vertel sy gemeente die ou-ou storie van die Christus-kind wat, toe Hy 'n man geword het, nie wou toelaat nie dat daar ooit aan 'n kind aanstoot gegee word, want aan hulle behoort die Koninkryk van die Hemele.

„Dit is vir ons 'n treurige dag,” hoor Susan die Eerwaarde sê. „'n Kind is uit ons midde geneem . . .”

Dit was vreeslik en wreed teenoor Goliat, dink Susan, dat hy op só 'n manier sy lewe moes verloor. En dis ook vreeslik en wreed teenoor haar. Dan oorval 'n diepe leed Susan — die leed van 'n kind wat te staan kom teen 'n mag wat sy nie kan begryp nie — en word sy oorweldig deur 'n skrynende gevoel van onregverdigheid.

Moeder moes iets agtergekom het. Sy neem haar dogtertjie by die hand en loop saggies die kerk uit. Hulle stap langs die rivierpaadjie af deur die droë geel gras. Op die rivierwal gaan hulle in die skaduwee van 'n groot wilgerboom sit. Moeder buk, steek haar sakdoek in die water, en baai Susan se gesig. Vinkneste hang laag oor die breë stroom wat so stil verbyvloei.

Toe sê Moeder:

„Goliat was jou vriend, Susan. Hy sal nie wil hê dat jy so oor hom moet treur nie. Hy sal jou liever gelukkig wil sien. Goliat het van ons weggegaan net soos die rivier hier van ons wegvloei. En Goliat het na iets groters en skoners gegaan as die oop blou see waarin dié vaal rivier eindelik verdwyn . . .”

Susan kyk na haar hande en wonder wanneer die vratjies gaan verdwyn.

Meisies van Verlore Jare

BARTHO SMIT

PLEK: Die gemeenskaplike sitkamertjie van 'n ouetehuis.
TYD: Laat in die middag.

OUMA MARIA sit alleen en hekel. Sy is oud — ongeveer 82 jaar — maar besonder sterk en lewenskragtig vir een van haar jare; stug, byna nors van spreekwyse.

MIETJIE kom na 'n wyle binne. Sy is 'n vrou van in die sestig; kinderagtig, een van daardie vroue wat nooit volwasse geword het nie, simpel byna. Sy is egter nie verspot nie, maar eerder kinderlik opreg in wat sy sê en doen.

MIETJIE (*met 'n giggel-laggie*): Lyk my Ouma Maria is net so opgewonde soos ek. Ouma sit nou-al hier, en dis nog lank voor die koffie kom. Maar ek kan self ook nie meer wag nie . . .

MARIA (*loer oor haar bril; kortaf*): En waaroor sal ek so danig opgewonde wees?

MIETJIE: Oor dat *hy* kom natuurlik! O, ek is so opgewonde! Ouma weet, dit voel vir my soos in die ou dae en dis my jonkman wat kom. (*Sy giggel weer*). Ek kan my siek lag van pure opgewondenheid.

MARIA: Jy's verspot, Mietjie.

MIETJIE: Ek voel verspot; maar dis van pure opgewondenheid. Het Ouma nog nooit so gevoel nie? So, asof daar sommer 'n groot ding gaan gebeur?

MARIA: Nee, ek het nie.

MIETJIE (*loer deur die gordyntjie*): Ek wonder wanneer kom hy? En Nonnie is ook so tydsaam. As ek Nonnie was, sou ek my dood bekommer het dat hy dalk kom voor ek klaar is. Sê nou net hy kom nou, dan is sy nie eers hier nie. Dan is ons alleen hier . . . O, ek wens hy kom nou. Sal dit nie wonderlik wees nie, Ouma! Net ons twee hier om hom te ontmoet. (*Sy giggel weer.*) Dit sal wonderlik wees!

(URSULA het ondertussen met 'n bos blomme binnegekom. Ook sy is in die sestiger jare, maar sy maak 'n

- deftige, byna gesofistikeerde indruk; ryp en besadig, met 'n oog vir die skoonheid.)
- URSULA (*lag*): Ag jy, Mietjie!
- MARIA: 'n Mens sal sweer 'n man is 'n snaakse ding.
- MIETJIE: Ouma maak nou sommer of dit niks is nie, maar ek weet...
- MARIA (*kwaai*): Toe nou! Ek had nou genoeg van jou lawwigheid. Loop kyk liever waar die koffie vanmiddag bly.
- MIETJIE (*gedemp*): Ek het na Chrissie kom soek. Waar is Chrissie, Ouma?
- MARIA: Seker in haar kamer.
- MIETJIE: Sy is nie. (*Sy trippel-loop by die deur uit; as sy nog in die gang is, roep sy al:*) Chrissie! Chrissie-ie!
- MARIA: Sy's skoon laf vandag.
- URSULA (*besig om die blomme in 'n blompot te rangskik*): Mietjie verstaan die kuns om die meeste van elke geleentheid te maak... Ouma Maria sê nie eers die blomme is pragtig nie.
- MARIA: Waarvoor is dit?
- URSULA: Vir die blompotte. Dit sal darem te sleg lyk as daar nie eers vars blomme in die vertrek is nie — en buite is dit die ene kleur.
- MARIA: Julle is sommer verspot met al hierdie gedoentes. Dis 'n ge-aantrekery en 'n gebloemepLUkkery — 'n mens sal sweer dis die koning van Engeland wat kom!
- URSULA (*lag skalks*): Ouma Maria het darem self ook Ouma se Sondagrok aan.
- MARIA (*blaas deur die neus*): Nie daarvoor nie! Ek is nie meer 'n kind nie.
- URSULA (*nog besig met die rangskikking*): En tog ook nie oud nie. Daar is nou wel so 'n paar rimpels en die hare is wit, maar wat maak dit nou saak? Die hart is nog soos hy was toe ons oor die watervore gespring en boom geklim het. En dieselfde bloed loop nog in ons are.
- MARIA: Wag maar dat jy my jare kry, dan sal jy anders praat.
- URSULA: Het Ouma Maria al ooit 'n voël gesien wat oud is? Die voëls lyk almal eners; hulle is almal ewe jonk — net omdat hulle vere het wat die vel bedek. Dis die vel wat ons oud laat lyk. Hy raak dor en verrimpeld; maar binnekant bly ons altyd dieselfde... Was Nonnie nog nie hier nie?
- MARIA: Nee, hulle trek mos almal aan soos vir 'n trouery.
- URSULA: Ag, maar 'n mens kan hulle ook nie kwalik neem

- nie, veral nie vir Nonnie nie. Dis mos nie elke dag dat so-iets gebeur nie.
- MARIA: En wat is nou so snaaks daaraan as 'n kleinseun kom kuier?
- URSULA: Maar dit is meer as dit, Ouma Maria. Hierdie kleinseun is al wat Nonnie nog in die wye wêreld het. En die kind is nou al hoe lank in die oorlog. Hy ry in 'n vliegmasjien rond en gooi bomme af op die vyande. Hulle kan hom enige oomblik daar afskiet. En watter bekommernis moet die arme Nonnie nie al die tyd uitstaan nie.
- MARIA: Dis alles waar, maar dis nog g'n rede om so kinderagtig te wees nie.
- URSULA: En hy lyk glo soos Nonnie se man toe dié jonk was, en hy het dieselfde naam ook — Herman. Ek dink dit moet 'n snaakse gevoel wees as so 'n seun na jou toe kom — soos jou man wat weer jonk vir jou kom kuier. Dit moet kompleet so voel.
- MARIA: Ja, Nonnie se man is ook maar vroeg dood. Maar dié kinderagtigheid — dis nou gans onnodig!
- (CHRISSIE kom met die koffie binne. Ook sy is in die sestig, maar minder grys as die ander; van die klaerige soort wat nooit met iets tevrede is nie.)
- MARIA: Hoe bring jý dan vandag die koffie?
- CHRISSIE: Nee, sý het weer mense. Ek het vir Nonnie gesê as ons nie self 'n plan maak nie, sal ons tot donker wag. Dis al amper half-vyf.
- URSULA: Maar jy lyk fraai, Chrissie.
- CHRISSIE (*kan haar ingenomenheid oor die kompliment nie verberg nie, maar kla nogtans*): Ek wou my swart rokkie aangetrek het, maar dié lê weer ongestryk. 'n Mens moet hier mos altyd 'n week wag vir alles. Dit sou soveel pasliker gewees het — my swart rokkie.
- URSULA: Daardie een is darem ook baie mooi.
- MARIA: Waar bly die ander?
- CHRISSIE: Hulle sal seker nou-nou kom . . . (*Sy gaan sit.*) Ek het vandag weer so 'n been aan my! Dit vreet soos wurms . . . Die vent sal seker nie meer kom nie. Kyk waar staan die horlosie al.
- URSULA: Vandag se mense kuier nie meer so vroeg nie.
- CHRISSIE: Ja maar, Ursula, daardie brief het Nonnie al byna drie maande terug gekry, en wat kon nie alles in dié tyd gebeur het nie? Hy kan al dood wees vir al wat ons weet. Hulle sê mos hy's 'n vliegenier in die oorlog. En so 'n vliegmasjien is 'n gevaarlike ding. Dis een uit 'n honderd wat weer lewendig uit hom uit klim.
- MARIA: Dis mos wat ek ook sê.

URSULA: Nee wat, julle wil nou sommer weer spoke in die heldere daglig soek. Hulle sou vir Nonnie laat weet het as daar iets met hom gebeur het. Hulle laat altyd weet. Of as hy nie kon kom nie, sou hy self 'n brief of 'n telegram gestuur het... Is die blomme nie vir jou mooi nie, Chrissie?

CHRISSIE (*kyk vlugtig na die blomme*): Ja, dis mooi... Maar hy behoort darem al hier te gewees het.

(NONNIE en MIETJIE kom binne. NONNIE is 'n klein grys vroutjie, ook in die sestig, en byna kinderlik eenvoudig en opreg.)

MIETJIE (*onderwyl hulle binnekom*): En hy sal seker met sy vliegmasjien kom.

NONNIE (*lag*): Ag, my liewe kindjie, waaraan dink jy nou weer!

MIETJIE: Ek is seker hy sal met sy vliegmasjien kom.

NONNIE: En waar sal hy gaan sit met die ding?

MIETJIE: Hy sal weet waar om te gaan sit. Hulle ken baie sitplekke waarvan ons niks weet nie...

URSULA (*lag*): Lyk my Mietjie is meer begaan om die vliegmasjien te sien as vir Herman.

NONNIE (*lag*): Ja.

MARIA: Waar bly julle die ganse dag, Nonnie? Die koffie is al yskoud.

NONNIE: Ek het my eers reggemaak, Ouma.

MARIA: Julle met julle geregmakery... Skink vir ons koffie in, Ursula.

MIETJIE: Maar gaan ons dan nie vir *hom* wag nie?

MARIA: Nee, ek wag g'n vir mans nie. Hulle is alewig laat, of anders kom hulle glad nie. Ek ken hulle — vra maar vir my. (URSULA *gee haar koffie vir haar; sy proe daaraan.*) Dis soos water. En dan wou julle nog wag... (*tot NONNIE.*) Wanneer het jy hierdie kleinseun van jou laas gesien?

MIETJIE (*neem haar koffie*): Dankie, Ursula.

NONNIE: O, dis baie jare laas — ses jaar. (*Ontvang haar koffie.*) Dankie, Ursula... Toe het my seun en sy vrou nog altwee geleef.

MARIA: Hulle sê hy lyk soos jou oorlede man.

CHRISSIE (*ontvang haar koffie*): Dankie, Ursula.

NONNIE: Sprekend soos hy. Hy het dieselfde naam ook — Herman. As ek hom sien, sien ek vir Herman toe hy jonk was.

MARIA: En e-, wanneer het jy sy brief gekry?

NONNIE: Omtrent drie maande terug al. Hy het geskryf

dat hy verlof kry en dat hy vandag kom — laat vanmiddag glo, of anders eers vanaand.

MARIA: Jy moenie jou hart te veel op hierdie ding sit nie, Nonnie.

NONNIE: Hoekom, Ouma?

MARIA: Drie maande is lank. Daar kan baie dinge in drie maande gebeur, vernaamlik in 'n oorlog.

NONNIE (*onrustig*): Ouma bedoel...?

MARIA: Hy kan al dood wees vir al wat ons weet.

URSULA: Ag-nee, Ouma Maria, wat se bangpraterij is dit nou hierdie? Daar kón niks met Herman gebeur het nie. Hulle sou vir Nonnie dadelik laat weet het. Hulle laat altyd weet. In 'n oorlog is geen tyding goeie tyding.

NONNIE: Is jy seker, Ursula?

URSULA: Natuurlik. Hulle laat dadelik vir jou weet as daar iets gebeur.

NONNIE (*verlig*): Ek het nou so geskrik.

MIETJIE: Ek ook.

MARIA: Dis alles goed en wel, maar ek ken die mansmense. (*Sy sit tydsaam haar koppie neer en veeg haar mond met die agterkant van die hand af.*) Hulle word vir oorloë en doodgaan gebore. Ek sê altyd: mans is soos rawe — waar hulle vlieg, val 'n swart skaduwee. Vra maar vir my: ek ken vir hulle.

MIETJIE: Oorle Fransie — hy het mos kerke se dakke opgesit. En dis 'n vreeslik gevaarlike werk — daar so hoog onder die wolke, met niks eers om aan vas te hou nie. 'n Mens sou nou dink dat hy sy dood daar sou kry, maar hy het siek geword en in die bed gesterwe.

CHRISSIE: Is Ouma Maria se man dan in die oorlog dood?

MARIA: Nie in die oorlog nie; in die Rebellie. My seuns is in die oorlog dood — drie van hulle.

NONNIE: Ouma het ons nog nooit daarvan vertel nie.

MARIA: Wat is daar te vertel? Hulle is oorlog toe en hulle is geskiet — dis al. My man het alleen huis toe gekom ná die vrede.

URSULA: Was dit al kinders wat Ouma Maria gehad het?

MARIA: Ja.

NONNIE: En hulle was seker drie pragtige seuns?

MARIA: Ja, hulle was drie mooie seuns... Toe kom die Rebellie. Hulle het my man in ons huis vasgekeer; en toe hy nie wou oorgee nie, het hulle hom geskiet.

MIETJIE: O, ek wil sommer huil...

MARIA: Moenie laf wees nie... Ja, so was dit altyd: elke man wat in my lewe gekom het, het sy skaduwee gegooi. En tog was dit 'n goeie ding ook.

- CHRISSE (temerig): Ja, dit was goed — al daardie dinge. Toe oorlede Willem nog geleef het, het ek ook nog 'n ordentlike lewe gelei. Maar hier in hierdie plek...
- MARIA: Daar's niks verkeerd met hierdie plek nie... Wanneer kom jou jonkman dan, Nonnie?
- NONNIE: Dit voel regtig vir my asof dit my jonkman is wat kom. Ek is so opgewonde. Dis of ek weer 'n meisie is soos in die ou dae.
- CHRISSE: Toe oorlede Willem nog geleef het...
- MIETJIE: Arme Ursula, arme Ursula! Sy was altyd alleen.
- CHRISSE: Was daar nooit een in jou lewe nie, Ursula?
- MARIA: Dis nou weer 'n ding om te vra!
- URSULA: Daar was, maar ek het nie met hom getrou nie.
- NONNIE: Hoekom nie, Ursula?
- URSULA: Hy's dood voor die tyd.
- NONNIE: O... (*Sy staan op en loop na die venster.*)
- URSULA: Julle praat van mans wat oorloë toe moes gaan, wat op gevaarlike dakke moes werk, en van angs en swaarkry. Ek het dit nooit geken nie. En is dit nie ook 'n goeie ding nie?
- MARIA: Ja, dit is ook 'n goeie ding... Wat is jy so rusteloos, Nonnie?
- URSULA (*skertsend*): Sy loer deur die gordyntjie asof sy perdepote oor die bult hoor klap het.
- CHRISSE (*asof sy oor haar rumatiek kla*): En netnou kraak die saal as hy stilhou en afklim.
- NONNIE: En hy kón sy perd altyd so laat pronk as hy die werf opry.
- MARIA: Ek het baie keer vir my man gesê: jy en jou perd is ewe windlawai. Maar hy het geglo dat mens 'n man aan die pronk van sy perd ken.
- NONNIE: Ja, my oorlede vader het altyd gesê: daar's net een ding wat mooier as 'n mooi perd is, en dis 'n jongman op 'n mooi perd.
- MARIA: Ja, dis 'n fraaie gesig. Maar vandag sien 'n mens dit nie meer nie.
- CHRISSE: Nee, vandag kom hulle met motorkarre en busse.
- MIETJIE (*sug*): Ag ja, waar is ons dage nou?
- NONNIE (*nog by die venster; onrustig*): Maar hy kom dan nie, Ursula!
- URSULA: Maar jy het dan tog self gesê hy kom dalk eers vanaand.
- NONNIE: Ek het, ja. Maar is jy seker dat hulle vir my sou laat weet as daar iets met hom gebeur het? Ek is nou meteens bang...

URSULA: Kom nou, Nonnie. Wat kán daar nou met hom gebeur?

NONNIE (*gaan weer sit*): Ag ja, ek is ook sommer verspot. Om so te kere te gaan oor 'n kleinseun wat kom kuier...

MIETJIE Dis nie verspottigheid nie, Nonnie. Ek is dan self ook net so opgewonde.

MARIA: Julle is almal verspot. So 'n ge-aantrekkery en 'n geblomplukkery... Ek het dit netnou al gesê!

CHRISSIE: 'n Mens gaan ook so maklik op hol met die ou dae... Ag ja, dis ook al wat ons nog het.

MIETJIE: Ek sit nou juis weer aan Fransie en dink. (*Giggel.*) Toe hy die eerste keer kom kuier het, het hy kastig kom perde soek. En toe het ons al lankal by die nagmaal opgesit.

MARIA: Ai ja, dié perdesoekery. (*Sy lag.*) Dit was altyd hulle streke.

CHRISSIE: Vandag se meisies weet nie wat hulle mis nie, noudat perde uit die mode uit is.

URSULA: O, hulle kyk weer na die blink motorkarre.

NONNIE: Maar dis darem nie dieselfde nie.

(*'n Oomblik sit hulle almal in hulle eie gedagtes verlore. Dan begin MIETJIE sing, saggies, half-in-gedagte, oor haar hekelwerk heen.*)

MIETJIE (*sing*):

Dis te ver om te loop, dis te na om te ry:

Hoe sal ek maak om die blom te kry...?

CHRISSIE: Aits, hoor vir Mietjie!

MIETJIE (*met 'n giggellaggie*): Waar is die dae nou toe ons die polka gedans het?

URSULA: Jy wil tog nie vir my vertel dat jy nie meer die polka kan dans nie, Mietjie!

MIETJIE: Ek kan — maar nie meer tot die hoenders kraai nie.

CHRISSIE: Ag jy! Jy sal die eerste draai al omval.

NONNIE: Wys vir hulle, Mietjie.

MIETJIE (*giggelend*): Moet ek?

MIETJIE (*staan op*): Sing dan vir my, Ursula.

MARIA (*laggend*): Jy's verspot, Mietjie!

URSULA (*sing handeklappend onderwyl Mietjie 'n paar stram passies maak*):

Daar oorkant die spruit staan 'n mooi rooi blom,

Hoe sal ek maak om by haar te kom?

Dis te ver om te loop, dis te na om te ry...

(MIETJIE het gaan staan, half-uitasem. Die ander lag.)

CHRISSIE: Sy's skoon uitasem.

MIETJIE (*laggend*): Hm-hm! Gee my net 'n jonkman, dán sal julle sien.

URSULA: Ja, dis al wat nou kortkom.

MIETJIE (*loop soos 'n jonkman na Nonnie toe en maak 'n buiging*): Ekskuus my vir die polka, Nooientjie.

NONNIE (*laggend*): Ag, jy's verspot, Mietjie!

URSULA: Toe nou, Nonnie!

NONNIE: Maar ek kan nie.

MIETJIE (*buig weer*): Ekskuus my vir die polka.

MARIA (*as Nonnie laggend, half-skugter opstaan*): O, julle...

MIETJIE: Musiek!

(URSULA en CHRISSIE sing handeklappend en OUMA MARIA hou met die kop tyd onderwyl NONNIE en MIETJIE stram-stram dans. Dit is duidelik dat almal hulself volkome vergeet het. Af en toe klink OUMA MARIA se krakerige lag bokant die vrolikheid uit.)

URSULA en CHRISSIE (*sing*):

Daar oorkant die spruit staan 'n mooi rooi blom,

Hoe sal ek maak om by haar te kom?

Dis te ver om te loop, dis te na om te ry...

NONNIE (*onder die dans deur; laggend*): Nie so vinnig nie, Mietjie!

URSULA en CHRISSIE (*sing*):

Hoe sal ek maak om die blom te kry?

Dis nie myne nie, dis nie joune nie,

Dis 'n ander man se goed wat jy na vry...

NONNIE (*het stil gaan staan; lag*): Sjoe! Nou kan ek nie meer 'n voet versit nie...

CHRISSIE (*onder die vrolikheid deur*): Hulle dans nog soos wie weet wat se nooiens!

MIETJIE: Miskien vra Herman jou nog om saam met hom te gaan dans vanaand.

NONNIE (*lag byna kinderlik*): Ja.

URSULA (*maak hulle stil met 'n handgebaar*): Sjuut! (*In die stilte wat volg, lui die deurklokkie.*)

MIETJIE (*opgewonde*): Dis hy!

MARIA (*as MIETJIE na die deur toe mik*): Kom sit, Mietjie! Nonnie moet gaan.

NONNIE (*bang*): Nee, nee, laat Ursula gaan.

(URSULA gaan by die deur uit en af in die gang na die voordeur. Die ander sit swyend, met hulle oë spannend op die deur gerig. Dit begin al skemer word in die vertrek.)

MIETJIE (*half-fluisterend*): O, ek is so opgewonde.

MARIA: Gedra jou, Mietjie!

MIETJIE (*ná 'n oomblik stilte; half-fluisterend*): Nou gaan ons sien hoe jou man gelyk het, Nonnie.

(Niemand antwoord haar nie. 'n Oomblik sit hulle nog so. Dan verskyn URSULA weer in die deur — alleen.)

MIETJIE: Waar is hy, Ursula? (*Geen antwoord nie.*) Ag, sy het hom weggesteek!

URSULA (*kom vorentoe*): Dis 'n telegram vir Nonnie.

NONNIE (*met 'n klein angskreetjie*): O... (*Sy neem die telegram, skeur die bewerig oop, en lees; dan staar sy byna verwese voor haar uit.*)

URSULA: Wat is dit, Nonnie?

NONNIE (*dof*): Hy sê hy kan nie kom nie.

MIETJIE (*verlig*): O, ek dag hy's dood... (*Dan besef sy wat gebeur het; teleurgesteld*): En nou kom hy nie meer nie... Dis mos nie reg nie, Nonnie!

MARIA: Bly stil, Mietjie!... Wat sê hy nog?

NONNIE: Niks meer nie.

MIETJIE (*by die trane*): En ons het alles vir hom reggemaak! Kyk, hier staan sy koffie ook klaar... (*Sy huil saggies. Dan kyk sy op en sien dat NONNIE ook 'n traan uit die oog veeg. Sy gaan na haar toe.*) Moenie huil nie, Nonnie...

NONNIE (*dof*): Ons is sommer laf. (*Sy loop oud en krom na die venster toe.*)

MIETJIE (*weerloos*): Sy huil...

CHRISIE (*weer ontnugterd*): Ek het mos gesê hy sal g'n kom nie.

MIETJIE: En ons was so vrolik...

MARIA (*gedemp*): Ons was verspot.

(URSULA loop na NONNIE toe en gaan agter haar by die venster staan. Ook sy het ouer en moeër geword. Dit is sterk skemer in die vertrek waar MARIA en die ander twee swyend sit; maar voor die venster staan URSULA en NONNIE teen die lig wat nog dof van buite af inval.)

URSULA (*troostend*): Kom, Nonnie; dit is mos niks ernstigs nie.

NONNIE (*dof*): Ek weet.

URSULA: Hoekom sal ons ons deur so 'n ou dingetjie laat onderkry? Môre is mos nog 'n dag. Miskien kom hy môre, of oormôre.

NONNIE: Vir ons is daar nie meer môre nie, Ursula. Daar's net gister — en vannag.

URSULA: Jy voel nou maar net sleg omdat hy nie gekom het nie. 'n Mens is so: jy maak jou klaar vir iets, en as dit nie gebeur nie . . .

NONNIE: Dis nie dit nie. Ons was sommer verspot gewees, maar dis nie dit nie.

URSULA: Wat is dit dan?

NONNIE (*verlate*): Ons is oud, Ursula. Alles lê agter ons.

URSULA (*stry om haar eie weemoed te verberg*): Ag nee wat, Nonnie. Mense word nie oud nie. Dis waar — ons hare word wit en ons velle dor en verrimpeld, maar binnekant, binnekant bly ons jonk. Was ons nie netnou nog meisies gewees nie?

NONNIE: Ons was, maar van baie jare gelede.

URSULA: En selfs al is ons oud . . . Kyk hoe stil is dit buite noudat dit aand word, Nonnie. Alles het gaan rus: die voëls en die bome; en netnou gaan ons ook in ons beddens inkruip. Ons doen dit elke aand. En sal ons dan bang wees om dit ook te doen in die Groot Aand — hê, Nonnie?

NONNIE: Is jy dan niks bang nie, Ursula?

URSULA (*antwoord nie; sy sidder effens*): Dis koud van-aand . . .

NONNIE: Ons moet padgee voor die venster.

CHRISSE: Ek kan niks meer sien nie. Slaan aan die lig, Mietjie.

MARIA (*somber*): Laat staan die lig. Wat wil ons met lig maak?

NONNIE (*berustend*): Maar dis waar wat jy sê, Ursula: môre is nog 'n dag. Môre sal hy seker kom . . .

(NONNIE draai om en loop langsaam en krom terug na dié wat aanvaar het; alleen URSULA bly in die dofwordende ligkol voor die venster agter.)

G O R D Y N

SIKORORO, deur Oswald Pirow; Die Afrikaanse Pers Bpk., Johannesburg (1952).

Die bundel het as tweede titel: *Avonture in die Spookland van die Bantu*, en is bedoel as 'n herskepping van Bantoe-vertellings wat orals vandaan gehaal is en saamgeveg is tot 'n nuwe eenheid sodat dit vir die Afrikaanse leser 'n sinvolle inleiding word in die Bantoelore betreffende die goedere kwaadgesinde bowe-sinlike magte wat die lewe van die Bantoe mens beheer. As sodanig moet dit as besonder geslaag beskou word, en na die inhoud is dit te vergelyk met die bekende herskeppings van die Germaanse en Klassieke geestewêreld.

Pirow verstaan die kuns meesterlik om boeiend te vertel, om van die een verhaal oor te stap op die volgende sonder dat die leser se aandag verslap. Steurend in die bundel is egter die manier waarop die skrywer inboorlingwoorde telkemale tussen hakies verduidelik vir die onkundige leser; dit is tog 'n stilistiese probleem wat jare gelede al opgelos is deur J. M. Friedenthal en P. J. Schoeman. Na my smaak is die slot van die verhaal te stomp, en dit verdien werklik die ooreweging van die skrywer om by 'n verdiende herdruk die afloop so te herskep dat die geheel 'n verdiepte betekenis kry.

Andersins is dit 'n werk wat die aandag van ons leser verdien.

ABEL COETZEE

PLOTINUS AND NEOPLATONISM. An introductory study by P. V. Pistorius. Bowes and Bowes, Cambridge, 1952.

Die skrywer van hierdie werk, professor P. V. Pistorius, hoogleraar in Hellenistiese en Patris-

tiese Grieks aan die Universiteit van Pretoria, is nie alleen klasikus, taalkundige, en filosoof nie, maar is ook teoloog en kenner van dogmatiek en vergelykende godsdiens. Gevolglik kon hy Plotinus met 'n breë perspektief benader. Die werk word op die voorblad aangekondig as „an introductory study”, en as sodanig moet dit in billikheid teenoor die skrywer beoordeel word. Dit is nie soos 'n geskiedkundige studie nie as 'n intensiewe kritiese behandeling van die inhoud van Plotinus se metafisiese leerstelsel — niteenstaande die feit dat die vertolking daarvan konstruktief en waarderend is. Prof. Pistorius gaan uit van die standpunt dat al die geskrifte van Plotinus in oënskou geneem moet word, want sy hele leerstelsel hang saam. Hy probeer om die logiese eenheid van Plotinus aan te dui en oefen kritiek uit op geleerdes soos Inge, Caird, Eucken en ander.

Die grondprobleem van Plotinus — trouens van die „idealisme” in die algemeen — is om dualisme te vermy en om kontinuïteit te vind tussen die transendentale Een en veelvuldigheid. Prof. Pistorius toon aan dat Plotinus hierin geslaag het. In die eerste drie hoofstukke behandel hy die drie „hypostases” van Plotinus en stel sy standpunt as volg: „The three hypostases... are not a gradation of three separate beings, as in generally believed, but a more intimate trinity than that of Christian theology, because neither the One, nor the Intellectual-Principle, nor the Soul, can conceivably exist as independent and separate entities” (p.20). Hy huldig

die heel oorspronklike standpunt dat die drie „hypostases” nie „afsonderlike eenhede in opvolging” (a graded triad) is nie, maar „aspekte” van die Plotiniaanse Godheid wat slegs logies afskeidbaar is. Dieselfde beginsel van eenheid maar logiese onderskeiding word verder toegepas by die bespreking van die aspekte en funksies van die tweede en derde hypostases. Wat immanent is, kan ook tegelykertyd transcendentaal wees, en dit is in 'n sekere sin hoedanighede — vir sover as wat daar van 'n hoedanigheid van die Een gepraat kan word — van al drie eenhede: „the One, in its character as the One, is transcendent, but the Neoplatonic Godhead, which includes the One, the Intellectual-Principle and the Soul or the Principle of Life, is immanent and transcendent... If we insist on postulating a God who is only transcendent we must logically arrive at the Indian concept of a Nihil, a Para-Brahm, and conversely, the only deity of whom we say is exclusively immanent, is the negative concept of atheistic pantheism”. Op hierdie wyse voorkom prof. Pistorius die dualisme waaraan die vertolking van Grangeorge, Eucken, Inge en Caird hom skuldig maak. Dit behou die kontinuiteit en verklarbaar ook Plotinus se teleologie.

'n Juiste waardering van prof. Pistorius se werk verg dat daar noukeurig op sy kritiek van Plato gelet word. Dit kom hoofsaaklik op die volgende neer: Plato se Idees, selfs die hoogste, die Idee van die Goeie, is denkbaar en kan deur die menslike verstand — die ‚discursive reason’ — met behulp van ontleding en

sintese geken word; sy Idees het geen onderlinge verband nie — sy hierargiese indeling is onoortuigend; hulle het ook geen verband met waarneembare dinge nie: „how can the One serve as the source of multiplicity...? This problem was the rock on which the metaphysical system of Plato foundered... There is nothing intrinsically teleological in the ideas of Plato. There is nothing intrinsically comprehensive in his idea of the Good” (p.23 en ook p.35).

Dit is gegronde kritiek soos o.a. blyk uit Rep. 511 B en 533 A met Adam se opmerkings, i.v.m. die vermoë van die verstand om deur middel van dialektiek die Idee van die Goeie te begryp. Vergelyk ook Ross se verklaring van die „gelykenis van die verdeelde streep” in sy nuutste werk (*Plato's Theory of Ideas*, 1951, p.67-8). Die studie van die Idees nl. is die filosoof se besondere taak, en hieroor merk hy op: „the work of philosophy no less than that of science was for Plato one of reasoning, the deduction of less general from more general propositions”. Oor gebrek aan onderlinge verband het Ross geskryf: „It is difficult to see what Plato can have meant when he says that the Idea of Good accounts for the existence and the knowability of the world of Ideas” (p.42). Die sogenaamde hierargie wat in die latere werke soos die *Philebus*, *Phaedrus*, en *Sophistes* bespreek word, was presies 'n poging — wat nie geslaag het nie — om verband tussen die Idees te vind. Van verband met die waarneembare wêreld is daar nog minder sprake. Dit is kenmerkend van

Plato se latere werke dat hy beweeg het in die rigting van 'n transendentale beskouing van die Idees. Aristoteles het hom daarvan beskuldig dat hy sy Idees van die sigbare dinge geskei het (sien Mabbott, Class. Quart. XX, vir 'n verdediging van Aristoteles se kritiek). Ross beweer „that Plato should have thought of an Idea as thinking or planning or bringing anything into being is really inconceivable” (p.235). 'n Goddelike wese word onderskei, tentatief in die Republiek, onomwonde in die Phaedo, om die skepping aan te vul. Gaandeweg verloor die Idees hul voorrang in Plato totdat daar in die Timaeus, naas die Idees, ook die afsonderlik-bestaande Demiourgos en Ruimte onontbeerlik geag word vir sy stelsel.

In sy bespreking van ‚Stof’ (‚Matter’) betree prof. Pistorius 'n besonder polemiese terrein. Die regte voorstelling hiervan is belangrik as dualisme voorkom moet word, en dit raak ook probleme soos die skepping, ewel, vrye wil en morele skuld. Plotiniaanse Stof, in prof. Pistorius se vertolking, is nie materieel nie, dit is nie 'n entiteit nie, maar is die absolute gebrek aan werklikheid en die negatiewe uiterste; dit is nooit geskape nie en is onveranderlik. Die bestaan daarvan is 'n kosmiese noodsaaklikheid en ewe onontbeerlik as die Absolute Goeie. Dit is die Absolute Ewel, en morele skuld bestaan in die graad waarin die menslike Siel homself vrywillig aan die negatiewe invloed van Stof blootstel. Prof. Pistorius verskil hier van Schroeder wat metafisiese werklikheid aan Stof toeskryf; van Inge wat beweer dat Stof

wel geskep is, alhoewel „nie in tyd nie”; en van Caird wat ook meen dat God Stof geskep het en dat Hy ewel in die mens geplaas het. Prof. Pistorius kom tot die slotsom: „One possible escape from a dualistic view of ultimate reality is the Plotinian solution of the unreality of matter and the identification of matter and evil” (p.132).

Hy ontken dat Plotinus se mistisisme voortspruit uit asketisme. Daarenteen was Plotinus betreklik ruim t.o.v. liggaamlike behoeftes, en sy katarsis-leer kan vergelyk word met die gematigde onthouding en dissipline van die Christelike leer. Ten gunste van die individualisme van Plotinus — „morality of the inner soul” — wat prof. Pistorius beklemtoon, kan Paulus se woorde miskien aangevoer word: „want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens”. Vir Plotinus was daar geen geskrewe openbaring nie. Lig en heil moes hy vind in die bepeinsing van metafisiese wette soos in sy eie siel waargeneem. Dit is die grondslag van sy mistisisme wat prof. Pistorius beskryf as „the practical application of idealistic thought”. Dit is 'n oorspronklike stelling en belangrik omdat Plotinus dikwels as 'n sombere kluisenaar voorgestel word. Hierdeur verwerp hy ook Brehier se teorie dat Plotinus 'n Oosterse mistikus was. Dit is nie die laaste woord oor mistisisme as sodanig nie, maar slegs 'n poging om Plotinus te verklaar. Vanselfsprekend is hier geen sprake van die gemeenskapsmistiek van die Christen, gegrond op genade-ervaring nie; dit is eerder 'n „speculatief-kontemplerende mis-

tiek" (Obbink en Brouwer). Daar is niks prinsipieel verkeerd om Plotinus se mistisisme in hierdie kategorie te plaas nie, en prof. Pistorius se verdediging daarvan is oortuigend genoeg.

Prof. Pistorius se studie is metafisika, en vanuit 'n metafisiese standpunt geskryf. Ten spyte van oorvleueling het hy dit sorgvuldig van teologie onderskei (bv. p.66). Dit is samehangend, boeiend en voldoende toegelig met aanhalings uit Plotinus. Lesers sal dit opbouend vind, en vir die student bied dit 'n waardevolle inleidende studie oor Plotinus.

C. P. T. NAUDE

DE LAAIENDE STILTE deur
Albert Helman (N.V. Amsterdamsche Boek- en Courantenmaatschappij, 1952).

Die leuse uit Horatius waarmee Helman sy roman van stapel stuur, dra meer betekenis as wat 'n mens met die eerste oogopslag laat vermoed: „Die naam is verander, maar die verhaal handel oor jou.” Daarmee wou hy moontlik die gepoogde universaliteit van sy werk aandui, maar die passasie waaruit dit geneem is, toon ook 'n groot ooreenkoms met die onderhawige roman. Horatius verwys hier na 'n Atheense rykaard wat gedurig sy geld sit en dophou en Tantalus wat reik na die steeds ontwykende water, en dan volg daar, op die aangehaalde woorde, die volgende: „Dag na dag waak jy oor die skatte wat jy bymekaar geraap en geskraap het, maar jy durf hulle nie aanraak nie, asof hulle te heilig is.”

Die beeld wat Helman hier skilder, toon ooreenkoms met die gees wat Horatius openbaar: die mens wat nie by magte is om gebruik te maak van wat hy besit nie. Onmag — dit is die beeld waarop *De Laaiende Stilte* gebaseer is: die onmag van Agnès d'Esternay (wie se dagboek die roman vorm) om haar liefde jeens Raoul, later jeens die slaaf Isidore, te openbaar, om haar wraakgedagtes teenoor Das en MacFarley in daade om te sit, om haar veragting vir die planters uit te spreek; die onvermoë van Raoul om sy man te staan, om sy oortuigings uit te leef, om homself te handhaaf teen sy mede-planters. In so 'n mate beheers hierdie onvermoë die mense se bestaan dat hulle uiteindelik twee lewens gaan voer terwyl daardie toestand tog geminag word maar nie verander kan word nie: „Verdoemd zijn zij, voor wie het gedroomde leven anders is dan het gehandelde; bij wie het diepst verlangen onvervuld blijft . . .” (bl. 205).

Wat die roman self dan betref, moet 'n mens erken dat dit geen meesterstuk is nie. Die vernaamste gebrek wat *De Laaiende Stilte* kenmerk, is seker sy gebrek aan eenheid. 'n Mens kry inderdaad die indruk dat Helman sy roman in fragmente gekonsipieer het en nie in staat was om die geheel tot 'n eenheid saam te snoer nie. Die historiese agtergrond, wil dit my voorkom, was bestem tot 'n veel groter rol as wat hom uiteindelik toegeval het. Die drie susters en Raoul (getroud met een van die susters, Josephine) is uitgeweke Hugenate wat hulle vol ideale van vryheid en Christelikheid na Wes-Indië begewe

maar ten slotte terugkeer na Europa nadat die doel en die ideale van hulle kolonisering totaal misluk het. Die Calvinistiese agtergrond van die onontkoombare lotsbestemming word egter te veel genoem en te min gesuggereer. En juis omdat Helman se taal eerder mededelend as suggestief is, ontaard dit alte dikwels in retoriek. Die hele gedeelte vanaf bl. 239 waarin Isidore die voorman vermoor en dan deur die Skotse halfbloed en sy voorman gemartel word, kan hier as voorbeeld dien.

Dan het die „belydenis“-aard van die roman 'n sekere element van melodramatiek meegebring. die parentetiese „skryf door, o hand“ (bl.21) en die half-deurgehaalde passasie op bl. 238 kan in dié verband genoem word.

Hiernaas het Helman enkele mooi gedeeltes geskep: Agnès se verblyf in Amsterdam en haar geloofstwyfel is een van die beste passasies. Ongelukkig is hierdie gedeeltes te seldsaam om die roman as geheel 'n algehele sukses te maak.

J. J. HUMAN

Beskouings van ons Lesers

SANGIRO EN DIE DUITSE SKRYWERS OOR OOS-AFRIKA

Geagte Redaksie, Dis altyd maar die beste om 'n strydvraag betyds op te los. Kyk nou net hoe kyf en kibbel die mensdom oor die ontstaan en bou van die Egiptiese piramides en oor die Groot Zimbabwe, of oor wie eintlik Amerika ontdek het en of Heyerdahl se Kon-Tiki tog iets bewys het! In my kinderjare het ek boekdele oor die twispunt „Is Bacon Shakespeare?” gelees en vandag heet dit al glad „Marlowe is Shakespeare”!

Toe my vertaling van daardie boek oor die dierewêreld en -lewe — „Met Piet Nieuwenhuizen in Oos-Afrika” — in 1947 die lig gesien het, kon ek die versoeking nie weerstaan nie om in 'n woordjie vooraf te wys op die ooreenkoms tussen Sangiro se boeke oor Oos-Afrika en die genoemde werk van Rudolf de Haas. Ek haal uit daardie voorwoord van my aan:

„In die jaar 1921 het 'n epogmakende boek van sketse uit die Oos-Afrikaanse Dierewêreld sy verskyning in die Afrikaanse Letterkunde gemaak. Ek bedoel hierdie intens deurleefde en innig aangevoelde diere-epos van Sangiro — Uit Oerwoud en Vlakte — wat 'n kunswerk is en klassiek in die wêreldletterkunde geword het.

In daardie selfde jaar (1921)

het Rudolf de Haas sy pragtige boek (Piet Nieuwenhuizen) in Duits by die Safari Verlag in Duitsland uitgegee.

Hoe treffend die ooreenkoms tussen die Afrikaanse en Duitse sketse is, en wat die punte van verskil mag wees, hoe die een mag tintel van fyn humor, die ander met ware liefde vir en insig in die dierelewe, — in die een boek miskien die dier self, in die ander een weer die mens se handeling en verhouding tot die diere van die Oos-Afrikaanse wêreld die hooftema mag wees — dit alles laat ek aan die kritici oor om op te wys. Alleen wil ek konstateer dat die ooreenkoms vir my so opvallend is, dat ek my nie kan voorstel dat enige persoon wat die een boek gelees en grondig geniet het, die ander een nie ook met ware genot sal lees en herlees nie. Hierdie punte van ooreenkoms is vir my waarborg dat Piet Nieuwenhuizen 'n uiters gewilde boek by die Afrikanerleser sal wees wie se smaak nog nie totaal deur die skokkende bloed- en donder-„rillers” of uitheemse speurverhale verwilder is nie.

Of Sangiro deur De Haas beïnvloed is, of omgekeerd?” Sover die voorwoord.

Iets wat my verder opgeval het, is die treffende ooreenkoms

as ons, bv. die gebeure en beskrywings, vergelyk (soos op bls. 230-236 van *Piet Nieuwenhuizen* met bls. 200 en ook 260-264 van *Uit Oerwoud en Vlakte*.) Is dit ook blote toeval dat die skrywer (van die boek oor Piet Nieuwenhuizen) se naam *de Haas* is en dat A. A. Pienaar, skrywer van *Uit Oerwoud en Vlakte*, vir hom die mooi skuilnaam *Sangiro* aangeneem het, wat die inboorling woord is vir *de haas* (hasie)?

Met my penpunt nog warm van die moeisame vertaling van De Haas se boek, het ek met die verwerking van 'n tweede Duitse skrywer en kenner van die Oos-Afrikaanse dierelewe begin. Die werkjie — dit beslaan slegs 72 bladsye — was ook reeds in 1947 persklaar en het ruim vyf jaar in die yskas van die uitgewers vervries gelê. Verlede maand (September 1952) het hierdie boekie *Vreugde en Leed van 'n Renostertjie* (van Fritz Bronsart von Schellendorf) eindelik in Afrikaans verskyn.

As daar 'n mate van ooreenkoms was tussen *Sangiro* se *Uit Oerwoud en Vlakte* en *de Haas* se *Met Piet Nieuwenhuizen in Oos-Afrika*, dan is die ooreenkoms tussen *Sangiro* se genoemde boek en dié van Von Schellendorf (*Vreugde en Leed van 'n Renostertjie*) so opvallend, nie alleen wat tema en taal en manier van behandeling, beskouings en beskrywings betref nie (want dit wemel in *Uit Oerwoud en Vlakte*, *Op Safari* en *Simba* van Germanismes ens.; maar vreemd genoeg veel minder in *Diamantkoors* en *Twee Fortuinsoekers*, wat 'n gans ander tema het), maar in die boek van Von Schellendorf is ook baie van die

ander gebeurtenisse presies dieselfde as dié by *Sangiro*. Ja, daar is selfs woorde en sinne wat in die twee boeke sterk ooreenkoms toon.

Ons wys op die volgende voorbeelde wat gewis nie aan blote toeval kan toegeskryf word nie:

1. In die hoofstuk *Renostertjie*, *Uit Oerwoud en Vlakte*, (Gemakshalwe word net die letters *V.L.v.R.* vir *Vreugde en Leed van 'n Renostertjie* en *U.O. en V.* vir *Uit Oerwoud en Vlakte gebruik*), word vertel van 'n merkwaardige vriendskap wat tussen 'n renostertjie en 'n seekoekalfie ontstaan het. In *V.L.v.R.* is die vriendskap roerend dieselfde maar hier bestaan dit tussen 'n renostertjie en 'n kongonibok.

Dit op sigself is al opvallend, maar veel treffender nog is die beskrywing van dinge en gebeurtenisse wat die vriendskap voorafgaan. Ek bepaal my hoofsaaklik by die eerste hoofstuk (\pm 20 bladsye) van *V.L.v.R.* en vergelyk dit met die gedeelte *Renostertjie* uit *Sangiro* se boek: Behalwe renostervoëls, skermakasias, kwiendeke renostertjies, Ndorrobbo's ens., wat in albei boeke voorkom en amper identiese rolle vervul, vind ons o.a. nog die volgende:

2. Op bls. 10 van sy boek sê Von Schellendorf: „Wehe euch wehrhaften Geschöpfen... wenn Menschen euch so schlafend entdecken...” By *Sangiro* heet dit (bls. 259, *U.O. en V.*): Wee julle... as die vyand naby genoeg kom... (waar julle slaap.)

3. Weer (*V.L.v.R.* bls. 12) „Drei Ndorrobbo, jangende Eingeborene mit Bogen und vergifteten Pfeilen bewaffnet, hatten seit

längerer Zeit in dieser Gegend auf diese Nashornfamilie gefahndet... (en bls. 18) ...meist genügt ein hoher, umgestürzter Baumstamm..." Sangiro (bls. 258) sê... „'n Halfdosyn Ndorobo's — rondswerwende inbooringjagters... swartes wat net van die jag lewe en geen ander verblyfplekke as klipgrotte en omgevalle boomstamme het nie, is met gifpyle en blinkende asgaaie bewapen."

4. Von Schellendorf (V.L.v.R. bls. 15) sê... „Mit kurzem Schnauben erhob sich die alte (Nashornkuh) *also* sie aus Gummi wäre." (Die kursivering in die aanhalings is telkens van my, net om die treffende ooreenkoms te toon).

Sangiro (U.O. en V. bls. 193): „Die koei (en kalfie) het opgespring asof hulle uit gomlastiek bestaan."

5. Vergelyk verder die hele beskrywing van die Ndorobo se dood deur die renosterkoei se horing (soos beskryf deur Von Schellendorf, bls. 15-16) met Sangiro se beskrywing van 'n ooreenstemmende gebeurtenis (bls. 263-264) en veral die volgende (V.L.v.R.)... „Nahm ihn auf die Hörner und warf ihn mit einem mächtigen Ruck in die Höhe... Im Nu war sie wieder bei ihm, rannte ihr Vorderhorn in den leblos Daliegenden, trampelte mit den Vorderläufen auf ihm herum, ging rückwärts, nahm ihn regelrecht wieder an, um ihn abermals in die Höhe zu schleudern."

Sangiro het dit so: (U.O. & V.) (bls. 263) . . . „Soos blits is hy onder hulle in, skeep die agterste een op die voorhoring en slinger hom hoog in die lug, . . . vertrap hom met die voorpote, gooi hom

dan met die horing omhoog, en is weer op hom sodra hy grond vat. Dan staan hy 'n entjie agteruit en bestorm hom opnuut."

6. (V.L.v.R. bls. 17) . . . „Aber die Wildnistierte benehmen sich nicht immer gleich . . ."

(U.O. & V. bls. 263) . . . „Maar die wilde diere gedra hulle nie altyd eners nie."

7. (V.L.v.R. bls. 19) . . . „Nachdem er sie mit dem kleinen Horn wiederholt gestossen, laut gemieft und sie von allen Seiten beschnuffelt hatte . . . ein ekler Geruch . . ."

(U.O. & V. bls. 196) . . . „kwiekend loop die kalfie nou al om die dooie dier (renoster) en stoot die liggaam van alle kante met sy neusie aan... Hy word skielik 'n skerp ruik gewaar" (210).

8. (V.L.v.R. bls. 21) „Doch nicht lange, denn tump-tump-tump-tump dröhnte es dumpf von fern, als . . . aufrechten Gestalten näherkamen . . . zahlreiche Löwengeführten zeigten, dass nicht viel für sie übrigbleiben würde."

(U.O. & V. bls. 194) . . . „Tump-tump-tump . . . die dowwe geluid van menslik voetstappe... (bls. 211) talryke leuspore toon aan . . ."

9. (V.L.v.R. bls. 21) . . . „Alles an seiner alten (Mutter) war kalt auch fehlten Teile von ihr . . ."

(U.O. & V. bls. 211) . . . „en oral makeer stukke van die renoster"- (moeder).

10. (V.L.v.R. bls. 19) . . . „So trieb er sich planlos dort in der Nähe umher; traute sich aber nicht heran . . ."

11. (U.O. & V. bls. 198) . . . „Swerv hy doelloos in die nabyheid rond en waag hom nie digby nie . . ."

12. (V.L.v.R. bls. 27) . . . „Jetzt kam die angeborene Nashorn-

natur zum denn wütend schnaubend, wie ein altes, stürzte sich das Junge auf den Löwen."

(U.O. & V. bls. 199) . . . „Toe hy hom nou so omsingel en bedreig sien, *kom opeens die renostergees te voorskyn: Hy storm snuiwend* (net soos die grotes) . . . op die vyand in."

Maar genoeg. So sou ons kan aanhou nie alleen met situasies en voorvalle nie maar ook met woorde, sinsnedes en hele sinne

wat in die twee boeke identies is. Ek volstaan egter met hierdie merkwaardige gevalle en hoop maar dat 'n geïnteresseerde navorser die saak verder sal ondersoek en soveel lig op die onderwerp sal laat val dat iedereen se vrae op bevredigende wyse en gerusstellend vir die bewonderaars van Sangiro sal kan beantwoord word.

FRANCOIS J. EYBERS

Pretoria

ONS VERSLEGTE ENDE SMAAK

Geagte Redaksie, Dit is vir my besonder aangenaam om die *Tydskrif vir Letterkunde* wanneer ek dit ontvang dadelik met aandag deur te lees. Met elke nuwe uitgawe styg my belangstelling en agting vir die tydskrif. Oorwegend is die artikels leersaam, en in baie gevalle voel 'n mens om hulle weer deur te lees om die diepere waarde daaruit te put.

Persone wat in hierdie dae meer as net die verbygaande soek, het dit uiters moeilik om in ons weekblaaie leesstof te vind wat regtig die moeite werd is. Dit is voorwaar 'n treurige verskynsel. Die kortverhaal leen hom tot sulke mooi en opbouende motiewe, en tog word dit in ons tydskrifte oorwegend gebruik om in baie gevalle lawwe en byna walglike temas uit te bou wat onsuiver gedagtegange aanwakker.

Die Afrikaanssprekende deel van Suid-Afrika wat hulle nasionale gevoelens te kenne gee, toon in hierdie dae baie sterk tekens van agteruitgang op geestelike gebied en van die volkseie. Orals

steek die gelddraak sy kop in ons volkslewe uit, en die strewe na oppervlakkige genot laat ons gevestigde volkstradisies reeds wankel.

Laat hierdie geslag terugkeer na die dinge wat die gees verryk en dan sal ons in staat wees om op gesonde wyse die toekoms te eer van ons voorgeslagte in te gaan. Om arm van gees te wees, is seker een van die grootste armoedes wat ondervind kan word, en skynbaar is dit die grootste probleem waarmee die wêreld vandag te kampe het.

Lesers, laat ons die regte waarde van geld besef, en ook sy nutteloosheid as 'n hoofdoel in hierdie lewe. Die eerlike balans tussen die materiële en die geestelike dinge is ongeëwenaard verstoort.

Ek doen 'n beroep op ons skrywers oor die algemeen om meer opheffend in hulle roeping te wees, en deurmiddel van ons tydskrifte ons tot beter insigte te bring.

GERT VAN DER WALT

Zastron

Uit Die Tydskrifte

Critisch Bulltein, Jul. 1952: M. Nijhoff skryf met groot waardering oor dr. H. W. van Tricht se lewensbeskrywing van P. C. Hooft en noem die boek „iets zeer zeldzaams.” Anthonie Donker bespreek C. Day Lewis se intreerede as „professor of poetry” in Oxford en betreur die feit dat Nederland dit nog nie gebring het tot die daarstelling van ’n leerstoel in die poësie nie. G. Sötemann skryf ook kortliks oor die poësie van Day Lewis en meen dat sy latere gedigte beter is as sy aanvanklike politieke verse. R. Blijstra behandel Albert Helman se nuwe roman *De Laaiende Stijle*, wat hy „een geniaal kunstwerk” noem. In die rubriek Herzien-Herdenken bespreek M. Nienaber-Luitingh enkele Afrikaanse publikasies in verband met die Van Riebeeck feesjaar. Volgens hierdie skryfster oortref die wetenskaplike publikasies die literêre verreweg. Beukes se *Langs die Steiltes* heet „een uiterst swak werk” terwyl Elizabeth Vermeulen se *Land van die Suide* nie bo die peil van verdienstelike ontspanningslektuur uitstyg nie. Daarenteen is die skryfster vol bewondering vir publikasies soos *Drie Eeue* en *Van Riebeeck se Dagregister* (die oorspronklike uitgawe sowel as prof. H. B. Thom se Engelse vertaling). Die skryfster staan ook ’n geruime tyd lank stil by prof. D. B. Bosman se privaat uitge-

gewe *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckania*, ’n uitgawe wat skynbaar in Suid-Afrika veel meer publisiteit behoort te geniet as tans.

Aug. 1952: G. H. ’s-Gravesande toon aan dat Van Deyssel se *Nieuw-Holland* eers in 1886 geskryf is, terwyl Van Deyssel self te kenne gegee het dat dit in 1884 verskyn het. Hendrik de Vries oordeel gunstig (hoewel dan enigszins versigtig) oor W. H. Stenfert Kroese se *De Mythe van A. Roland Holst* terwyl W. F. Hermans min goeds sien in Gerrit Kouwenaar se *Ik was geen soldaat*. Albert Bontridder se bundel *Hoog Water* word deur Pieter G. Bukinx as suiwer eksperimenteel bestempel.

Dietsche Warande en Belfort, Jul. 1952: In *Weerzien van Rome* vergelyk Bertus Aafjes sy sensasies by ’n onlangse besoek aan Rome met dié tydens sy bekende voetreis. In die tweede artikel oor *Albert Camus* behandel Charles Moeller Camus se antiteïsme na aanleiding van die werk *La Peste*. Hoewel Albert Westerlinck die „estetiese” belang van Urbain van de Voorde se nuwe bundel *De Gelieven*, probeer aantoon, is dit baie duidelik dat sy persoonlike menings omtrent godsdiens en liefde ’n waardering van Van de Voorde bykans onmoontlik maak. Daarom wy hy agt bladsye aan die „filosofiese” aspekte van

die bundel en kwalik een bladsy aan die manier waarop Van de Voorde sy taal gebruik.

De Gids, Jul. 1952: In 'n redaksionele verklaring word die uitrede van Jaap Romijn as redakteur en ander lede van die voormalige redaksie (o.a. Weremeus Buning) aangekondig. 'n Toespraak wat J. C. Brand Corstius gehou het by die toekenning van die P. C. Hoofd-prys, word hier afgedruk. In die toespraak probeer hy hom besin oor die wese van die essay, maar dit lyk tog nie asof hy heeltemal daarin geslaag het nie. H. W. J. Kroes roep die bydrae van Franciscus Junius tot die taalkunde in die herinnering en noem hom 'n voorloper van Jacob Grimm. W. H. Staverman lewer 'n uitgebreide opsumming van dr. Jacob Smit se boek oor E. J. Potgieter.

Aug.-Sept., 1952: Onder die opskrif *De Tijd waarin wij leven* bied De Gids in 'n uitgawe van by die 250 bladsye 'n oorsig oor aspekte van die Nederlandse lewe — sonder 'n poësie-beskouing! 'n Groot verskeidenheid onderwerpe soos geneeskunde, ekonomie, ens. word behandel, maar ons sal hier slegs stilstaan by die wat waarskynlik die meeste lesers van Tydskrif vir Letterkunde sal interesseer. In 'n inleidingswoord wys prof. Fred L. Polak op die gebrek aan 'n vaste oriënteringspunt as een van die vernaamste kenmerke van ons tyd. H. W. van Tricht skryf oor *Het Nederlands Volkskarakter* en beweer dat die gebrek aan belangstelling in lewensbelangrike sake die moderne Nederlander vir 'n groot gedeelte kenmerk. Hy noem die gebeurtenisse in Indonesië en sê:

„... een feit is, dat toen... de souvereiniteit werd overgedragen, dit weinig meer nationale weerklank vond dan een rectoraats-overdracht aan een universiteit pleegt te doen.” In *Nederland in het tegenwoordige statenstelsel* kritiseer W. J. M. van Eysinga o.a. die V.V.O. op grond daarvan dat die organisasie sodanig deur die misbruik van die vetoreg gekniehalter word dat hy geen sekuriteit kan bied nie. J. Lindeboom se oorsig oor *Protestants religieus leven* is te vol verwysings na lokale gebeurtenisse en probleme om vir die gemiddelde Afrikaner waardevol te wees. K. Kuypers se artikel oor die filosofie in Nederland is besonder teleurstellend. Sy hele betoog is bloot 'n poging om die eksistensiefilosofie te verduidelik (indien dit wel moontlik is). Ten slotte word die werk van die Calvinistiese filosofe Dooyeweerd-Vollenhoven slegs vermeld terwyl 'n wêreldvermaarde matematiëse filosoof soos prof. L. E. J. Brouwer nie eens genoem word nie. Waar ons tans in die *eeu van die natuurkunde* staan, sal A. D. Fokker se *De Natuurkunde voorheen en thans* seker byval vind — vir my was dit besonder verhelderend. Die bekende taalkundige G. G. Kloeke skryf oor die begrip standaardtaal en sê na aanleiding van uitsprake soos „skryf soos jy praat” of andersom: „men (kan) niet leuzen geen wetenschap bedrijven.” C. Graamans betreur die opkoms van beroepsport want vir hom is sport in sy wese 'n spel. Wat die musieklewe betref, lewer Eduard Reeser 'n skerp aanval op die lae peil van die huidige musiekkritiek. Van die koerantresensente sê hy dat „men langzamerhand de indruk (krijgt) dat

zij nog alleen door hun slechte manieren, waarvoor zelfs de grootste reputaties niet meer veilig zijn en waarmee zij politieke tegenstellingen in ordinair gekijf kunnen doen ontaarden, een op sensatie beluste lezerskring aantrekken." Ch. Wentinck behandel beeldende kuns en lewer 'n kort maar boeiende oorsig van die ontwikkeling van die kuns in die afgelope paar dekades. In 'n beskouing oor die prosa bespeur C. J. Kelk met vreugde dat die invloed van die „woordkuns" van '80 nou finaal verdwyn het, en alhoewel daar nog geen groot prosawerk gelewer is nie, word daar, volgens hom, nou 'n rigting ingeslaan wat so 'n skepping moontlik maak. Op optimistiese toon sluit W. Drees die bundel af met 'n opstel oor *Perspektieven voor ons volk*.

De Nieuwe Taalgids, 4e aflewering, 45e jaargang: Gilbert Degroote wys in 'n aantal Middelnederlandse verse *Voorklanken der Renaissance* aan en prof. C. B. van Haeringen behandel enkele aspekte van die verkleinwoord in 'n opstel *Concentratie door Dominering*. In die eerste aflewering van 'n reeks van twee behandel A. G. van der Horst *Bilderdijs mening over Vondel*. P. Gerlach Royen O.F.M. noem 'n paar verskynsels by die fleksie van uitheemse adjektiewe.

De Vlaamse Gids, Jul. 1952: 'n Artikel oor *Zuid-Afrika en de*

Vlamingen deur J. Hoste open hierdie aflewering. Hoewel die skrywer se bedoelings ongetwyfeld goed was ('n toon van geesdrif kenmerk die artikel), moet ek toegee dat dit heeltemal vaag is. Alleen 'n geniale skrywer sal in die bestek van vier bladsye die Afrikaanse taal, hoër onderwys in Suid-Afrika en die verhouding tussen die twee blanke bevolkingsdele kan behandel sonder om fragmentaries en vaag te wees. Hugo A. J. van de Perre lewer 'n *herschating* van George Meredith en O. van Hauwaert huldig die nagedagtenis van 'n beskermvrou van die Vlaamse toneel, mev. Hippoliet van Peene, wat vyftig jaar gelede oorlede is. J. Greshoff sluit af met 'n aantal *Meanders*.

Aug. 1952: Arthur Conette se reeks gloedvolle beskrywings van oud-Antwerpen word in hierdie nommer afgesluit en in *De Tragédie van den Bezettingstijd* betreur J. Hoste die feit dat soveel Vlaminge tydens die oorlog gemeen het dat hulle die nasionale saak steun deur saam met die Duitsers te werk. Nojorkam behandel *Zuivere Vormen in Sculptuur* terwyl M. Rutten hom enigszins sarkasties uitlaat oor die werk van 'n aantal jonger digters. Aloïs Gerlo spreek in *Purisme en Linguïstiek* die mening uit dat die „idealistiese taalopvatting" van puriste geen rekening hou met die feit dat taal gedurig verander nie.

J. J. HUMAN

Nuwe Afrikaanse Boeke

SEPTEMBER — NOVEMBER 1952

Samgestel deur dr. P. J. Nienaber.

DRAMA

- BEUKES, Gerhard J. As ons twee eers getrou is. Pretoria, J. L. van Schaik, 1952. 113 bl. illus. 7 $\frac{7}{8}$ x 5 $\frac{3}{8}$. karton. 9/6.
- MEINTJES, Johannes. Die blanke stilte. Pretoria, Holloway-boekhandel, Banklaan 2, 1952. 50 bl. 8 $\frac{1}{2}$ x 5 $\frac{1}{2}$. pap.

POËSIE

- PLESSIS, I. D. du. Verhalende ballades. Pretoria, J. L. van Schaik, 1952. 72 bl. 8 $\frac{1}{2}$ x 5 $\frac{1}{2}$. pap. 6/-.

ESSAYS

- PLESIS, I. D. du. Die mag van die woord: vyftig essays. Kaapstad, A. A. Balkema, 1952. 106 bl. 8 $\frac{3}{8}$ x 5 $\frac{3}{8}$. 15/-.

ROMANS EN VERHALE

- BEER, W. de. Verskuilde wraak. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1952. 207 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 5.
- BOTHA, Rina. Drakensnek. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 227 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 5. („Morester-biblioteek," nr. 71). 10/6.
- BRADSHAW-GILBERT, N. R. Waak teen die liefde. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 276 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 5. („Morester-biblioteek," nr. 73). 10/6.
- HEERDEN, A. van. Tastende hande. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1952. 235 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 5. karton. 10/6.
- HELM, Anton. Die geheimsinnige stem. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 235 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 5. 11/-.
- HENDRIKS, R. Soos die doderyk. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1952. 227 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{3}{8}$. 10/6.
- LOUW, David. 'n Nuwe dag. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 79 bl. 7 x 4 $\frac{3}{8}$. pap. („Leesgenotereeks," nr. 40). 1/6.
- MALHERBE, K., *samesteller*. Juwele wat steeds bekoor. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 111 bl. illus. 8 $\frac{1}{2}$ x 5 $\frac{3}{8}$. 10/-.
- MARAIS, André. Die pos bring die dood. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1952. 127 bl. 8 x 5 $\frac{1}{4}$. pap. 4/6 (4/9).
- MIKRO. Die geheimsinnige Salomo Rüdiger. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 199 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{3}{8}$.
- MOCKE, Annette. Onsigbare bande. Pretoria, Keurbiblioteek, 1952. 200 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{3}{8}$. 8/6 (vir lede 6/6).
- MÖLLER-MALAN, D. Die togryer en sy nôi. Pretoria, Keurbiblioteek, 1952. 216 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 5. 8/6 (vir lede 6/6).
- NESER, Regina. Die blom van Malana. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 292 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 5. („Moresterbiblioteek," nr. 72). 11/-.
- PIENAAR, B. L. Gesteelde erfenis. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 255 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{3}{8}$. 10/6.
- PIROW, Oswald. Sikororo. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 192 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{3}{8}$. 9/6.
- ROSE, F. H. Rots der eeue. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1952. 224 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 5. karton. 10/6.
- SCELLENDORF, Fritz Bronsart von. Vreugde en leed van 'n renostertjie; in Afrikaans verwerk deur F. J. Eybers. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 72 bl. illus. 7 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{3}{8}$. slap linne. 3/-.
- SITA. Soos 'n kosbare kleinood. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1952. 265 bl. 7 x 5. 11/- (11/6).
- SPENCE, Ela. Elizabeth. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1952. 299 bl. 7 x 4 $\frac{3}{8}$. 11/- (11/6).
- — —. Silwer vlerke. Pretoria, J. L. van Schaik, 1952. 144 bl. illus. 8 $\frac{1}{2}$ x 5 $\frac{3}{8}$. 12/6.
- STEENKAMP, Chris. Die laaste skakel. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1952. 205 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 5.
- TOIT, H. H. du. Op die syspoor. Pretoria, Keurbiblioteek, 1952. 212 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{3}{8}$. 8/6 (vir lede 6/6).
- VENTER, F. A. Die drosters. Johannesburg, Die drosdy boek-klub, 1952. 333 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 5. 12/6.
- — —. Swart pelgrim. Johannesburg, Boek-van-die-Maand-klub, 1952. 278 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{3}{8}$. 10/6.
- VERMAAS, H. J. Gekrenkte trots. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1952. 199 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 5 $\frac{1}{2}$. karton. (O.E.B. vii, 5). 11/6.
- VOORAANSTAANDE skrywers. Van man tot man: 'n bundel briewe. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 130 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{3}{8}$.

- WAAL, J. H. H. dc. Die verraad van Tamar. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1952. 235 bl. 7½ x 5. karton. 10/6.
- WALT, Rens van der. Die geheim van die seekat. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1952. 176 bl. 7½ x 5½. (O.E.B. vii, 7). 11/3.

TAALKUNDE

- BARNES, dr. A. S. V. 'n Tentatiewe kernwoordeskat in Afrikaans. Kaapstad, Nasionale boekhandel. s.j. [1952]. 155 bl. 8½ x 5½. bibl. karton. 17/6.
- ROUX, dr. T. II. le. Die voltooië deelwoord sonder *ge-* by werkwoorde op *-eer*. Pretoria, J. L. van Schaik, 1952. 32 bl. 8½ x 5½. pap. 2/6.
- VERHAGE, dr. J. A. 'n Sintakties-stilistiese studie van die dagregister van Jan van Riebeeck. Kaapstad, A. A. Balkema, 1952. 238 bl. bibl. 9½ x 6½. 15/-.

GESKIEDENIS

- JACOBS, J. F. Oranje, blanje, blou: die romantiek van die Vrystaatse dorpe. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 144 bl. 7½ x 5. karton. 9/6.

KINDERBOEKE

- AFRIKAANSE pers-boekhandel. Die goëlaar en ander speletjies. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 60 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Ons stokperdjie-reeks,” nr. 13).
- — —. Vliegtuie en eksperimente. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 64 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Ons stokperdjie-reeks,” nr. 12).
- ARIANA. Sikkie, die olifantjie. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 32 bl. 7½ x 4½. („Sonstraal-storieboekies,” nr. 98). 1/6.
- BOLLEN, J. Lank, lank gelede . . . Pretoria, Boekhandel Doussy, Antwerpen. De sikkie, 1952. 94 bl. illus. 8½ x 6½. pap. 6/3.
- FAURE, Stephanie, *red.* Lank mag sy lewe! en ander eenbedrywe. Pretoria, J. L. van Schaik, 1952. 62 bl. 8 x 5½. pap. 4/6.
- — —. Monoloë vir kinders. Pretoria, J. L. van Schaik, 1952. 31 bl. 7½ x 5½. pap. 2/6.
- — —. Monoloë vir seniors. Pretoria, J. L. van Schaik, 1952. 51 bl. 7½ x 5½. pap. 4/6.
- GREY, Zane. Woestyngoud; vertaal deur Willem van der Berg. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 270 bl. 7½ x 5. („Zane Grey-reeks,” nr. 9).
- KÖNIG, Juliet. Paulina van Diepwater. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 100 bl. illus. 7 x 4½. slap linne. 5/-.
- PALMER, Margaret, *en* HALBERSTADT, Antoinet. Die vreemdeling. Pretoria, J. L. van Schaik, 1952. 37 bl. illus. 8½ x 9½. karton. 7/-.
- POSTMA, Minnie. Meintjie raak verlief. Pretoria, J. L. van Schaik, 1952. 208 bl. 7½ x 5½. 10/6.
- ROSIE. Die spaarbus-varkie. Johannesburg, L. & S. boek- en kunssent, 1951. 30 bl. illus. 6½ x 6½. karton. 3/-.
- RUITER, E. H. W. de, *red.* As die aarde bewe. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 43 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” V, 6).
- — —. Die avonture van Huron, die ridder. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 45 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” IV, nr. 15). 3/6.
- — —. Beroemde ou verhale. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952, 57 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” IV, nr. 6).
- — —. Die Boesmans van Graslaagte. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 45 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” V, nr. 10).
- — —. Die geheim van die verlore posstukke. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 37 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” V, nr. 7). 4/6.
- — —. Die groot opoffering. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 40 bl. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” V, nr. 8). 4/6.
- — —. Jim Pikkenien. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 47 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” IV, nr. 3).
- — —. Kabouterstories. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 11 bl. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” III, nr. 5).
- — —. Die koei sonder stert. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 62 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” IV, 11).
- — —. Maltrap, die voorbok vier kersfees. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 58 bl. illus. 8½ x 5½. („Excelsiorboekies,” IV, nr. 8). 4/-.
- — —. Maryna en die goue fluit. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 44 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” IV, nr. 5).
- — —. Die nagmerrie van die vlei. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 60 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” IV, nr. 13).
- — —. Die put met die goue water. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 64 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” VI, nr. 9).
- — —. Die slag by die fort. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 36 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” IV, nr. 4).
- — —. „Slang! Slang!” Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 53 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” IV, nr. 12).
- — —. Die Sonstraalprinses. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 55 bl. illus. 8½ x 5½. slap linne. („Excelsiorboekies,” IV, nr. 7).

- RUITER, E. H. W. de, red. Speur en spanning. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 48 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{3}{8}$. slap linne. („Excelsiorboekies,” V, nr. 2).
- — — Tokman se glips. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 61 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{3}{8}$. slap linne. („Excelsiorboekies,” IV, nr. 10).
- — — Twee Sinterklaasstories. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 11 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{3}{8}$. slap linne. („Excelsiorboekies,” III, nr. 1).
- — — Die vastrap-bende. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 62 bl. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{3}{8}$. slap linne. („Excelsiorboekies,” VI, nr. 10).
- SMITH, Jurgen. Oom Magollie leer fietsry. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 60 bl. $7\frac{3}{8} \times 4\frac{7}{8}$. pap. („Sonstraal-storieboekies”), 2/6.
- SMITH, Topsy. Trompie, die held. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 148 bl. $7\frac{3}{8} \times 4\frac{7}{8}$. („Trompie-reeks,” nr. 9).
- — — Trompie die mooi seun. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 154 bl. $7\frac{3}{8} \times 4\frac{7}{8}$. („Trompie-reeks,” nr. 10).
- SPENCE, Ela. Die avonture van Wallie; geïllustreer deur F. Stocks May. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. [1952]. [32] bl. gekl. illus. $5\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$. pap. („Die môreson-boekies”), 2/6.
- — — By kabouter Pim; illustrasies van Naus van Leeuwen. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. [1952]. [12] bl. gekl. illus. $8\frac{3}{8} \times 7\frac{1}{2}$. pap. 1/6.
- — — By die kabouters; illustrasies van Naus van Leeuwen. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. [1952]. [12] bl. gekl. illus. $8\frac{3}{8} \times 7\frac{1}{2}$. pap. 1/6.
- — — Die kabouterapteek; illustrasies van Naus van Leeuwen. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. [1952]. [12] bl. gekl. illus. $8\frac{3}{8} \times 7\frac{1}{2}$. pap. 1/6.
- — — Miempie Muis se geheim; geïllustreer deur F. Stocks May. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. [1952]. [32] bl. gekl. illus. $5\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$. pap. („Die môreson-boekies”), 2/6.
- — — Oompie Uil se skool. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. [1952]. [32] bl. gekl. illus. $5\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$. pap. („Die môreson-boekies”), 2/6.
- — — Die tert van die kabouters; illustrasies van Naus van Leeuwen. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. [1952]. [12] bl. gekl. illus. $8\frac{3}{8} \times 7\frac{1}{2}$. pap. 1/6.
- TOIT, Kay du. Die koperspyker. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 81 bl. $7 \times 4\frac{3}{4}$. slap linne. 5/6.
- TRAAS, B. Drie-en-dertig kort gediggies. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 35 bl. illus. $7\frac{1}{2} \times 4\frac{3}{4}$. pap. („Sonstraal-storieboekies”), 2/-.
- GODSDIENS**
- BAVINCK, dr. J. H. Mense rondom Jesus. Kaapstad, H.A.U.M., 1952. 199 bl. $7\frac{3}{8} \times 5\frac{1}{2}$.
- DREYER, ds. Joh., en andere. U enigste troos: die Heidelbergse kategismus in 52 preke. Kaapstad, H.A.U.M., 1952. 335 bl. $9\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$.
- FOUCHÉ, N., en FOUCHÉ, R. God het die mens nie vergeet nie: wonderwerke in Suid-Afrika. Johannesburg, gedruk deur M.C. Drukker, s.j. [1952]. 96 bl. $7\frac{1}{2} \times 5$. pap.
- MURRAY, dr. Andrew. In die môre. Stellenbosch, C.S.V., 1952. 39 bl. $6\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$. pap. 1/3.
- OLIVIER, ds. P. L., samesteller. Wie is wie in ons sendingvelde? Kaapstad, N.G. kerkgewers, s.j. [1952]. 188 bl. illus. $7\frac{1}{2} \times 4\frac{7}{8}$. karton. 8/- (8/6).
- ROMM, dr. M. Pirkè aboth: leerstellings van die vaders; uit Hebreus vertaal. Johannesburg, gedruk deur M.C. Drukkers, s.j. [1952]. ix, 30 bl. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$. illus.
- SCHOLTZ, dr. G. D. Ons kerknaam. Pretoria, V. & R., drukkers, s.j. [1952]. 25 bl. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$. pap.
- SELMS, dr. A. van. Lig uit lig: die Christelike geloof volgens die belydenis van Nicea. Kaapstad, H.A.U.M., 1952. 172 bl. $7\frac{3}{8} \times 5\frac{1}{2}$.
- WALT, dr. S. J. van der. Die heilige huwelik. Kaapstad, H.A.U.M., 1952. 71 bl. $8\frac{3}{8} \times 5\frac{1}{2}$. pap.
- LOGIKA EN KENNISLEER**
- VLEESCHAUWER, Herman J. de. Handleiding by die studie van die logika en die kennisleer. Pretoria, J. J. Moreau & kie., 1952. xvi, 291 bl. bibl. $9\frac{3}{8} \times 6\frac{1}{2}$.
- PLANTKUNDE**
- LUCKHOFF, G. A. Die stapelieae van Suidelike Afrika/The stapelieae of Southern Africa. Kaapstad, Balkema, 1952. 283 bl. gekl. illus. 12×8 . 100/-.
- OPVOEDKUNDE**
- GROENEWALD, dr. A. J. 'n Handleiding in beroepsvoortligting. Johannesburg, Impala - opvoedkundige diens, 1952. 234 bl. bibl. $8\frac{3}{8} \times 5\frac{1}{2}$. 25/- (25/6).
- BIOGRAFIE**
- KRUGER, president S. J. P. President Kruger aan die woord: verkiesingsmanifeste, intreedes en toesprake; vertaal en van aantekeninge voorsien deur J. S. du Plessis. Bloemfontein, Sacum, s.j. [1952]. 157 bl. illus. bibl. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$. karton. 12/6.
- BOSBOU**
- WICHT, dr. C. L. Land en lewe. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 63 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$. slap linne. („Excelsiorboekies,” VI, nr. 7). 5/6.
- MUSIEK**
- CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Betowering. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. $13 \times 8\frac{1}{2}$. pap. (P.K. 100).

- CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Bielebamboo. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 92).
- — —. Ek hoor 'n melodie; gebaseer op „Valse des fleurs” deur Tschajkowsky. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 95).
- — —. Elsabe. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 98).
- — —. Helene. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 97).
- — —. Die hoë polvy. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 89).
- — —. Hoekom het die haantjie oor die pad gestap? Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 88).
- — —. Kafeetjie om die hoek. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 99).
- — —. Pasop vir die maan. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 101).
- — —. 'n Vlooi is 'n ding wat byt. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 96).
- COBB, Harold, en POMPIES, Piet. Moe-nie aan my vat nie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 107).
- COBB, Harold, en WAAL, Anton de. Astertjie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 94).
- — —. Goeie môre. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 103).
- — —. Lammie se baard. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 104).
- COBB, Harold, en WAAL, Anton de. Rita. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 102).
- HUMAN, Fred. Boemtjie Boemtjie. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, 1952 [2] bl. 11 x 8½. pap. (P.A. 334). 2/-.
- JAGER, H. J. de. Musiekgeskiedenis deur die eeue. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 193 bl. bibl. illus. 8½ x 5½. („Geskenkboeke.” nr. 22). 12/6.
- LOGGERENBERG, Hansie van. Die ghoema-dans. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, 1952. [3] bl. 11 x 8½. pap. (P.A. 258). 2/-.
- — —. Herinnerings. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika s.j. [1952]. [3] bl. 10¾ x 8½. pap. (P.A. 259). 2/-.
- — —. Sy kan nie kos kook nie. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, 1952. [2] bl. 11 x 8½. pap. (P.A. 330). 2/-.
- LOUBSER, Elise. Jy's my liefste nooi. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, 1952 [3] bl. 10¾ x 8. pap. (P.A. 257). 2/-.
- POHL, Jan. Waar het jou memma vir jou gekry? Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, 1952. [3] bl. 10¾ x 8½. pap. (P.A. 331). 2/-.
- — —. Die „wurmlied.” Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. [2] bl. 11½ x 8½. pap. (P.A. 319). 2/-.
- POMPIES, Piet. Antjies, die rooi-bruinen. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 106).
- — —. Haar pa wou nie gaan slaap. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 105).
- SEGAL, Charles, en WAAL, Anton de. Lieflik soos 'n roos. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K. 90).

A.P.B.

